



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

1981-10-30

1982-08-27

1983-10-13

1984-04-30

1984-07-31

1984-08-31

1985-07-31

1984-05-18

TERUG



182572209F

000050052



2844363866



001.3072068 HSRC KOMM 16



* 0 5 6 0 0 5 *

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

**DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP ENKELE
PERSOONLIKHEIDSTRUKTURE VAN 'N
GROEP AFRIKAANSSPREKENDE
STANDERD AGT-LEERLINGE**

D.P. VAN VUUREN, M.A., D.Phil.

**INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIE NAVORSING
DIREKTEUR: DR. P.C.J. JORDAAN**

**PRETORIA
1979**

Verslag nr. **KOMM-16**

VOORWOORD

Televisie is reeds vir enkele jare aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap bekend. Die invloed van hierdie massakommunikasiemedium op die kind is 'n saak wat allerweë belangstelling wek. Vir die kind egter, is televisiekyk 'n baie gewilde tydverdryf. Navorsers in die VSA het onder andere vasgestel dat die kind gedurende sy skoolloopbaan ongeveer dieselfde tyd voor die televisiestel deurbring as op die skoolbanke.

Die koms van televisie in Suid-Afrika het unieke navorsingsgeleenthede geskep omdat die RSA die laaste Westers-geïndustrialiseerde gemeenskap is waar televisie ingestel is, en waar van voor- en na televisieopnames gebruik gemaak kan word om die invloed van televisie te ondersoek.

Baie min gegewens is beskikbaar oor die invloed van televisie op die kind se persoonlikheid. In hierdie studie, gebaseer op gegewens wat in 1974 en 1976 deur die RGN ingesamel is, word 'n poging aangewend om die invloed wat televisie op enkele persoonlikheidsstrukture by 'n groep adolessente mag hê, te bepaal.

Hierdie verslag is uitgebrei tot 'n proefskrif vir 'n D.Phil-graad in Sielkunde wat die skrywer aan die Universiteit van Pretoria verwerf het.

Wvd.  PRESIDENT

RGN BIBLIOTEK HSRC LIBRARY		
1979 -08- - 3		
STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMM 16 BESTELNOMMER G	REGISTERNOMMER 043452	3

INHOUDSOPGAW

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	(v)
ERKENNING	(vi)
 HOOFSTUK	
1. INLEIDING, AGTERGROND EN DOELSTELLING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 BEGRIPSOMSKRYWING	2
1.3 LITERATUUROORSIG	8
1.3.1 Inleiding	8
1.3.2 Persoonlikheid in algemeen populêre sin	10
1.3.3 'n Kliniese benadering	11
1.3.4 Behoeftestrukturele benadering	11
1.3.5 Die invloed van televisie op enkele persoonlikheidsdimensies	15
1.3.6 Kan televisie persoonlikheid verander?	15
1.4 PROBLEEMSTELLING EN DOEL	18
2. METODOLOGIE	20
2.1 AGTERGROND	20
2.2 METING VAN PERSOONLIKHEID	22
2.3 DIE VRAELYS (QUESTIONNAIRE) - METODE	24
2.4 MEETINSTRUMENTE	25
2.5 NAVORSINGSONTWERP	36
2.5.1 Metode	36
2.5.2 Afparing	40
2.5.3 Identifisering van steuringsveranderlikes	40
2.5.4 Die ondersoekgroepe	50
2.6 INSAMELING VAN DIE GEGEWENS	51
2.7 OPSOMMING	57
3. RESULTATE	58
3.1 INLEIDING	58
3.2 VERGELYKING VAN DIE 1976-TELEVISIEKYKERS MET DIE NIE-TELEVISIE-KYKERS VOOR AFPARING	58

INHOUDSOPGAW (vervolg)

	BLADSY	
3.3	VERGELYKING VAN DIE GEGEWENS VOLGENS METODE I	60
3.4	VERGELYKING VAN DIE GEGEWENS VOLGENS METODE II	67
4.	BESPREKING VAN DIE RESULTATE	73
4.1	INLEIDING	73
4.2	METODOLOGIE	73
4.3	RESULTATE	75
4.3.1	Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV)	75
4.3.2	Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF)	79
4.4	TOTAALBEELD	82
4.5	OPSOMMING	89
5.	IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK	91
5.1	INLEIDING	91
5.2	IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN TELEVISIENAVORSING	91
5.3	IMPLIKASIES VIR DIE TELEVISIEREGISSEUR EN PROGRAMBEPLANNER	92
5.4	ALGEMENE BREë SOSIALE IMPLIKASIES	92
5.5	IMPLIKASIES VIR PERSOONLIKHEIDSTEORIE	93
5.6	AANBEVELINGS	94
5.7	SLOT	95

TABELLE

	BLADSY
1.1 INDELING VAN VERSKILLENDE DEFINISIES VAN PERSOONLIKHEID	6-7
2.1 VERDELING VAN STANDERD AGT-STEELPROEF VAN 1974 VOLGENS GESLAG, STEDELIK/NIE-STEDELIKE GEBIEDE, PROVINSIE EN TAALMEDIUM	41
2.2 VERSKILLE TUSSEN GOEIE, REDELIKE EN SWAK GESONDHEIDSBELEWERS BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1974 TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE	42-44
2.3 VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE IN HOË-, MIDDEL- EN LAE SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEPE BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1974 TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE	44-46
2.4 VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE IN HOË-, MIDDEL- EN LAE IK-GROEPE BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE	47-48
2.5 VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE WOONAGTIG IN STEDELIKE EN NIE-STEDELIKE GEBIEDE BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE	49
3.1 VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE BY TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS ONDER 'N GROEP STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1976	59
3.2 VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN PHSF-KOMPONENTE BY TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS ONDER 'N GROEP STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1976	60
3.3 VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN AFGEPAAARDE TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	61-62
3.4 VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN SEUNS AFGEPAAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	62-63
3.5 VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN MEISIES AFGEPAAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	63-64

TABELLE (vervolg)

BLADSY

3.6	VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN AFGEPAARDE TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	64
3.7	VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN SEUNS AFGEPAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	65
3.8	VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN MEISIES AFGEPAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE	66
3.9	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLINGS VIR DIE TOTALE GROEP	67-68
3.10	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 (VOOR DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) NA 1976 (NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLINGS (SEUNS)	68-69
3.11	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 (VOOR DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) NA 1976 (NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLINGS (MEISIES)	69-70
3.12	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS VIR DIE TOTALE GROEP	70-71
3.13	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS (SEUNS)	71-72
3.14	VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS (MEISIES)	72
4.1	BETEKENISVOLLE VERSKILLE TUSSEN DIE 1976-TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN DIE HSPV EN DIE PHSF VOOR- EN NA AFPARING	74

SUMMARY

In this study, which forms part of a more extensive project undertaken by the HSRC to determine the influence of television on school-going young people, the influence of this mass communication medium on the personality of Afrikaans-speaking Standard Eight pupils is investigated. These pupils were tested in 1974 (prior to the introduction of television) and in 1976 (after its introduction). A control group, which had had no access to television were paired off with the experimental group and tested with the same measuring instruments in the same years. Differences between the experimental and control groups in respect of scores as obtained on the High School Personality Questionnaire (HSPQ), and the Personal, Home, Social and Formal Relations Questionnaire (PHSF) indicate that television had an influence on certain personality dimensions in the case of the experimental group. Television apparently influenced the viewers to be more hearty in their interpersonal relations, to have a greater preference for social participation and group activities and to be more vigorous than the non-television viewers. Some possible explanations for this finding are offered.

OPSOMMING

In hierdie studie, wat deel vorm van 'n groter projek wat deur die RGN onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal, word die invloed van hierdie massakommunikasiemedium op die persoonlikheid van Afrikaanssprekende standaard agt-leerlinge ondersoek. Hierdie leerlinge is in 1974 (voor die instelling van televisie) en in 1976 (na die instelling van televisie) getoets. 'n Kontrolegroep, wat geen toegang tot televisie gehad het nie, is met die eksperimentele groep afgepaar en in dieselfde jare met dieselfde meetinstrumente ondersoek. Verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe ten opsigte van tellings soos verkry op die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV), en die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) dui daarop dat televisie 'n invloed op sekere persoonlikheidsdimensies by die eksperimentele groep gehad het. Televisie het blykbaar die kykers beïnvloed om meer hartlik in hul interpersoonlike verhoudings te wees, meer te hou van sosiale deelname en van groepsaktiwiteite, en meer lewenskragtig as die nie-televisiekykers te wees. Enkele moontlike verklarings word aangebied vir hierdie bevinding.

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier provinsies en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies oorgedra:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het.

Die volgende persone dien tans in die ad hoc-komitee van die projek KOMM 11:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Nataise Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Prof. C. Rip*	Universiteit van Suid-Afrika
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasie-navorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasie-navorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

*Intussen oorlede

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND EN DOELSTELLING

1.1 INLEIDING

Op 5 Januarie 1976 is die eerste amptelike televisieuitsendings van die nuwe uitsaaisentrum van die SAUK in Aucklandpark deur middel van senders dwarsoor die land gebeeldsaai. Die RSA was die laaste Westers-geïndustrialiseerde gemeenskap op aarde waar hierdie kragtige massakommunikasiemedium wat die mens nog ontwikkel het, ingestel is (Harrison en Ekman, 1976).

Soos die uitvinding van die boekdrukkuns, het die totstandkoming van televisie potensiëel groot invloed op die mens. Naas eet, slaap en werk is televisiekyk die een aktiwiteit wat die meeste by die moderne mens voorkom (vgl. Brown, 1976, p. 19). Dit word in die VSA bereken dat 'n kind wat vandag gebore word, teen die tyd wat hy agtien jaar oud is, meer tyd aan televisiekyk sal bestee het as aan enige ander enkele aktiwiteit, behalwe slaap (Liebert, Neale en Davidson, 1973). Anders as wat die geval is met die boekdrukkuns, is televisie slegs vir enkele dekades aan die mens bekend, en is die uitwerking daarvan, veral op die kind, nie duidelik uitgestippel nie, en is daar baie vrae wat nog onbeantwoord is.

Die eerste televisiepatent is so vroeg as 1884 in Duitsland uitgereik. In Engeland het die pionier John L. Baird reeds in 1926 'n volledige televisiestelsel ontwikkel. In 1927 is die eerste langafstandtelevisieuitsending oor 'n afstand van 200 myl gebeeldsaai, toe Herbert Hoover in 'n ateljee in Washington gepraat, en die klank en beeld in New York ontvang is. Die eerste openbare televisieprogram is in 1936 van die BBC se ateljees in London uitgestraal en in die VSA het die National Broadcasting Company in 1939 gereelde uitsendings aangebied. Teen 1941 kon 'n deel van die Amerikaanse publiek na sportuitsendings kyk, en dit was slegs die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog wat die skouspelagtige ontwikkeling van hierdie medium (tydelik) kon stuit.

Die verspreiding van televisie kan in elke land waar dit ingestel is, as fenomenaal beskryf word. In die VSA is daar byvoorbeeld in 1949 een miljoen televisiestelle verkoop, in 1951 tien miljoen en teen 1960 meer as vyftig miljoen. Tans is daar meer televisiestelle in Amerikaanse huise as enige ander elektriese toestel (Liebert, Neale en Davidson, 1973). Die vraag ontstaan nou: Waarom is televisie so gewild? Hierdie vraag is steeds een van die kernvrae in televisie-navorsing, en ongelukkig is slegs enkele pogings tot verklaring daarvan tot dusver aangewend (vgl. Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958; Noble, 1975; en Brown, 1976). In aansluiting by hierdie vraag is dit egter veral vrae oor die invloed van televisie op kinders, wat navorsing oor hierdie medium die nodige

inspuiting gegee het. Op die oomblik is daar reeds uitgebreide kennis oor sekere aspekte van die invloed van televisie op die kind. Daar bestaan egter steeds groot leemtes. [Brown (1976) meen "... it is surprising, ... that so few books have been published which deal with children and television" (p. 7).]

Een van die belangrikste redes waarom navorsing en kennis van die invloed van televisie op die kind gebreke toon, is die afwesigheid van vergelykbare kontrolegroepe, waarmee kinders wat aan die medium blootgestel is, vergelyk kan word.

Die onderhawige studie vorm deel van 'n breë ondersoek wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die invloed van televisie op die skoolgaande jeug onderneem word. Dit belig die probleem van die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind, 'n gebied wat, vir sover vasgestel kon word, nog heeltemal onontgin is. Omdat die Instituut vir Kommunikasienavorsing reeds voor die instelling van televisie in 1974 opnames kon maak, was dit moontlik om die unieke navorsingsgeleentheid ten volle te benut.

1.2 BEGRIPSOMSKRYWING

In hierdie verslag word daar twee terme, naamlik kommunikasie en persoonlikheid gebruik wat verdere omskrywing vereis aangesien daar in die literatuur verskillende betekenisse aan die betrokke terme geheg word.

1.2.1 Kommunikasie

Die feit dat televisie, in hierdie ondersoek die afhanklike veranderlike, 'n massakommunikasiemedium is, maak 'n omskrywing van die begrip kommunikasie noodsaaklik.

Die H.A.T. definieer die begrip kommunikasie as kennisgewing, mededeling, verbinding. Die woord is afgelei uit die Latyn communis, waar com, saam en munis, diensvaardig beteken (Blignaut, 1967).

Kommunikasie kan egter uit verskillende oogpunte benader word, wat die omskrywing daarvan grotendeels bemoeilik (Beyers, 1969). So kan die begrip uit 'n sielkundige, sosiologiese, opvoedkundige en antropologiese vakgebied beskryf word. Cherry is byvoorbeeld van mening dat "communication is ... still not a unified subject, to any degree, but is studied within many academic disciplines, in various ways" (Eysenck, 1972). Kommunikasiekunde is egter besig om in 'n selfstandige vakgebied te ontwikkel soos die instelling van departemente van Kommunikasiekunde aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite getuig.

Die sielkundige en sosiologiese benaderings tot hierdie begrip word vervolgens kortliks bespreek.

In Suid-Afrika kan Blignaut (1967), Beyers (1969) en Fourie (1968) se werke as voorbeelde van die sielkundige benadering tot kommunikasiekunde genoem word. By hierdie benadering word die individu as uitgangspunt geneem.

Behoeftbevrediging speel by die sielkundige benadering 'n belangrike rol by die omskrywing van kommunikasie. Die persoon wat kommunikeer het behoefte daaraan om iets te deel, te openbaar, iets bekend te maak. Die persoon aan wie die kommunikasie gerig word, aanvaar of verwerp dit na gelang dit in sy behoeftes voorsien of nie (Fourie 1968).

Blignaut (1967) onderskei tussen organismiese kommunikasie, intrakommunikasie en interkommunikasie. Organismiese kommunikasie, wat by sowel mens as dier voorkom, het te make met die fisiese behoeftes van die organisme wat op 'n fisiese vlak met hom kommunikeer. Die behoefte aan kos, byvoorbeeld, kommunikeer deur die hongerdrang met die organisme. Hierdie basiese organismiese behoeftes funksioneer by die mens op 'n baie komplekse en dinamies ineengestremde wyse. In vergelyking met diere is dit by die mens op vlakke ver bokant die suiwer organismiese werksaam.

Wanneer intrakommunikasie voorkom vind dinamiese verwerking en integrasie op intellektuele, emosionele en hoër geestelike vlak by die individu self plaas. Die persoon kommunikeer dus met homself. Volgens Blignaut (1967) gaan organismiese kommunikasie intrakommunikasie vooraf, maar vind desnieteenstaande ook tegelykertyd daarmee plaas (p. 5).

Interkommunikasie vind plaas wanneer die persoon met ander persone na buite in wisselwerking kommunikeer.

Hoewel Blignaut (1967, p. 14) konstateer dat massakommunikasie 'n verskynsel van die moderne tyd is, het gemeenskappe of groepe mense altyd behoefte gehad aan 'n kommunikasiestelsel wat hulle kan waarsku teen gevare, om opinies te versprei, om mense te vermaak en om kennis oor te dra. Hierdie behoefte is grotendeels deur middel van interkommunikasie gehanteer. Deur die eeue is daar egter verskillende massamedia ontwikkel, byvoorbeeld oerwoudtromme, rooktekens en klokke (Fourie, 1968) om die interkommunikasie aan te vul.

Moderne massakommunikasie het met die ontwikkeling van skrif en die drukkuns sy beslag gekry. Tegnies ingewikkelde media soos die rolprent, radio en televisie het van die massamedia gesofistikeerde en doeltreffende kommunikasiemedie gemaak.

Die proses van massakommunikasie word deur Schramm (1965) deur die volgende vier voorwaardes vir doeltreffende kommunikasie beskryf:

- a. Die boodskap moet sodanig ontwerp en gelewer word dat dit die aandag van die beoogde bestemming bereik.
- b. In die boodskap moet tekens gebruik word wat na die ervaring van beide die bron en die bestemming verwys.
- c. Die boodskap moet persoonlikheidsbehoefte by die bestemming opwek en wyses suggereer hoe om hierdie behoeftes te bevredig.
- d. Die boodskap moet wyses suggereer wat daardie behoeftes bevredig wat van toepassing is in die groepsituasie waarin die bestemming homself bevind wanneer hy beweeg word om die gewenste respons te maak.

Die sosiologiese benadering ten opsigte van kommunikasie lê, in teenstelling met die sielkundige benadering meer klem op kommunikasie van die mens in groepsverband - wat uiteraard taamlik met bostaande bespreking ooreenstem. Vir Rhodie (1967) ontstaan die sosioloog se belangstelling in kommunikasie daarin dat die kern van die sosiologie, te wete die sosiale gedrag van die mens, deur kommunikasie moontlik gemaak word. "Sonder die vermoë om te kan kommunikeer kan die mens geen sosiale wese wees nie en verval die grondslag van sosiaal nuttige aktiwiteite. Sonder kommunikasie is geen kuns, wetenskap, letterkunde, politieke sisteme en naastediens moontlik; kortom, sonder kommunikasie kan geen beskawing en geen kultuur bestaan nie" (p. 4).

Kommunikasie as afsonderlike spesialisingsgebied van die sosiologie het egter eers van die middel van hierdie eeu af ontstaan, met veral Paul Lazarsfeld as baanbreker (Rhodie, 1967). Rhodie stem egter saam met Schramm dat: "Communication, of course, has not become an academic discipline, ... but it has become an extraordinarily lively area of research and theory. It is one of the busiest crossroads in the study of human behaviour, which is understandable because communication is a - perhaps the fundamental social process" (Rhodie, 1967, p. 6).

Uit die voorafgaande bespreking kan dus gesien word dat die begrip massakommunikasie 'n groot verskeidenheid vlakke en nuanses omvat en dat 'n eenduidige definisie daarvan baie moeilik geformuleer sal kan word.

Vir die doel van hierdie studie sal die volgende definisie van Larsen (1964) as 'n werksdefinisie aanvaar word:

"(mass communication is) ... the relatively simultaneous exposure of large heterogeneous audiences to symbols transmitted by impersonal means from an organized source for whom audience members are anonymous" (Fourie, 1968, p. 4).

1.2.2 Persoonlikheid

Omdat die begrip persoonlikheid in so 'n wye konteks gebruik word, en daar soveel betekenis aan die woord gegee word, is dit nodig om dit vir die doel van hierdie studie te definieer. In algemeen-populêre sin kan twee breë betekenis aan die begrip persoonlikheid gekoppel word. Eerstens word persoonlikheid gesien na gelang van sosiale vaardigheid of oorreringsvermoë, waar 'n persoon met 'n goeie persoonlikheid een is wat sosiaal vaardig is, en maklik aanvaar word. Hierdie siening is veral belangrik vir die ontwikkelende adolessent (vgl. Hurlock, 1974, p. 5, asook Hall en Lindsey, 1970, p. 7). Volgens 'n tweede populêre siening wat onderskei kan word, word persoonlikheid beskou as dit wat 'n indruk op mense maak. So mag 'n persoon dan 'n aggressiewe persoonlikheid of 'n onderdanige persoonlikheid besit. In bogenoemde gevalle is daar 'n element van evaluasie teenwoordig, waar die persoonlikheid van 'n individu as goed of sleg beskou word (Hall en Lindsey, 1970, p. 7 - 8).

Die woord persoonlikheid is afgelei van die Latynse woord persona, wat masker, beteken. Griekse akteurs het 'n masker gebruik om hul identiteit op die verhoog weg te steek, en die Romeinse akteurs het hierdie gebruik oorgeneem (Hurlock, 1974, p. 6; Maas, 1975, p. 3). Van die akteur af is die persona veralgemeen na alle mense toe omdat die suggestie van 'n wesensverandering, en nie slegs 'n uiterlike verandering op die verhoog plaasgevind het nie (Maas, 1975, p. 3).

Die pionier in die wetenskaplike pogings om die begrip persoonlikheid bevredigend te definieer is Allport, wat reeds in 1937 byna vyftig definisies in die literatuur kon identifiseer (Hurlock, 1974, p. 6). Waar Allport ses soorte definisies van persoonlikheid gerapporteer het, het Hall en Lindsey (1970) dit na sewe kategorieë uitgebrei. Arndt (1974) en Maas, (1975) se indeling stem in 'n groot mate ooreen met bogenoemde skrywers, maar bevat tog enkele addisionele kategorieë. In tabel 1.1 word 'n oorsig van die verskillende teorieë aangebied.

Bogenoemde indeling is baie arbitrêr en skrywers verskil baie van mekaar oor die metode van indeling, asook oor die plek wat sommige teoretici in die indeling behoort in te neem. Soos Maas (1975) dit stel, is dit "egter nuttig omdat dit 'n oorsig bied oor die hele diverse spektrum van verskillende denkrigtings ten opsigte van persoonlikheid" (p. 7).

Dit is dus duidelik, dat daar nie een omvattende persoonlikheidsteorie bestaan wat bevredigend in alle opsigte is nie. Hall en Lindsey (1970) lê egter veral klem op die empiriese navorsing wat deur 'n teorie gestimuleer is, en beskou dit as een van die belangrikste faktore by die evaluering van 'n persoonlikheidsteorie. "However vague and poorly developed the theory, and however inadequate its syntax and empirical definitions, if it can be shown to have had a generative

TABEL 1.1

INDELING VAN VERSKILLENDE DEFINISIES VAN PERSOONLIKHEID

INDELING DEUR	SOORT DEFINISIE	BESKRYWING	TEORETIKUS
(Maas, 1975) (Hall en Lindsey, 1970)	PERSOONLIKHEID AS STIMULUS (BIOSOSIALE DEFINISIES)	Sosiale stimuleer- waarde	Populêr
(Maas, 1975) (Hall en Lindsey, 1970)	PERSOONLIKHEID AS RESPONS (BIOFISIESE DEFINISIES)	Sekere objektiewe manifestasies van gedrag	Allport Watson Wolpe Eysenck Cattell
(Hall en Lindsey, 1970) (Arndt, 1974) (Maas, 1975)	OMNIBUSDEFINISIES	Persoonlikheid is die som van 'n per- soon se samestel- lende dele	Historiese waarde. Prince
(Arndt, 1974) (Hall en Lindsey, 1970) (Maas, 1975)	INTEGRASIEDEFINISIES	Persoonlikheid is meer as die som van die dele	Guilford Allport Cattell
(Maas, 1975) (Hall en Lindsey, 1970)	TOTALITEITSDEFINISIES (ORGANISMIESE DEFINISIES)	Die integrasie by totaliteitsdefini- sies word so ver- gevoer dat die samestellende dele verwaarloos word	Goldstein Maslow
(Arndt, 1974) (Maas, 1975) (Hall en Lindsey, 1970)	PERSOONLIKHEID AS AAN- PASSING	Persoonlikheid is die individu se ken- merkende patroon van aanpassing	Allport
(Arndt, 1974)	HIERARGIESE DEFINISIES	Die fokus is op die vlakke van integra- sie	Freud

TABEL 1.1 (vervolg)

INDELING DEUR	SOORT DEFINISIE	BESKRYWING	TEORETIKUS
(Hall en Lindsey, 1970)	PERSOONLIKHEID IS UNIEK	Persoonlikheid word gelykgestel met unieke of individuele aspekte van gedrag	Allport
(Hall en Lindsey, 1970)	PERSOONLIKHEID IS DIE ESSENSIE VAN DIE MENS	Persoonlikheid is die deel van die individu wat die verteenwoordigendste van hom is	Allport

effect upon significant areas of research we would have to conclude that it passes the crucial test" (p. 20).

'n Verdere belangrike kenmerk van persoonlikheidsteorie vir navorsing is dat dit 'n nuttigheidswaarde moet hê, waarvolgens individuele verskille tussen mense bepaal kan word. Meting is 'n wesenskenmerk van empiriese navorsing, en om prakties bruikbaar te wees volgens meting, moet die betrokke persoonlikheidsdefinisie individuele verskille beklemtoon (vgl. Maas, 1975, p. 7 - 8; Hall en Lindsey, 1970, p. 11).

Cattell se faktoranalitiese teorie is dan 'n "besonder bruikbare verwysingsraamwerk vir enige navorsing waarin persoonlikheidseienskappe kwantitatief gemeet word" (Maas, 1975, p. 8). Verder kan dit sonder vrees vir teëspraak gestel word dat Cattell se teorie baie navorsing gestimuleer het (vgl. byvoorbeeld Cattell en Dreger, 1977).

Cattell (1950) is baie versigtig om homself met 'n volledige definisie van persoonlikheid te kompromiteer. Hy gaan egter van die standpunt uit dat persoonlikheid 'n vaste, meetbare struktuur besit: "we know that there are unitary common traits or dimensions in personality, that is, personality has a structure as the human body does in its organs" (Cattell, 1973, p. 5).

Persoonlikheid word dan soos volg omskryf "It is necessary only to give a denotative definition, by indicating the fields of phenomena to be studied and the kind of principle or law at which we should aim. Within preliminary outline of the object of study presented by such a definition our inquiry can proceed. For this purpose we may say: Personality is that which permits a prediction of what a person will do in a given situation" (Cattell, 1950, p. 2, Maas, 1975, p. 11)

Hierdie definisie word dan ook as werksdefinisie vir persoonlikheid in hierdie studie gebruik.

1.3 LITERATUUROORSIG

1.3.1 Inleiding

Navorsing oor die invloed van televisie op kinders het spoedig na die instelling van televisie in die meeste Westerse lande 'n aanvang geneem. Omdat hierdie ondersoeke eers ná die instelling van televisie gedoen is, was vergelykings met toestande voor televisie baie moeilik. Leo Bogard beskryf die situasie in Amerika soos volg: "Unfortunately no research group - commercial or academic - undertook, while there was still opportunity to do so, a systematic study, over

a period of time, of the social changes which television brought in its wake. To describe American life before television, we must reconstruct it from memory or from documents" (Robinson, 1969, p. 211).

Ten spyte van hierdie probleem, was daar tot 1958 'n hele aantal navorsers wat hulle besig gehou het met die bestudering van die invloed van televisie op die kind: Riley, Cantwell en Ruttiger (1949), Lewis (1949), Battin (1952), Clark (1951), Fagar en Smith (1951), Maccoby (1951), Fine en Maccoby (1952), Silvey (1952), Greenstein (1954), Maccoby (1954), Parker (1954), Lazarsfeld (1955), Gratiot-Alphandéry (1956), Hakuhodo Advertising Company (1956), Albert (1957), Cunningham en Walsh (1958). 'n Verskeidenheid spesifieke onderwerpe, soos byvoorbeeld die invloed van televisie op 'n groep laerskool leerlinge se skoolpunte, op die gesinslewe en op vryetydsbesteding is ondersoek.

Hierdie ondersoeke het egter nie 'n omvattende beeld van die probleem gegee nie en toon sekere basiese ontwerpprobleme, byvoorbeeld te klein steekproewe. Gedurende die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare is daar vier omvangryke studies oor die invloed van televisie op kinders gedoen. Die eerste studie, wat vandag as die pionierswerk op hierdie gebied beskou word, is gedurende die jare 1955-56 in Brittanje uitgevoer deur Himmelweit, Oppenheim en Vince. Hulle bevindinge is in 1958 in die bekende boek "Television and the Child" gepubliseer. Ongeveer dieselfde tyd het Maletzke (1959) van die Hans Bredow Instituut in Hamburg, Wes-Duitsland, ook 'n ondersoek gedoen, terwyl Takeo Furu (Japan) in 1962 'n publikasie die lig laat sien het met die titel "Television and Children's life: A before-after study". In die VSA het Schramm, Lyle en Parker (1961) 'n verdere uitgebreide ondersoek gedoen.

Gedurende die sestigerjare het navorsing nie stilgestaan nie, en verskeie ander kleiner ondersoeke is gepubliseer: Becker en Wolfe (1960), Belson (1960), Markowski (1960), Mehling (1960), Panski (1960), Ukawa (1960), Bandura en Huston (1961), Bandura, Ross en Ross (1961), Gratiot-Alphandéry en Rousselet (1961), Stückrath (1961), Witty (1961), Berkowitz (1962), Bandura, Ross en Ross (1963), Berkowitz en Rawlings (1963), Bandura en Mischel (1965) en Harper et al. (1966).

Hierdie studies bestaan hoofsaaklik uit laboratoriumeksperimente oor die invloed van televisiegeweld op kinders. Navorsing oor hierdie onderwerp kom in toenemende mate in die literatuur van die laat sestigerjare, en vroeë sewentigerjare voor. In die jongste tyd, veral deur die werke van Noble (1975) en Brown (1976) word die klem weer meer gelê op die sosialiseringseffek van televisie, en die moontlike positiewe invloed wat dit op die kind mag hê.

By die bespreking van die invloed van televisie op die persoonlikheidsstruktuur van die kind, sal die klem in die besonder op persoonlikheid in die suiwer teg-

niese verband val. Hiermee word bedoel dat die persoonlikheid van die kind gesien word as 'n meetbare teoretiese konstruk.

Eerstens sal daar gelet word op die studies wat gedoen is oor die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind, dit is persoonlikheid in die algemeen populêre sin. Daarna sal die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind uit 'n kliniese oogpunt bespreek word. Verder sal 'n behoeftestrukturele benadering aangesny word, dan sal 'n persoonlikheidsdimensionele benadering bespreek word, en laastens sal daar ingegaan word op die vraag of persoonlikheid wel moontlik sou kon verander as gevolg van blootstelling aan televisie.

1.3.2 Persoonlikheid in algemeen populêre sin

Persoonlikheid behoort 'n groot rol in die interaksie tussen televisie en kinders te speel. Voorbeelde hiervan is die wye spektrum van programkeuses wat gemaak word, en die verskillende behoeftes wat moontlik 'n rol speel by die keuse van programme (Instituut vir Massakommunikasie van die Nijmeegse Universiteit, 1966). Ten opsigte van die tyd wat 'n kind voor die televisiestel bestee, meen Himmelweit et al. (1958) dat persoonlikheid 'n belangrike rol speel.

"One important factor determining the amount of time a child watches television and the importance viewing assumes for him, lies in the personality of the child" (p. 34).

Persoonlikheid is ook 'n belangrike determinant by die reaksies van die kind op die inhoud van televisieprogramme. Die mate waarin die kind hom identifiseer met karakters op die skerm, en die mate waarin hy bang word of omgekrap raak deur die programme, is grotendeels 'n funksie van sy persoonlikheidsopset en dinamika. Die sogenaamde televisieverslaafde word ook deur Himmelweit et al. (1958) volgens persoonlikheidskenmerke beskryf. "... personality make-up tends to be at least equally important, and here an addict type emerged who is not exclusive to television, his emotional insecurity and maladjustment seem to impel him towards excessive consumption of any available mass medium" (p. 29).

Die vraag ontstaan dan of televisie wel sulke radikale persoonlikheidsveranderinge kan teweegbring dat 'n normale kind daardeur sy emosionele ewewig kan verloor.

Schramm et al. (1961) meen dat dit nie moontlik is nie, en dat televisie hoogstens 'n proses wat reeds aan die gang is, kan verhaas. Die probleem met die resultate van die betrokke studies is dat persoonlikheid nie as 'n duidelik gedefinieerde, meetbare konstruk omskryf word nie, maar dat daar in baie vae algemene terme 'n aanduiding gegee word van wat die skrywer met persoonlikheid bedoel. Van gestandaardiseerde persoonlikheidsmeetinstrumente is daar nie sprake nie.

1.3.3 'n Kliniese benadering

Freedman (1961) bespreek uit 'n kliniese oogpunt die invloed wat televisie mag hê. In die eerste plek meen hy dat die negatiewe uitwerking van televisie op intelligente, normale kinders uit harmonieuse huise relatief klein behoort te wees. Andersyds mag kinders met skisoïde, historiese of psigopatiese neigings wel nadelig beïnvloed word deur televisieprogramme. Ongelukkig is daar in hierdie gevalle baie min of geen empiriese gegewens beskikbaar nie. Verdere kliniese gegewens oor die moontlike invloed wat televisie op die persoonlikheid van die kind mag hê, word deur Halpern (1975) verskaf. Volgens waarnemings van kinders jonger as drie jaar, wat na 'n kinderleidingkliniek gebring is vir 'n verskeidenheid van gedragsafwykings, het dit geblyk dat hulle sekere handeling herhaaldelik uitgevoer het. Dit is vasgestel dat dit waarskynlik aan die program Sesame Street toegeskryf kan word.

"The latter, in particular, had left its mark on the behaviour of the children, who compulsively recited serial numbers and letters learned from Sesame Street. Usually these recitations occurred in the absence of any apparent cues. While they delivered themselves of these speech fragments, the children often inspected their inanimate surroundings like restless, wound-up robots" (p. 68).

1.3.4 Behoeftestrukturale benadering

Die verband tussen behoeftes en massamediegebruik is reeds van die veertiger jare af ondersoek. Trouens, die voor-die-handliggende vraag by die studie van die invloed van televisie is juis watter behoeftes van die individu deur hierdie medium bevredig word. Hieruit ontstaan dan ook verdere vrae soos, kan 'n medium soos televisie nuwe behoeftes prikkel en na vore bring, en kan 'n massakommunikasie-medium hoegenaamd 'n invloed op behoeftes van die mens, veral die van kinders, hê?

Aanvanklik is navorsing oor hierdie probleem beperk tot 'n beskrywing van die oriëntasie van gehore en subgehoore met betrekking tot sekere media-inhoude. In hierdie verband is die werke van Lazarsfeld en Stanton (1942, 1944, 1949), goeie voorbeelde. Herzog (1942) het byvoorbeeld die behoeftes wat deur die sogenaamde "soap operas" oor die radio bevredig word, nagegaan. Suchmann (1942) het probeer bepaal hoe om mense in ernstige musiek oor die radio te laat belangstel. Wolfe en Fiske (1949) het die ontwikkeling van kinders se belangstelling in strokiesverhale bestudeer. Gedurende die laat sestigerjare is die klem in die behoeftestudies verskuif na die gebruik van sosiale en sielkundige veranderlikes wat moontlik aanleiding kon gee tot gedifferensieerde mediegebruikspatrone. Tans is die neiging om verklarings te probeer verskaf vir aspekte van die kommunikasieproses waarby motiewe en verwagtinge van die gehoor verbind kan word (Blumler en

Katz, 1974). So probeer navorsers soos Kline et al. (1974) en McLeod en Becker (1974) bewys dat media-effekte slegs verstaan kan word in die lig van kennis van behoeftebevredigingspatrone. In 'n studie deur Greenberg (1974) is die redes waarom kinders televisie kyk, ondersoek. Sewe faktore is geïdentifiseer, naamlik om te leer, as 'n gewoonte, om gestimuleer te word, vir geselskap of kameraadskap, om te ontspan, om te vergeet en om die tyd om te kry. Hierdie behoeftes of behoeftebevredigings is egter baie oppervlakkig gesien en nie duidelik gedefinieer nie. Verdere pogings om mediagebruik aan sielkundige behoeftes te koppel is ook onder andere deur Brown, Cramond en Wilde (1974) gedoen. Hierdie navorsers het die sogenaamde verplasingseffek by bogenoemde kinders nagegaan en 'n kettingre-aksie-effek verkry. Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958), Schramm, Lyle en Parker (1961) en Furu (1971) het nie die behoeftes by kinders empiries getoets nie en moes toe sekere aannames maak oor die aard van die behoeftes wat die media (meer spesifiek televisie in hierdie verband) by kinders bevredig. Brown, Cramond en Wilde (1974) daarenteen, het direkte vrae aan die kind gestel oor die behoeftebevredigings wat hy van die media verkry. Die probleem met so 'n benadering is egter dat die kind moontlik nie bewus is van behoeftes wat deur die medium geraak mag word nie, en dat onderliggende behoeftepatrone dalk op hierdie wyse misgekyk word.

Dit is egter duidelik dat die begrip behoefte nie voldoende gedefinieer is nie. In populêre sin word behoeftes met een of ander aspek van persoonlikheid geassosieer. Dit is egter juis hier waar die probleem ontstaan, want by die meeste persoonlikheidsteorieë word behoeftes op uiteenlopende wyses geïnkorporeer. So gebruik McDougall (1908) behoeftes as basiese motiverings en dryfvere, terwyl Fromm (1955), Horney (1942) en Sullivan (1950) behoeftes saam met ander faktore in hul teorieë integreer.

Ten einde die begrip behoefte konsekwent te gebruik, sou 'n suiwer definisie daarvan gegee moet word. Die sogenaamde "gratifications approach" soos deur Blumler en Katz (1974) beskryf, is nie baie bevredigend nie, omdat daar nie 'n duidelike omskrywing of definisie gegee word van die begrip "gratifications" (behoeftebevrediging) nie. Die probleem van die definiëring van die begrip behoefte word mooi geïllustreer deur Snyman (1976) waar hy die begrip behoefte sinoniem met die begrip motivering gebruik (p. 5).

Die presiese meting van behoeftes lewer egter ook probleme op. Uit die literatuur blyk dat daar nog baie min ondersoeke gedoen is waar 'n gestandaardiseerde meetinstrument wat behoeftes meet in massamedianavorsing gebruik is. Die werk van Snyman (1976) "Die verband tussen persoonlikheidsbehoefte en die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia" is waarskynlik een van die eerste werke op hierdie gebied waarin van gestandaardiseerde vraelyste gebruik gemaak is.

Dit blyk dus dat die verband tussen behoeftes en 'n massakommunikasiemedium soos televisie nog nie bevredigend opgeklaar is nie, onder andere omdat dit problematies is om die behoeftes empiries te meet.

Omdat behoeftes baie moeilik gemeet kan word, staan die behoeftebevredigingsbenadering tot die studie van die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind dus nog onder verdenking. Daar is egter ook nog ander besware wat teen die behoeftestrukturele benadering tot die studie oor die verband tussen 'n massamedium soos televisie en persoonlikheidsstruktuur ingebring kan word. Behoeftes mag slegs 'n baie klein rol in hierdie verband speel. McGuire (1974) noem die redes waarom die verband tussen die gehoor se behoeftes en hul motivering om die massamedia te gebruik moontlik minder belangrik is.

(i) Eksterne faktore wat mediagebruik bepaal

Die koop en lees van koerante mag baie meer afhang van die koerant se verspreidingsstelsel en die tyd waarop bogenoemde verskyn as van behoeftebevrediging. Die kyk na televisie mag ook meer deur die etenstyd of die werkskedule in die huis as deur persoonlike behoeftes bepaal word. Die hoeveelheid huiswerk wat 'n kind mag hê mag sy keuse om televisie te kyk meer beïnvloed as sy eie behoeftes.

(ii) Onbelangrikheid van media by behoeftebevrediging

'n Verdere argument teen die verklaring van massakommunikasieblootstelling volgens behoeftebevrediging is die tweedehandse aard van die massakommunikasiemedie. Dit blyk dat die prentjiesubstitute ver te kort skiet wanneer dit met werklike belewinge vergelyk word.

(iii) Swak indeksering en beskrywing van behoeftes wat deur media bevredig word

Die bepaling van watter behoeftes deur watter media bevredig word is 'n probleem wat, soos hierbo genoem, baie moeilik oorkombaar is.

McGuire (1974) weerlê sommige van bogenoemde besware teen die behoeftebevredigingsmodel, maar erken dat eksterne faktore tog 'n baie belangrike rol by die keuse en gebruike van massamedia speel. Dit geld veral vir die aanvanklike blootstelling aan media. Wat betref die voortgesette blootstelling is hy tog van mening dat ander meer inherente faktore 'n rol mag speel.

"While the initial tuning into a television program (or newspaper column or magazine feature or whatever) may have been largely haphazard and unmotivated, behavioral theory's 'law of effect' reminds us that such exposure would soon ex-

tinguish in the absence of reinforcement to maintain the habit" (Blumler en Katz, 1974, p. 170).

Wat hierdie laaste aspek betref gaan McGuire dan voort en bespreek die behoefte-bevredigingsaspek by massakommunikasiemedia ten opsigte van motiveringsteorieë. Ongelukkig is daar in die beskikbare literatuur geen empiriese ondersoeke gedoen om sy benadering te staaf of te weerlê nie.

Ten opsigte van die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia toon Snyman (1976) dat hierdie voorkeure tog wel volgens behoeftes verklaar kan word.

"Die voorkeur vir 'n spesifieke onderwerp uit die massamedia se oorsprong is in die behoefte, maar soos die lewe van 'n boom byvoorbeeld voortspruit uit die saad, word die boom nie lewenslank deur die saad onderhou en gevoed nie. Die voorkeur vir sekere onderwerpe uit die massamedia spruit daarom voort uit die behoefte maar word nie lewenslank deur die behoefte onderhou nie" (p. 136).

Hierdie blykbaar teenstrydige beskouinge beklemtoon die leemte in die navorsing op die gebied van behoeftebevrediging en massamedia. Dat dit egter 'n baie belangrike aspek is ten opsigte van navorsing oor die wisselwerking tussen die persoonlikheid van kinders en die invloed wat televisie daarop mag hê, ly geen twyfel nie. Dit kan aanvaar word, hoewel die empiriese bewyse in hierdie stadium effens skraal is, dat behoeftebevrediging wel 'n rol kan speel by die invloed van televisie op die kind.

Televisie mag die behoefte aan sekuriteit (kennis van gebeure) en die behoefte aan skoonheid beide bevredig en stimuleer, terwyl behoeftes soos groepsamehorigheid en selfverwesening (deur identifikasie) op unieke wyse geraak mag word. Wanneer die moontlikhede van die invloed van televisie op die behoefte aan voedsel (deur middel van advertensies) en selfs op die behoefte om te droom, oorweeg word, word besef dat 'n groot deel van die behoeftespektrum soos Alberts (1974) en Maslow (1954) dit stel, deur blootstelling aan televisie by 'n kind geraak mag word.

Omdat hierdie behoeftes moeilik meetbaar is, en omdat die persoonlikheidsstruktuur van leerlinge wel deur middel van gestandaardiseerde meetinstrumente bepaal kan word, sou 'n moontlike werkswyse om hierdie probleem te oorbrug wees om die invloed van televisie op die persoonlikheidsstruktuur van leerlinge te probeer bepaal. Veranderings in die beroepskeusepatroon soos deur Werner (1971) gerapporteer, toon dan ook dat sodanige veranderings wel mag plaasvind. Volgens Super (1963) bestaan daar 'n noue verband tussen die selfkonsep van 'n individu en sy keuse van 'n loopbaan.

1.3.5 Die invloed van televisie op enkele persoonlikheidsdimensies

Soos hierbo aangetoon, sou 'n poging om die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind deur middel van 'n gestandaardiseerde toets of toetse te bepaal, nie onvanpas wees nie. Op watter wyse so 'n interaksie mag plaasvind, is nie duidelik uit die beskikbare literatuur nie. Morisett (1975) stel dit so: "Although a number of studies, including those of Himmelweit and colleagues in England and some of the studies in the Surgeon General's program, have shown that television interacts with personality, these interactions are often ignored in the design of research. Rather, it is assumed that television will have a uniform effect across personality differences" (p. 11).

Een van die weinige ondersoeke waar die invloed van televisie op spesifieke persoonlikheidsdimensies ondersoek is, is deur Braun (1971) in Pole gedoen. 'n Steekproef van 200 seuns en 200 dogters is verdeel in kinders wat nooit televisie gekyk het nie, en 'n groep wat wel blootgestel was aan televisie. Verskeie meetinstrumente is gebruik, soos die Poolse uitgawes van die California Test of Mental Maturity, Porter en Cattell se Children's Personality Questionnaire en vrae oor manifeste angste. Die resultate het geen betekenisvolle verskille tussen die twee groepe getoon nie, behalwe dat die televisiekykers verswakke ruimtelike oriëntasie en abstrakte begrip geopenbaar het.

1.3.6 Kan televisie persoonlikheid verander?

Die vraag of persoonlikheid as teoretiese konstruk, soos intelligensie onveranderbaar is, is hier sterk ter sprake. Twee standpunte word gestel: Eerstens is daar die gedagte dat persoonlikheid reeds baie vroeg in 'n persoon se lewe vasgelê word en dat dit baie min verander gedurende sy leeftyd. Hierdie siening is reeds deur Plato gehuldig waar hy die volgende stelling maak: "He who is of a calm and happy nature, will hardly feel the pressures of old age, but to him who is of an opposite disposition, youth and old age are equally a burden" (Hurlock, 1974, p. 107).


Die gedagte van oorgeërfde persoonlikheidspatrone, wat onveranderbaar is, word dus by hierdie benadering beklemtoon. Volgens Hurlock (1974) is dit 'n baie negatiewe standpunt, omdat "its acceptance leads many people, adults as well as children and adolescents, to blame their parents for passing on to them, through their hereditary endowment, personality patterns that lead to poor adjustments and unhappiness" (p. 107).

'n Tweede standpunt postuleer die moontlike verandering in die persoonlikheid van die mens gedurende sy lewe. Veranderinge in die persoonlikheid is dan volgens hierdie benadering moontlik in twee stadiums van die lewensloop van 'n per-

soon, naamlik tydens die puberteit en op die oudag (Hurlock, 1974). Hierdie moontlike veranderings kan volgens Hurlock (1974) aan 'n agttal verskillende faktore toegeskryf word. Hierdie faktore sal vir die doeleindes van hierdie verslag verdeel word in faktore binne die individu (interne faktore) en faktore buite die individu (eksterne faktore). Skematies kan dit soos volg uiteengesit word:

FIGUUR 1

FAKTORE WAT 'N INVLOED MAG Hê OP PERSOONLIKHEIDSVERANDERINGE BY DIE KIND



(i) Interne faktore

a. Fisieke veranderinge

Gedurende adolessensie is daar verskeie organiese veranderings wat by die individu plaasvind, wat hom noop om sy fisieke selfbeeld te verander. Sodanige veranderings vind ook in die middel en later jare plaas. Indien hierdie veranderings ongunstig is, raak dit die selfbeeld van die individu ook nadelig.

b. Sterk motivering

Indien die motivering om die persoonlikheidspatroom te verander sterk

genoeg is, kan veranderings plaasvind gedurende adolessensie en is die motivering tot onafhanklikheid baie sterk. Die afhanklikheid van die kinderjare word deur motivering verander.

c. Verandering in selfkonsep

Dit is veral gedurende adolessensie wanneer as gevolg van omgewings- en rypingsfaktore veranderings in die selfkonsep van die individu voorkom. Erikson (1968) meen dat die laat-adolesente periode as 'n tydperk van identiteitskrisis getipeer kan word. Wanneer die individu hierdie krisis verwerk het, is 'n stabiele selfkonsep die gevolg. Veranderings vind dus hoofsaaklik gedurende adolessensie plaas.

(ii) Eksterne faktore

a. Veranderings by belangrike persone

Wanneer mense wat vir die individu belangrik is, verander, en wanneer die individu dan sy eie houdings, waardes en aspirasies by hierdie persoon of persone probeer aanpas, is veranderings in sy persoonlikheidspatroon waarneembaar. Hierdie veranderings mag subtiel wees en is nie altyd permanent nie.

b. Veranderings in sosiale druk

Sterk sosiale druk om te voldoen aan sekere sosiaal aanvaarbare gedragswyses mag sekere onaanvaarbare persoonlikheidstrekke by 'n persoon onderdruk. Die invloed van die ouer en onderwyser is hier voor-die-handliggend.

c. Veranderings in rolle

Die rol wat 'n individu binne 'n groep moet speel, verander as gevolg van veranderings in ouderdom, ekonomiese omstandighede of affiliasie met 'n nuwe groep. Hierdie veranderings kan voordelig wees indien dit die status van die individu binne die groep verbeter. So 'n persoon se selfbeeld verander dan positief.

d. Die gebruik van psigoterapie

Die doel van die studie van psigoterapie is om probleme oor swakhede in die individu se persoonlikheid te help oorkom.

e. Veranderings in die omgewing

Veranderings in beide die fisiese en sosiale omgewing van die individu mag veranderings in sy selfkonsep teweegbring. Hurlock (1974, p. 125) noem vier voorwaardes waaraan hierdie veranderings moet voldoen om die persoonlikheid positief te beïnvloed.

- a) Die status van die persoon moet verbeter as gevolg van die verandering.
- b) Die veranderings moet help om die persoon meer in ekwilibrium met sy omgewing te bring. Die omgewing moet dus aan sy behoeftes voldoen.
- c) Die veranderings moet hom nader aan sy ideaal bring.
- d) Deur geleenthede vir breër ervaring te skep, word die persoon in staat gestel om homself realistieser te sien, en sy aspirasies binne sy vermoëns te hou.

Omgewingsinvloede het nie dieselfde uitwerking op die individu by verskillende ouderdomme nie. So sal egskeiding 'n jonger kind meer benadeel as een wat reeds uit die huis en selfstandig is.

Televisie is, soos vroeër gestel, 'n kragtige massakommunikasiemedium wat tot die onmiddellike omgewing van die kind deurdring. Dit kan moontlik die kind op so 'n wyse raak dat daar veranderings in sy persoonlikheidsstruktuur mag plaasvind. Cattell (1973) noem 'n buitengewone gebeurtenis in 'n gemeenskap 'n epogeniese (epogenic) gebeurtenis "expressing the effect peculiar to an epoch and a given culture" (p. 149). Hy meen ook dat so 'n gebeurtenis sekere persoonlikheidstrekke mag verander. "The stress and crowding of the industrial revolution and the complexities of life in our own times may well have induced less welcome personality trends. Within the period in which psychological testing has existed, the obvious change of environment ranging from the two world wars and a great economic depression for one generation to the comparatively placid and health and welfare regulated life of the young today might be expected to show in test results" (p. 149).

As voorbeeld van verandering noem Cattell (1973) dat faktor F (soberheid - entoesiasme), soos gemeet deur die 16PF en die HSPV, die afgelope tyd 'n verskuiwing na entoesiasme toon. Die vraag of 'n nuwe massakommunikasiemedium soos televisie veranderings in die persoonlikheidspatrone van adollesente mag hê, staan dus duidelik uit en onbeantwoord.

1.4

PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar nie net in Suid-Afrika nie, maar ook op internasionale vlak nog 'n leemte bestaan ten opsigte van 'n studie

na die verband tussen die massakommunikasiemedium televisie en die persoonlikheid van die kind. Dit is ook vasgestel dat daar nog nie voldoende empiriese bewyse vir die invloed van televisie op die persoonlikheidsstruktuur van die kind gevind kon word nie. Die redes hiervoor sal waarskynlik te vinde wees in die metodologiese probleme waarmee die oorsese navorser te kampe het. Daar is feitlik geen Westerse, ontwikkelde land waar daar van sogenaamde voor-en-na-studies, of van studies waar televisiekykers met nie-televisiekykers vergelyk word, gebruik gemaak kan word nie (vgl. Harrison en Ekman, 1976). Daar word byvoorbeeld in die VSA beraam dat 96 persent huise ten minste een 'televisiestel het (Lyle, 1972), wat dit moeilik maak om vergelykbare kontrolegroepe te vind. Nieteenstaande die kompleksiteit van die probleem, is daar tog aanduidings in die literatuur gevind dat daar wel die moontlikheid bestaan dat sodanige beïnvloeding mag plaasvind.

Indien televisie gesien word as deel van die kind se totale omgewing, kan dit as 'n kragtige agent vir veranderinge, nie net op sy gedragswyses nie, maar ook op sy persoonlikheidsstruktuur invloed uitoefen.

Die probleem wat hier ondersoek word, is die uitwerking wat televisie moontlik op die persoonlikheidsstruktuur van leerlinge kan hê.

In operasionele terme kan die doel met hierdie ondersoek soos volg geformuleer word: Om vas te stel of die kyk na televisie enige beduidende korttermyn effek op sekere persoonlikheidsveranderlikes, soos gemeet deur die HSPV en die PHSF, by standerd agt-leerlinge het.

Omdat hierdie 'n eksploratiewe of verkenningsstudie is, en daar nie aanduidings in die literatuur gevind kon word watter persoonlikheidsveranderlikes deur televisie beïnvloed mag word nie, word daar nie spesifieke hipoteses geformuleer nie. Daar word dus volstaan met die volgende werkhipotese: Televisie het 'n invloed op sekere persoonlikheidsveranderlikes soos gemeet deur die HSPV en die PHSF by 'n groep standerd agt-leerlinge.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

2.1 AGTERGROND

Hierdie navorsing vorm deel van 'n groter projek wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die navorsing spruit uit aanbevelings wat vervat is in die Verslag (1971) van die Kommissie van Onderzoek insake Aangeleenthede Betreffende Televisie en wat deur die Kabinet aanvaar is.

Die betrokke dele van die verslag lui soos volg:

- 411 Die Kommissie beveel aan dat daar uit die staanspoor, selfs vóór die instelling van televisie, 'n wetenskaplik georiënteerde en gekoördineerde navorsingsprogram onderneem word om die uitwerking van dié medium in Suid-Afrika te bepaal. Die navorsing moet deurlopend wees (par. 141).
- 412 Omdat navorsing kan begin lank voordat die publiek televisie kan ervaar, sal die resultate van so 'n navorsingsprogram uniek wees in die wêreld, omdat 'n soortgelyke situasie tot dusver nêrens anders op dieselfde wyse bestaan nie (par. 141).

Vervolgens is 'n Tegniëse Advieskomitee deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel om die SAUK en die Minister te adviseer oor enige saak wat hy van belang ag vir die instelling en uitbouing van die mees doeltreffende televisiediens binne die raamwerk van die land se vermoë en omstandighede.

Die Tegniëse Advieskomitee het aan 'n subkomitee opgedra om die aanbevelings van die Kommissie in oënskou te neem en nadere aanbevelings omtrent die wenslikheid en moontlikheid van 'n navorsingsprojek te maak. Hierdie subkomitee het aanbeveel dat 'n omvattende navorsingsprojek omtrent die invloed van televisie op die sosio-kulturele leefwyse in Suid-Afrika so spoedig moontlik van stapel gestuur word en soos volg 'n aanduiding gegee van die omvang van die probleem: "Dit sal nodig wees om so spoedig moontlik reeds te begin met die omvattende analise van die sosio-kulturele leefwyse in Suid-Afrika oor 'n wye veld, insluitende 'n algemene studie oor bepaalde waardes en studies oor normatiewe gedragspatrone op verskillende samelewingsterreine. Bogenoemde sluit aspekte soos die volgende in: vryetydsbesteding, die huidige gebruik van die massakommunikasiemedie, daaglikse gewoontes, asook minder meetbare aspekte soos houdings teenoor gesag, permissiwiteit, die bestaande massamedie, godsdiens, onderwys en dies meer, sowel as wat eintlik van 'n moontlike televisiediens verwag word. In die navorsingsprogram

sal die huisgesin en die opgroeiende jeug besondere aandag moet geniet. Om die gedrag operasioneel te maak, sal die studieveld dus in 'n aantal projekte afgebaken moet word ..."

Die Tegniese Advieskomitee, die SAUK en die Kabinet het die aanbevelings van die subkomitee aanvaar en fondse vir die navorsing bewillig. Die taak is opgedra aan die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN, wat, behalwe 'n reeks ander projekte in hierdie verband, ook 'n projek oor die invloed van televisie op die skoolgaande jeug geloods het.

Hierdie is 'n langtermynprojek wat in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK onderneem word. Aanvanklik is beoog om betroubare inligting vir latere vergelykingsdoeleindes in te samel en die verband tussen die veranderlikes sonder die beïnvloeding van televisie na te gaan. Tydens en na die instelling van televisie geniet 'n wye spektrum van aspekte oorweging: Televisiekykgewoontes, die uitwerking van televisie op tydbenuttingspatrone en die gebruik van ander massamedia asook die moontlike gevolge van blootstelling aan die inhoud van televisieprogramme. Hierdie aspekte word deur vraelyste en gestandaardiseerde toetse gemeet. Daar word onder andere gelet op sosiale gedrag, waarde-oriëntasies, beroepsbelangstellings, studiegewoontes en -houdings, bekwaamheid in die tweede amptelike taal, natuurwetenskappe en sosiale wetenskappe, tydbenutting en ook spesifiek gelet op persoonlikheid en verhoudings (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel). Daar is ook 'n biografiese vraelys saamgestel met die doel om soveel biografiese en agtergrondsgewens moontlik van elke leerling te verkry. Bykomende inligting, byvoorbeeld oor skoolprestasies, IK en gedragspatrone, is van klasonderwysers verkry.

Ten einde hierdie omvangryke projek prakties te bedryf, is dit in vyf hoof afdelings of onderwerpe verdeel. Hierdie onderwerpe oorvleuel uiteraard, maar dit skep 'n fokuspunt waarop elkeen van die vyf navorsers wat by die projek betrokke is, kan konsentreer. Die verdeling is verder gemaak sodat daar 'n mate van ooreenkoms is met die vlakke van navorsing wat Schramm (1964) genoem het. Die onderwerpe is (op die eerste, mees oppervlakkige, en maklik meetbaarste vlak) die invloed van televisie op die tydbenutting van die kind; (op 'n tweede, effens moeiliker meetbare en effens dieper vlak) die invloed van televisie op die kind in skoolverband, en die invloed van televisie op die kind in gesinsverband; en (op die derde, diepste vlak, wat ook die moeilikste meetbare is) die invloed van televisie op die waarde-oriëntasies van die kind, en die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind.

Daar word gehoop om met hierdie navorsing 'n bydrae te lewer ten opsigte van die derde, en diepste vlak, naamlik die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind.

Die studie van die invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind stel besondere eise en uitdagings aan die navorser: Eensyds is daar die uitdaging van 'n gebied in die sielkunde wat onontgin is, maar andersyds is daar die eis van die evaluering van 'n baie moeilik meetbare komponent van die mens, naamlik persoonlikheid.

2.2 METING VAN PERSOONLIKHEID

Die meting van persoonlikheid is op 'n baie noue wyse ineengevleg met die ontwikkeling van persoonlikheidsteorie, asook die ontwikkelingsgeskiedenis van die sielkunde self. Cattell (1965) onderskei drie historiese fases in die studie van persoonlikheid, naamlik:

1. Die literêre en filosofiese fase, wat gekenmerk is deur "a game of personal insight and conventional beliefs extending from the first thoughtful caveman to the most recent novelist and playwright" (Cattell, 1965, p. 13).
2. Die fase van georganiseerde waarneming en teoretisering. Dit word ook die proto-kliniese fase genoem en het gegroei uit pogings van die mediese wetenskap om abnormale psigiese gedrag te hanteer. Bekende name soos Kraepelin, Janet en Freud het in hierdie fase die vernaamste bydraes gelewer. "All this theory flowered not only in the work of Freud, but also of Kretschmer, McDougall, Jung, Adler, and others who wrote of fascinating, if not always soundly based notions concerning personality, from late in the last century until well into this one" (Cattell, 1965, p. 13).
3. Die kwantitatiewe en eksperimentele fase. Hierdie fase het volgens Cattell reeds kort voor die einde van die vorige eeu begin, maar het eers sy beslag 'n dekade of twee gelede gekry: Die meting van persoonlikheid lê hier sentraal, en daar word gepoog om op 'n objektiewe wyse persoonlikheid te evalueer. Twee duidelike strominge kan in hierdie fase onderskei word. Eensyds is daar die werk van Ivan Pavlov wat om die gekondisioneerde refleks- en leer-teorie gesentreer het. Saam met Pavlov noem Cattell vir Wilhelm Wundt en klassifiseer hierdie rigting as die "univariate experimental approach". 'n Tweede benadering wat onderskei kan word is die sogenaamde "multivariate experiment". Die korrelasietegniek, wat deur Sir Francis Galton en Karl Pearson ontwikkel is, is onder andere deur Sir Cyril Burt en Thurstone gebruik om te probeer bepaal hoe die gemiddelde mens daar uitgesien het, in stede daarvan om op die abnormale mens te konsentreer.

Janis et al. (1969) onderskei ook drie soorte metings van persoonlikheid, wat min of meer ooreenstem met Cattell (1965) se indeling. Hulle noem hierdie metings informele evaluering; die kliniese benadering en objektiewe

persoonlikheidsevaluering. Informele evaluering behels die eerste indrukke wat gevorm word by die ontmoeting met 'n vreemde persoon. Ten spyte van verskeie besware wat geopper word teen hierdie metode van persoonlikheidsevaluering, kom Janis et al. tot die slotsom dat "It should be clear by now that the methods of informal assessment used in everyday life are subjective, empathic, and even intuitive; yet they can be subjected to rigorous, objective investigation" (1969, p. 615).

Die tweede benadering wat Janis et al. (1969) noem, is die kliniese. Hierdie evaluering het ontstaan uit pogings van klinici om hul pasiënte beter te verstaan. Die klassieke metodes in die sielkunde, soos beoefen deur Kraepelin, Freud en die meeste psigoanaliste word by hierdie metode van persoonlikheidsevaluering gebruik, naamlik gestruktureerde onderhoude, (in teenstelling met ongestruktureerde onderhoude by informele evaluering) vrye assosiasie, en sielkundige toetse.

By die sielkundige toetse word dagboeke, persoonlike briewe en veral indirekte toetsing onder die versamelnaam "projektiewe tegnieke" gebruik. Hierdie metodes vereis 'n deeglike kennis van persoonlikheidsteorie en 'n gedissiplineerde hanteling van die feite, omdat ... "the methods of clinical assessment generally, are no better than the man who interprets them" (Janis et al. 1969, p. 628). Die geldigheid en betroubaarheid van projeksietegnieke word egter algemeen as baie laag beskou (vgl. Anastasi, 1961, pp. 590-598).

Die derde, en objektiewe benadering wat Janis et al. (1969) bespreek, stem grotendeels ooreen met Cattell (1965) se kwantitatiewe en eksperimentele fase. Die klem val hier op wetenskaplik, objektiewe meting, wat aan die streng vereistes van die psigometrie voldoen.

Volgens Sarason (1966) meen baie skrywers dat die beste metode van persoonlikheidsevaluering is om die individu te vra om homself te beskryf. Hierdie self-rapportering val vir hom uiteen in twee breë kategorieë. Die eerste kategorie is 'n ongestruktureerde, of vryeresponssituasie waarin die individu homself beskryf of oor homself praat. Die tweede kategorie wat genoem word, is meer beperkend van aard en meer gestruktureerd. Dit behels onder andere persoonlikheidstoetse wat spesifieke vrae aan die individu stel.

Alberts (1974) verwys na persoonlikheidsevaluering en waarsku dat ... "dit steeds in gedagte gehou (moet) word dat geen metingsarea suiwer en onafhanklik is nie en daarom sal sekere kognitiewe elemente op emosionele gebied ook 'n rol speel" (p. 71).

Meting van persoonlikheid bly egter vir Alberts 'n gestruktureerde aktiwiteit. Hy verdeel die meting van persoonlikheid in persoonlikheidsvraelyste en projektiewe tegnieke. Hierdie indeling stem ooreen met die van Traxler en North (1966) wat

meting in globale en atomistiese klasse onderverdeel. In die eerste geval word gemeld dat "personality as a whole is studied qualitatively and intensively by means of projective techniques", terwyl die tweede geval soos volg beskryf word: "an attempt is made to analyse personality into component parts" (soos aangehaal deur Alberts, 1974, p. 71-72).

Alhoewel die objektiewe, kwantitatiewe metode van persoonlikheidsevaluering dus algemeen as die mees objektiewe wyse waarop die persoonlikheidsdimensies van 'n individu of 'n groep bepaal kan word, beskou word, is die intuïtiewe en kliniese metodes nie uitgedien nie, en tans nog in algemene gebruik.

Cattell (1965) meen dat daar wel waarde in die literêre of leunstoelmethode van persoonlikheidsevaluering is. Sy beswaar is egter dat dit baie moeilik is om die korrels van die kaf te skei ... "the literary 'method' offers no objective way of sorting out the truth" (p. 14).

Ten opsigte van die kliniese metode is die beswaar dat dit begin het deur die studie van die abnormale mens. Die normale mens se persoonlikheid moes dan volgens die abnormale gemeet word. 'n Tweede belangrike gebrek in die kliniese metode, is dat daar nie van kwantitatiewe metings gebruik gemaak is nie. "There is not a single measurement in the work of Pierre Janet, Sigmund Freud, Alfred Adler, and Carl Jung - and very little in that of Emil Kraepelin" (p. 15). Baie van hierdie teorieë is gebaseer op die beskrywing van 'n enkele geval.

Dit blyk dus dat indien 'n objektiewe metode van persoonlikheidsevaluering gebruik wil word, soos in die geval van die onderhawige studie, daar na meervoudige eksperimentele metodes gekyk moet word. Dit verseker metings wat in 'n eksperimentele situasie statisties vergelyk kan word. Volgens Cattell (1965, pp. 21-22), is hierdie metode, met meetinstrumente wat op grond van meervoudige korrelasietegniese ontwikkel is, ook veral geskik vir die studie van gedrag in 'n natuurlike omgewing.

Dit beteken dat in die geval waar die invloed van televisie op die persoonlikheid van kinders bestudeer word, meetinstrumente wat objektief is, psigometries verantwoordbaar is, en prakties in 'n skoolsituasie toegepas kan word, die geskikste sal wees.

2.3 DIE VRAELYS (QUESTIONNAIRE) - METODE

In hierdie ondersoek is deurgaans van die vraelysmetodes gebruik gemaak. Dit is moontlik dat die persoonlike onderhoudsmetode ten opsigte van sekere inligting, beter resultate kon lewer, maar die volgende redes kan aangevoer word waarom nie van die onderhoud gebruik gemaak is nie:

1. Die belangrikste rede is die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Dit sou nie moontlik wees om met die groot getalle kinders wat getoets is, van hierdie metode gebruik te maak nie.
2. Die waarskynlikheid dat die persone wat die onderhoude voer, nie objektief sal wees nie, word vergroot deur die groot aantal onderhoudsvoerders wat nodig sou wees in hierdie studie.
3. Die gerug-ooroordeel. Dit sou nodig wees om 'n aantal kinders een na die ander uit dieselfde klas of skool vir onderhoude te kry. Dit mag veroorsaak dat veral diegene wat nie eerste betrokke is by die onderhoude nie, bevooroordeeld na die onderhoud kom as gevolg van gesprekke met maats wat reeds vir onderhoude ondervra is.
4. Die akkommodasieprobleem. 'n Geskikte lokaal vir steuringsvrye onderhoude sou in die meeste skole 'n probleem wees om te verkry. Verder sou sulke onderhoude vir etlike weke by 'n skool gedoen moes word, wat besware van die onderwysowerhede sou uitlok.
5. Ouerlike vooroordeel. Indien onderhoude tuis gevoer sou word, sou dit baie moeilik wees om objektiewe antwoorde van die kind te verkry omdat daar 'n intrinsieke subjektiwiteit teenwoordig is, veral in die teenwoordigheid van die ouers.

(Punte 2, 3, 4 en 5 is genoem na aanleiding van Himmelweit et al. 1958, p. 71).

2.4 MEETINSTRUMENTE

2.4.1 Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV)

"Die HSPV is die resultaat van uitgebreide navorsing om aan besondere vereistes te voldoen. Dit is in die VSA ontwikkel deur Raymond B. Cattell van die University of Illinois en Mary D.L. Cattell van die Institute for Personality and Ability Testing, Illinois. Dit het die verskaffing van die maksimum inligting in die kortste tyd oor die grootste aantal persoonlikheidsdimensies ten doel. Dit is aangepas vir gebruik in die Republiek van Suid-Afrika deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing". (Handleiding vir die junior - senior Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys, p. 25). Dit meet veertien faktoriaal onafhanklike persoonlikheidsdimensies of primêre faktore. Elke faktor word voorgestel as 'n bipolêre kontinuum waarvan die twee uiterste pole beskrywe word (Handleiding vir die junior - senior Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys 1974, p. 8). Met behulp van hierdie veertien tellings kan die sielkundige voorspellings maak met betrekking tot skoolprestasie, beroepsgeskiktheid,

die moontlike gevaar van jeugmisdadigheid, die aanwesigheid van leierseienskappe, die behoefte aan kliniese hulp om neurotiese toestande te oorkom, ens. Die leespeil van die toets is aangepas vir die ouderdomsgroepe 12-18 jaar en die nasien van die antwoordblad kan baie vinnig met behulp van twee nasienmaskers geskied.

Die primêre faktore wat gemeet word, is kortliks die volgende: (Dit word volledig in die Handleiding uiteengesit)

Faktor A

Lae telling (-A)
(Stiene 1, 2, 3)

Hoë telling (+A)
(Stiene 8, 9, 10)

TERUGGETROKKE
(Sizothymia)

HARTLIK
(Affectothymia)

Krities
Staan by sy eie idees

Goedgeaard, sorgeloos
Bereid tot samewerking, hou van deelname

Koel, afsydig
Presies, objektief
Wantrouig, skepties
Stram, rigied
Koud
Geneig om nuuskierig te wees

Gee aandag aan mense
Saghartig, kasueel
Vertrouend
Aanpasbaar, sorgeloos, werk saam
Warmhartig
Lag geredelik

Faktor B

Lae telling (-B)
(Stiene 1, 2, 3)

Hoë telling (+B)
(Stiene 8, 9, 10)

MINDER INTELLIGENT
(Dom)

MEER INTELLIGENT
(Slim)

Lae verstandsvermoë

Hoë verstandsvermoë

Nie in staat om abstrakte
probleme te hanteer nie

Vertoon insig, leer vinnig,
intellektueel, aanpasbaar

Faktor C

Lae telling (-C)
(Stiene 1, 2, 3)

Hoë telling (+C)
(Stiene 8, 9, 10)

DEUR GEVOELEN BEÏNVLOED

Emosioneel minder stabiel
Raak maklik onstel, veranderlik
Veranderlik in houdings en belangstellings
Maklik verward
Ontwyk verantwoordelikhede, gooi maklik tou op
Kommervol
Raak betrokke in rusies en probleem-situasies

Faktor D

Lae telling (-D)
(Stiene 1, 2, 3)

FLEGMATIES

Terughoudend, oorwoë
onaktief, swaarwigtig
Onverstoortbaar, gelate
Selfvoldaan
Besadig
Nie maklik jaloers nie
Op die agtergrond
Egalig
Rustig

Faktor E

Lae telling (-E)
(Stiene 1, 2, 3)

ONDERDANIG

Gehoorsaam, saggeard
Maklik gelei
Volgsaam, insiklik
Onderdanig
Afhanklik
Bedagsaam, diplomaties
Uitdrukkingsvol
Konvensioneel, konformerend
Maklik deur gesag ontstel
Nederig

EMOSIONEEL STABIEL

Emosioneel stabiel, volwasse
Realisties, kalm
Stabiel, bestendig in belangstellings
Standvastig
Verantwoordelik, pas aan by feite
Bedaard, onverstoord
Vertoon selfbeheersing en vermy moeilikheid

Hoë telling (+D)
(Stiene 8, 9, 10)

PRIKKELBAAR

Veeleisend, ooraktief,
onbeheersd
Ongeduldig
Aandagtrekkerig, pronkerig
Prikkelbaar
Geneig tot jaloesie
Selfgeldend, selfingenome
Maklik verward
Tekens van senuagtigheid

Hoë telling (+E)
(Stiene 8, 9, 10)

DOMINANT

Selfgeldend, aggressief
Mededingend, koppig
Aanmatigheid, selfversekerd
Onafhanklik
Streng, vyandig
Ernstig
Onkonvensioneel, opstandig
Eiewys
Wil bewonder wees

Faktor F

Lae telling (-F)
(Stiene 1, 2, 3)

SOBER
(Desurgency)
Sober, swygzaam
Ernstig, besorgd, nadenkend
Stil, introspektief
Kommervol
Terughoudend, verkleef aan
innerlike waardes
Stadig, versigtig

Hoë telling (+F)
(Stiene 8, 9, 10)

ENTOESIASTIES
(Surgency)
Entoesiasties, sorgeloos
Onbesorg
Spraaksaam
Opgewek
Openhartig, ekspressief,
weerkaats die groep
Vinnig, wakker

Faktor G

Lae telling (-G)
(Stiene 1, 2, 3)

OPPORTUUN
(Lae superegosterkte)
Aanvaar nie morele standarde nie,
verontagsaam reëls, opportuun
Wispelturig, onbestendig
Ligsinnig
Gemaksugtig
Traag, lui
Onbetroubaar
Verontagsaam verpligtinge
teenoor mense

Hoë telling (+G)
(Stiene 8, 9, 10)

PLIGSGETROU
(Hoë sugeregosterkte)
Pligsgetrou, volhardend,
moralisties, stemmig
Volhardend, vasberade
Verantwoordelik
Emosioneel gedissiplineerd
Deurgaans ordelik
Konsensieus, pligsgetrou
Neem morele standarde en
reëls in ag

Faktor H

Lae telling (-H)
(Stiene 1, 2, 3)

SKAAM
(Threctia)
Bedees, terughoudend, voel
maklik bedreigd
Teruggetrokke
Ingetoë in teenwoordigheid

Hoë telling (+H)
(Stiene 8, 9, 10)

WAAGHALSIG
(Parmia)
Sosiaal vrypostig, dikvellig
Ontmoet graag mense
Aktief, openlike belangstelling

van teenoorgestelde geslag

Emosioneel versigtig

Word maklik verbitterd

Beheersd, reëlgebonde

Beperkte belangstellings

Versigtig, bedagsaam, sien gou

gevaar

Faktor I

Lae telling (-I)

(Stiene 1, 2, 3)

ONTOEGEEFLIK

(Harria)

Verwerp illusies

Onsentimenteel, verwag min

Selfstandig, neem verantwoordelik-
heid

Hard (tot die punt van sinisme)

Min kunssinnige responsies (maar nie
gebrek aan spraak nie)

Onaangetasdeur verbeeldingsvlugte

Handel op praktiese, logiese grond

Hou by die punt

Bekommer nie oor fisiese gebreke
nie

Faktor J

Lae telling (-J)

(Stiene 1, 2, 3)

LEWENSLUSTIG

(Zeppia)

Hou van groepsaktiwiteit

Hou van aandag

Verloor persoonlikheid in groeps-

sielkundige

versigtig

Volg algemene standaarde

in teenoorgestelde geslag

Deelnemend, hartlik

Vriendelik

Impulsief

Emosionele en kunssinnige belang-
stellings

Onbekommerd, sien nie gevaartekens
nie

Hoë telling (+I)

(Stiene 8, 9, 10)

TEERHARTIG

(Premsia)

Fyngevoelig, afhanklik, oorbeskermd

Rusteloos, verwag liefde en aandag

Aanhanklik, onveilig, soek hulp en
simpatie

Saggeaard, toegeeflik teenoor self en
andere

Kunssinnig kieskeurig, geaffekteerd,
teatraal

Verbeeldingryk in innerlike lewe en
gesprekke

Handel op sensitiewe intuïsie

Aandagsoekend, wegdwalend

Hipochondries, bekommerd oor self

Hoë telling (+J)

(Stiene 8, 9, 10)

VERSIGTIG INDIVIDUALISTIES

(Coasthemia)

Nadenkend, innerlik beheersd

Behoedsaam, in homself gekeer

Nousiende en bemoeisiek

Neurasthenies vermoeid

Evalueer ongevoelig

Faktor 0

Lae telling (-0)

(Stiene 1, 2, 3)

SELFVERSEKERD

Kalme toereikendheid

Rustig geborge

Selfvoldaan, bedaard

Vol selfvertroue

Opgeruimd, lewenskragtig

Sonder berou

Opportuun

Ongevoelig vir mense se goed- of afkeuring

Gee nie om nie

Grof lewenskragtig

Geen vrese

Geneig tot eenvoudige handeling

Hoë telling (+0)

(Stiene 8, 9, 10)

BEVREESD

Geneigdheid tot skuldgevoelens

Selfverwytend, onveilig

Kommervol, besorgd

Angstig

Neerslagtig, huil maklik

Liggeraak, buierig

Sterk pligsgevoel

Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring

Nougeset, puntenerig

Hipochondries

Fobiese simptome

Eensaam, peisend

Faktor Q₂

Lae telling (-Q₂)

(Stiene 1, 2, 3)

SOSIAAL GROEPAFHANKLIK

Groepafhanklik

Aanhanger en goeie volgelinge

Hoë telling (+Q₂)

(Stiene 8, 9, 10)

SELFGENOEGSAAM

Vindingryk

Verkies eie besluite

Faktor Q₃

Lae telling (-Q₃)

(Stiene 1, 2, 3)

ONBEHEERSD

(Lae selfsentiment-integrasie)

Laks

Volg nie aandrange

Verontagsaam sosiale reëls

Hoë telling (+Q₃)

(Stiene 8, 9, 10)

BEHEERSD

(Sterk selfsentiment)

Sterk wilskrag, sosiaal korrek

Kompulsief

Gedissiplineerd

Faktor Q₄

Lae telling (-Q₄)

Hoë telling (+Q₄)

(Stiene 1, 2, 3)

ONTSPANNE

(Lae ergiese spanning)

Rustig, ongefrustreerd

Traag, kalm

(Stiene 8, 9, 10)

GESPANNE

(Hoë ergiese spanning)

Aangedrewe, gefrustreerd

Oorspanne, prikkelbaar

Tweede-ordefaktore

Alhoewel die veertien primêre faktore funksioneel eenheidstrekke is wat onderling konsepsueel en dinamies onafhanklik is, is hulle nie volkome statisties onafhanklik nie. Hierdie onderlinge korreksies word as tweede-orde faktore beskryf, nadat dit gefaktoriseer is. Die ontledings het vyf faktore gelewer (vergelyk Handleiding, p. 21). Twee van hierdie faktore, naamlik Ekstraversie-Introversie, en Angs-Aanpassing word in die Handleiding bespreek (p. 21-24). Ekstraversie-Introversie ("Exvia-Invia" volgens Cattell) word beskryf as "'n algemene neiging tot sosiale interaksie in teenstelling met 'n algemene inhibisie van alle aspekte van sosiale interaksie" (p. 22). Tellings van hierdie faktor voorspel dus die kind se soeke na of vermyding van sosiale interaksie in die algemeen.

Angs-Aanpassing word in die Handleiding soos volg beskryf: (p. 22) "Wat hierdie faktor betref, word daar ook 'n interaksieteorie aanvaar. Die interpretasie van hierdie HSPV-faktor kom na aan die Freudiaanse teorie van 'oordragsneurose': dat egoswakheid (-C) wanneer dit te staan kom teenoor drangspanning (-C₄, 'onontlaaide libido' vir psigoanaliste) en superegobedreiging (+C, Skuldgeneidheid) angsvoortbring".

Statistiese gegewens van die HSPV

Die toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte is deurgaans bevredigend, alhoewel dit betrekking het op hertoetsing na een week. Geen oordeel kan dus oor die stabiliteit van die toets uitgespreek word nie.

Ten opsigte van homogeniteit van die toets, wissel die korrelasies tussen 0,36 en 0,71. (Die korrelasies is tussen die twee vorms van die toets, faktor-vir-faktor, en gekorrigeer vir die volle lengte van die toets, bereken.)

Die geldigheidskoëffisiënte, gebaseer op ekwivalensiekoëffisiënte, wissel van 0,63 tot 0,84, wat op 'n hoë mate van algemene geldigheid van die toets dui.

2.4.2 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF)

Die doel van die PHSF-verhoudingevraelys is om deur middel van elf komponente

die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van hoërskool leerlinge, studente en volwassenes te meet, ten einde die mate van aanpassing te bepaal.

Volgens die handleiding van die toets (Fouche en Grobbelaar, 1971) word aanpassing omskryf as die dinamiese proses waardeur 'n persoon deur middel van volwasse, doeltreffende en gesonde response streef om sy innerlike behoeftes te bevredig en terselfdertyd die eise wat deur die omgewing gestel word, suksesvol te hanteer, ten einde 'n harmoniese verhouding tussen die self en die omgewing te bewerkstellig.

Die mate van aanpassing van die persoon in elkeen van die onderskeie komponente van aanpassing word bepaal deur hoe dikwels sy response volwasse of onvolwasse, doeltreffend of ondoeltreffend is na verhouding met die self of met die omgewing.

Die PHSF meet elf komponente van aanpassing, wat onder vier primêre aanpassingsgebiede verdeel word. 'n Gewenste skaal word ook ingesluit. Elkeen van die twaalf komponente bestaan uit vyftien items, dit wil sê 'n totaal van 180 items wat op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord moet word.

Die komponente van die PHSF is soos volg:

1. Persoonlike Verhoudinge (P)

Dit is daardie intra-persoonlike verhoudinge wat van primêre belang in aanpassing is, naamlik

(1) Selfvertroue

Die mate waarin die persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.

(2) Eiewaarde

Die innerlike waardeskatting wat berus op evaluering en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlikheidseienskappe, vermoëns of gebreke.

(3) Selfbeheer

Die mate waarin 'n persoon daarin slaag om sy emosies en drange volgens sy beginsels en oordeel te beheer of te kanaliseer.

(4) Senuweeagtigheid

'n Hoë telling by hierdie komponent dui op 'n afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid soos geopenbaar deur angstige, doellose herhalende gedrag.

(5) **Gesondheid**

'n Hoë telling by hierdie komponent dui op 'n afwesigheid van beheptheid met die fisiese toestand.

2. Huislike Verhoudinge (H)

Dit is daardie verhoudinge binne die huisgesin wat deur die persoon as afhanklike ervaar word, naamlik

(6) **Gesinsinvloede**

Die mate waarin die persoon as afhanklike in 'n gesin beïnvloed word deur faktore soos sy posisie in die gesin, gesinsamehorigheid, verhouding tussen die ouers en sosio-ekonomiese toestande.

(7) **Persoonlike Vryheid**

Die mate waarin die persoon meen dat hy nie deur sy ouers ingeperk is nie.

3. Sosiale Verhoudinge (S)

Dit is daardie verhoudinge waardeur 'n persoon op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel, naamlik

(8) **Sosialiteit - G**

Die mate waarin 'n persoon 'n behoefte het en spontaan deelneem aan sosiale groepsverkeer (ekstrovert) teenoor die mate waarin 'n persoon afkerig is van sosiale groepsverkeer (introvert).

(9) **Sosialiteit - S**

Die mate waarin die persoon 'n behoefte het om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag te verkeer.

(10) **Morele Inslag**

Die mate waarin 'n persoon meen dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

4. Formele Verhoudinge (F)

Dit is daardie verhoudinge wat in formele situasies in die skool, kollege of universiteit, of beroep voorkom, naamlik

(11) **Formele Verhoudinge**

Die mate waarin 'n persoon op skool, kollege, universiteit of in die

beroep suksesvol is in sy formele verhoudinge tot medeleerlinge/mede-studente/kollegas, asook gesagsfigure en meerderes binne die leersituasie/werk.

5. Gewenstheidskaal

(12) Dit is 'n geldigheidskaal wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die persoon die vraelys beantwoord het. Die vrae is van so 'n aard dat slegs uitsonderlike persone met reg gunstige antwoorde daarop kan verskaf (Fouche en Grobbelaar, 1970, p. 6-8).

Die betroubaarheid van die onderskeie komponente van die toets wissel van 0,69 tot 0,89.

Volgens die voorlopige handleiding van die PHSF blyk dat die toets 'n hoë mate van konsepgeldigheid toon. Daar is betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde tellings wat verkry is by twee skole vir gedragsafwykende kinders, en die normgroep bevind.

2.4.3 Biografiese Vraelys

Hierdie vraelys is spesiaal vir die projek Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegevens van elke leerling in te win. Hierdie gegewens sluit onder andere identifiserende besonderhede, inligting oor woonplek, godsdienstige besonderhede, sosiale besonderhede en skolastiese besonderhede in. Vir hierdie ondersoek is die volgende vrae gebruik:

Vraag 5: Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog (die man wat aan die hoof van julle gesin staan)?

- (a) Sê duidelik wat hy doen, byvoorbeeld rangeerder op spoorweë, predikant, boer, onderwyser, klerk, winkeleienaar, ensovoorts.
- (b) Indien jou vader/stiefvader/voog 'n pensioentrekker is of as hy werkloos is, noem die werk wat hy voorheen gedoen het.

Vraag 9: Merk in watter standerd jy is. St. 3 / St. 4 / St. 5 / St. 6 / St. 7 / St. 8 / St. 9 / St. 10.

Vraag 11: In watter taal ontvang jy onderrig in die skool? Afrikaans /Engels / Afrikaans en Engels (Dubbelmedium) / Ander taal.

Vraag 13: Ek is 'n seun / meisie.

Vraag 14: Watter taal praat jy die meeste by die huis? Afrikaans/Engels / Afrikaans en Engels / Duits / Nederlands / Grieks / Italiaans / Portugees / Ander taal.

Vraag 18: Waar woon jy gedurende skoolkwartale? Op 'n plaas / Op 'n plot naby 'n stad of dorp / In 'n dorp / In 'n stad of voorstad.

Vraag 19: In watter soort woning bly jy gedurende skoolkwartale? In 'n huis / In 'n woonstel / In 'n losieshuis of hotel / In 'n koshuis / In 'n kindershuis (weeshuis) / In 'n karavaan / Ander.

Vraag 41: Hoe was jou gesondheidstoestand gedurende die afgelope jaar? Goed / Redelik / Swak.

2.4.4 Televisievraelys

Hierdie vraelys is spesiaal vir die projek Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug opgestel met die doel om soveel moontlik inligting oor die televisiekykgewoontes van elke leerling in te win. Hierdie gegewens sluit onder andere in die hoeveelheid uur waarna televisie gekyk word, op watter dae gekyk word en na watter tipe programme gekyk word. Die volgende vrae is vir die doeleindes van die onderhawige studie gebruik:

Vraag 4: Hoeveel televisiestelle is daar in julle huis? Geen / Een / Twee / Drie of meer.

Vraag 7: Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik televisie? (Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale). Kyk nooit televisie nie / Minder as 1 uur / Een uur en meer, maar minder as 2 uur / Twee uur en meer, maar minder as 3 uur / Drie uur en meer, maar minder as 4 uur / Vier uur en meer, maar minder as 5 uur / Vyf uur of meer.

Vraag 8: Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik oor naweke televisie? (Vrydae tot Sondag gedurende skoolkwartale). Kyk nooit televisie nie / Minder as 1 uur / Een uur en meer, maar minder as 2 uur / Twee uur en meer, maar minder as 3 uur / Drie uur en meer, maar minder as 4 uur / Vier uur en meer, maar minder as 5 uur / Vyf uur en meer, maar minder as 6 uur / Ses uur en meer, maar minder as 7 uur / Sewe uur of meer.

Vraag 17: Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis? Beskik nie oor 'n televisiestel nie / Minder as drie maande / Drie maande en meer, maar minder as 6 maande / Ses maande en meer, maar minder as 9 maande / Nege maande en meer, maar minder as 12 maande / Een jaar en meer, maar

minder as 2 jaar / Twee jaar en meer, maar minder as 3 jaar.

2.4.5 Besonderhede wat van die klasonderwyser(es) verlang word ten opsigte van elke leerling (Vorm B)

Hierdie vraelys is daargestel om vertroulike inligting oor elke leerlinge soos skoolprestasie en verstandelike vermoëns in te win. Die volgende vraag is vir die doeleindes van hierdie studie gebruik.

Vraag 8: Wat is die leerling se IK volgens die intelligensietoets? (Indien die leerling meer as een keer getoets is, gee die jongste resultaat)
Nie-Verbaal / Verbaal / Totaal.


2.5 NAVORSINGSONTWERP

2.5.1 Metode

Ten einde die invloed van televisie op die persoonlikheidsstruktuur van die kind te bepaal, is gebruik gemaak van 'n toets-hertoetsmetode. Leerlinge is in 1974 (dit wil sê, voor die instelling van televisie) getoets, en daarna is dieselfde leerlinge met dieselfde meetinstrumente in 1976 (dit wil sê, na die instelling van televisie) weer getoets. Daar is van afgepaarde groepe gebruik gemaak, en twee metodes is gevolg. Dit word vervolgens skematies uiteengesit:

Metode I

FIGUUR 1



Die televisiekykers (A) is afgepaar met die nie-televisiekykers (B) (vgl. figuur 1). Dieselfde leerlinge wat voor die instelling van televisie getoets is, is weer by die na-televisie-opname betrek. (A en A₁ bestaan dus uit dieselfde leerlinge en so ook B en B₁.)

By Metode I is betekenisvolheid van verskille tussen die tellings by A_1 en B_1 vir elke veld van die HSPV en die PHSF bereken, en daarna is dieselfde gedoen vir die 1976-opname. Die aanname is gemaak dat indien die gemiddelde tellings van die potensiële televisiekykers en dié van die potensiële nie-televisiekykers voor die instelling van televisie nie 'n betekenisvolle verskil getoon het nie, maar wel daarna, dit 'n verskil impliseer wat aan die invloed van televisie toegeskryf kan word.


Verdere aannames wat gemaak is, is dat die televisiekykers en nie-kykers, omdat hulle afgepaar is, dieselfde mate van ryping oor die twee jaar sou ondergaan, en dat hulle sowel voor as na die instelling van televisie vergelykbaar ten opsigte van persoonlikheid is. Ook is aangeneem dat ander veranderlikes wat die groepe kon beïnvloed, soos politieke veranderinge en die feit dat hulle van die vrae van die meetinstrumente mag onthou, dit wil sê toetsoordrageffek, dieselfde rol by albei groepe gespeel het. Hierdie aannames word gedeeltelik bevestig deur Campbell en Stanley (1963), wat meen dat die volgende faktore deur hierdie ontwerp in ag geneem word: toetsingseffek, maturasie-effek en historiese effek (vgl. p. 13-15).

Soos hierbo gemeld, is daar by Metode I gebruik gemaak van betekenisvolheidsverskille voor en na die instelling van televisie. Die probleem met so 'n ontwerp, word deur Campbell en Stanley (1963) soos volg opgesom: "Often ... the difference would not have been significant (as in the case where the significance values are borderline, with the control group showing a gain almost reaching significance). Windle (1954) and Cantor (1956) have shown how frequent this error is" (p. 23).

Om hierdie rede is 'n alternatiewe metode ook gebruik:

Metode II

FIGUUR II



Hierdie metode is wat die opnames en steekproewe betref, dieselfde as Metode I. Die groepe is egter op 'n ander manier vergelyk.

Die tellings by A^1 is van die tellings by A (televisiekykers) afgetrek en verskiltellings (v) vir elke leerling verkry. Dieselfde is by die nie-televisiekykers gedoen: Die tellings by B^1 is van B afgetrek en verskiltellings (v^1) verkry. Hierna is die betekenisvolheid van verskille tussen die gemiddelde v - en v^1 -tellings deur middel van t-toetse bereken.

Die ontwerp kan dus skematies soos volg uiteengesit word:

FIGUUR III

TELEVISIEKYKERS			NIE-TELEVISIEKYKERS		
JAAR			JAAR		
Afgepaarde respondente	1976 Telling	1974 Telling	Afgepaarde respondente	1976 Telling	1974 Telling
X_i	A_i	A_i^1	Y_j	B_j	B_j^1
X_1	A_1	A_1^1	Y_1	B_1	B_1^1
X_2	A_2	A_2^1	Y_2	B_2	B_2^1
.
.
.
.
.
.
X_k	A_k	A_k^1	Y_k	B_k	B_k^1

$$v_i = A_i - A_i^1 \quad \text{waar } i = 1 \text{ tot } k$$

$$v_j^1 = B_j - B_j^1 \quad \text{waar } j = 1 \text{ tot } k$$

$$\bar{v} = \frac{\sum_{i=1}^K A_i - A_i^1}{K} = \frac{\sum_{i=1}^K v_i}{K}$$

$$\bar{v}^1 = \frac{\sum_{j=1}^K B_j - B_j^1}{K} = \frac{\sum_{j=1}^K v_j^1}{K}$$

t-toets word gedoen om die betekenisvolheid van $\bar{v} - \bar{v}^1$ na te gaan.

Eksperimentele groep: X_1 tot X_k

Kontrolegroep: Y_1 tot Y_k

Tellings van die K lede van die eksperimentele groep (1976): A_1 tot A_k

Tellings van die K lede van die eksperimentele groep (1974): A_1^1 tot A_k^1

Tellings van die K lede van die kontrolegroep (1976): B_1 tot B_k

Tellings van die K lede van die kontrolegroep (1974): B_1^1 tot B_k^1

v_i : Verskil tussen respondent nommer in eksperimentele groep X_i se 1974 en 1976 telling

v_j : Verskil tussen respondent nommer in kontrolegroep Y_j se 1974 en 1976 telling

\bar{v} : Gemiddelde van bogenoemde v_i tellings

\bar{v}^1 : Gemiddelde van bogenoemde v_j^1 tellings

Statistiese bewerkings

Omdat daar met afgepaarde groepe gewerk word, en daar dus gepraat kan word van monsters met verband, is daar by die berekening van die t-toets eers vooraf die produk-momentkorrelasie tussen die verspreidings v_i en v_j^1 ($i = 1$ tot k en $j = 1$ tot k) (die eksperimentele en kontrolegroep) bereken. Hierna is die t-toets volgens die volgende formule bereken:

$$t = \frac{\bar{v} - \bar{v}^1}{S_{\bar{v} - \bar{v}^1}} \quad \text{waar } S_{\bar{v} - \bar{v}^1} = \sqrt{S_{\bar{v}}^2 + S_{\bar{v}^1}^2 - 2r_{ij} S_{\bar{v}} S_{\bar{v}^1}}$$

waar $S_{\bar{v}_i}$ = die standaardfout van gemiddeldes wat afgelei word uit die verspreiding v_i ($i = 1$ tot k)

$S_{\bar{v}_j^1}$ = die standaardfout van gemiddeldes wat afgelei word uit die verspreiding v_j^1 ($i = 1$ tot k)

r_{ij} = die korrelasiekoëffisiënt tussen die twee verspreidings v_i en v_j^1

\bar{v} = die gemiddelde telling van verspreiding v_i ($i = 1$ tot k).

\bar{v}^1 = die gemiddelde telling van verspreiding v_j^1 ($j = 1$ tot k)

(ooreenkomstig Du Toit, 1975, p. 122-135).

Die t-toets sonder die korrelasie-korreksie is vir die bepaling van beduidenheidsverskille by die identifisering van die steuringsveranderlikes gebruik. In hierdie geval was die formule vir die standaardfout van verskille tussen gemiddeldes:

$$S_{\bar{v} - \bar{v}^1} = \sqrt{S_{\bar{v}}^2 + S_{\bar{v}^1}^2}$$

(Du Toit, 1975).

2.5.2 Afparing

Ten einde die televisiekykers en nie-televisiekykers vergelykbaar te maak, is die metode van afparing gevolg. Hiermee word bedoel dat die groepe met betrekking tot sekere eienskappe van die respondente gelyk gemaak word, sodat daardie eienskappe nie 'n rol speel by die faktor wat gemeet word nie. Volgens Conradie (s.j.) is daar drie maniere waarop die afparing kan geskied, naamlik:

- a) "Om voor die toepassing van die vraelys te besluit watter faktore afgepaar moet word, en om die steekproewe dan so saam te stel dat hierdie veranderlikes ewe veel by beide groepe voorkom" (p. 11).
- b) "Om die groepe eers na die toepassing van die vraelys met betrekking tot die gekose faktore af te paar" (p. 11).
- c) Om die faktore wat by die eerste twee metodes intuïtief gekies moes word, empiries te selekteer en om vas te stel watter faktore met die tellings verband hou.

Die derde metode is gevolg en word vervolgens kortliks uiteengesit.

2.5.3 Identifisering van steuringsveranderlikes

In die studie deur Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) is geslag, ouderdom, intelligensie en sosiale klas as veranderlikes gebruik waarmee die televisie en nie-televisiegroepe afgepaar is. Furu (1962) het weer skoolpunte, geslag, intelligensie, onderwyspeil, agtergrond van die ouers en woonplek gekontroleer. Omdat die moontlike invloed van televisie op die persoonlikheid van die kind in die onderhawige studie ondersoek word, moes daar spesifiek na steuringsveranderlikes wat met persoonlikheid verband hou, gesoek word.

Uit die beskikbare literatuur kon daar 'n aanduiding verkry word watter steuringsveranderlikes, 'n rol by persoonlikheid speel.

'n Steuringsveranderlike waarvan daar in die literatuur melding gemaak is, is taal. Madge (1972) het bevind dat daar binne die Suid-Afrikaanse kultuur betekenisvolle verskille tussen Afrikaanssprekendes en Joodse leerlinge, en Engelssprekendes en Joodse leerlinge ten opsigte van hul tellings op die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV) bestaan. Hierdie persoonlikheidsverskille word dan verklaar na aanleiding van kulturele en opvoedingsverskille binne die verskillende taalgroepe.

'n Volgende veranderlike, naamlik geslag, word ook in die literatuur as verbandhoudend met persoonlikheid beskryf. In die Handleiding van die HSPV word aparte norms vir seuns en meisies verskaf, en Madge (1972) wys ook op verskille tussen

TABEL 2.1

VERDELING VAN ST. 8-STEELPROEF VAN 1974 VOLGENS GESLAG, STEDELIK/NIE-STEDELIKE GEBIEDE, PROVINSIE EN TAALMEDIUM

	SEUNS								MEISIES								TOTAAL		
	STEDELIK				NIE-STEDELIK				STEDELIK				NIE-STEDELIK						
	AFRIKAANS		ENGELS		AFRIKAANS		ENGELS		AFRIKAANS		ENGELS		AFRIKAANS		ENGELS				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Transvaal	(a)	140	19,80	99	14,00	106	14,99	18	2,54	137	19,37	78	11,03	113	15,98	16	2,26	707	100
	(b)	146	19,92	95	12,96	119	16,23	18	2,46	137	18,69	89	12,14	112	15,28	17	2,32	733	100
OVS	(a)	17	14,40	4	3,39	36	30,50	3	2,54	15	12,71	3	2,54	37	31,35	3	2,54	118	100
	(b)	16	13,01	4	3,25	39	31,71	3	2,44	16	13,01	3	2,44	39	31,71	3	2,44	123	100
Natal	(a)	10	6,45	45	29,03	14	9,03	12	7,74	9	5,80	39	25,16	12	7,74	14	9,03	155	100
	(b)	10	6,29	45	28,30	13	8,18	15	9,43	9	5,66	41	25,79	12	7,55	14	8,81	159	100
Kaap	(a)	36	9,52	55	14,55	86	22,75	17	4,49	39	10,31	47	12,43	80	21,16	18	4,76	378	100
	(b)	38	9,87	54	14,03	85	22,08	16	4,16	38	9,87	53	13,77	85	22,08	16	4,16	385	100
TOTAAL	(a)	203	14,94	203	14,94	242	17,82	50	3,68	200	14,72	167	12,29	242	17,82	51	3,75	1 358	100
	(b)	210	15,00	198	14,14	256	18,29	52	3,71	200	14,29	186	13,29	248	17,71	50	3,57	1 400	100

(a) Steekproef

(b) Verwagte getalle volgens skoolbevolkingsensussysfers

$$\chi^2 = 1,2901 \quad p < 0,05$$

seuns en meisies (vgl. p. 136).

Bewyse van slegs twee steuringsveranderlikes wat in ag geneem moes word, kon soos hierbo uiteengesit, uit die literatuur verkry word. Verdere steuringsveranderlikes sou dus self bepaal moes word.

Vir dié doel is gebruik gemaak van 'n addisionele steekproef van standaard agt-leerlinge, wat in 1974 (voor die instelling van televisie) as deel van die breë projek: die invloed van televisie op die skoolgaande jeug getoets is. Steuringsveranderlikes wat volgens die steekproef gevind sou word, sou dus nie deur televisie gekontamineer kon word nie. Hierdie steekproef is gestratifiseer volgens geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skool geleë is. In tabel 2.1 word die steekproef uiteengesit, waar dit vergelyk is met die verwagte getalle volgens die 1973-sensusyfers van die skoolbevolking, soos verskaf deur die onderwysdepartemente van die vier provinsies. Dit blyk uit hierdie tabel dat die steekproef nie betekenisvol verskil van die universum nie, en dus as verteenwoordigend beskou kan word ten opsigte van die veranderlikes waarvolgens dit gestratifiseer is.

Die eerste steuringsveranderlike wat getoets is, is gesondheidsbeleding. Daar is nagegaan of hierdie faktor 'n invloed op persoonlikheid, soos gemeet deur die HSPV, sou hê. Die resultate word in tabel 2.2 aangebied. Indien een betekenisvolle verskil op die 5 persent peil van beduidenheid bevind is, is aanvaar dat die veranderlike 'n rol speel. Uit bogenoemde tabel blyk dat by agt van die veertien HSPV-faktore wel betekenisvolle verskille voorgekom het, en dat gesondheidsbeleding as 'n steuringsveranderlike by persoonlikheid beskou kan word.

TABEL 2.2

VERSKILLE TUSSEN GOEIE, REDELIKE EN SWAK GESONDHEIDSBELEWERS BY 'N STEEKPROEF
STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1974 TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE

GOEIE GESONDHEIDSBELEWING TEENoor REDELIKE GESONDHEIDSBELEWING

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Goeie	1 029	9,43	3,464	-0,085
	Redelike	287	9,45	3,673	
B	Goeie	1 029	7,48	1,621	3,028*
	Redelike	287	7,15	1,668	
C	Goeie	1 029	10,13	3,499	1,430
	Redelike	287	9,80	3,292	

TABEL 2.2 (vervolg)

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
D	Goeie	1 029	9,64	3,609	-2,905*
	Redelike	287	10,33	3,357	
E	Goeie	1 029	8,88	3,275	1,579
	Redelike	287	8,53	3,468	
F	Goeie	1 029	10,02	3,380	1,797
	Redelike	287	9,62	3,158	
G	Goeie	1 029	11,82	3,218	1,257
	Redelike	287	11,55	3,206	
H	Goeie	1 029	8,93	4,024	4,239*
	Redelike	287	7,80	3,867	
I	Goeie	1 029	9,95	4,325	1,804
	Redelike	287	10,47	4,281	
J	Goeie	1 029	8,15	3,126	-3,020*
	Redelike	287	8,79	3,331	
O	Goeie	1 029	10,54	3,560	-2,907*
	Redelike	287	11,21	3,020	
Q ₂	Goeie	1 029	9,64	2,780	-1,153
	Redelike	287	9,86	3,119	
Q ₃	Goeie	1 029	11,27	2,849	3,706*
	Redelike	287	10,57	2,749	
Q ₄	Goeie	1 029	9,69	3,252	-3,664*
	Redelike	287	10,48	3,136	

GOEIE GESONDHEIDSBELEWING TEENOR SWAK GESONDHEIDSBELEWING

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Goeie	1 029	7,48	1,621	2,259*
	Swak	16	6,56	1,171	
B	Goeie	1 029	9,64	3,609	0,705
	Swak	16	9,00	3,082	
C	Goeie	1 029	11,82	3,218	0,012
	Swak	16	11,81	3,486	
D	Goeie	1 029	9,64	3,609	0,705
	Swak	16	9,00	3,082	
E	Goeie	1 029	8,88	3,275	0,921
	Swak	16	8,12	3,018	
F	Goeie	1 029	10,02	3,380	1,280
	Swak	16	8,93	3,172	
G	Goeie	1 029	11,82	3,218	0,012
	Swak	16	11,81	3,486	

TABEL 2.2 (vervolg)

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
H	Goeie	1 029	8,93	4,024	0,425
	Swak	16	8,50	3,221	
I	Goeie	1 029	9,95	4,325	-1,480
	Swak	16	11,56	3,445	
J	Goeie	1 029	8,15	3,126	-2,350*
	Swak	16	10,00	2,828	
O	Goeie	1 029	10,54	3,560	1,161
	Swak	16	9,50	2,894	
Q ₂	Goeie	1 029	9,64	2,780	1,268
	Swak	16	8,75	2,926	
Q ₃	Goeie	1 029	11,27	2,849	-0,570
	Swak	16	11,68	3,157	
Q ₄	Goeie	1 029	9,69	3,252	-2,295*
	Swak	16	10,75	2,795	

*p = < 0,05

Wat sosio-ekonomiese status betref, kon daar ook nie uit die beskikbare literatuur aanduidings verkry word of dit 'n verband met persoonlikheid toon nie. Dit is dus ook getoets, en die resultate word in tabel 2.3 aangebied.

TABEL 2.3

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE IN HOË, MIDDEL- EN LAE SOSIO-EKONOMIESE STATUS-GROEPE BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1974 TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE

HOË SOSIO-EKONOMIESE STATUS TEENoor MIDDEL-SOSIO-EKONOMIESE STATUS

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Hoë ses	394	9,54	3,637	0,649
	Middel ses	214	9,34	3,605	
B	Hoë ses	394	7,99	1,402	4,782*
	Middel ses	214	7,41	1,469	
C	Hoë ses	394	10,33	3,650	1,094
	Middel ses	214	10,00	3,349	
D	Hoë ses	394	9,81	3,816	0,932
	Middel ses	214	9,52	3,353	
E	Hoë ses	394	9,17	3,530	-0,201
	Middel ses	214	9,23	3,454	
F	Hoë ses	394	10,11	3,568	1,932
	Middel ses	214	9,61	3,481	

TABEL 2.3 (vervolg)

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
G	Hoë ses	394	12,00	3,315	1,540
	Middel ses	214	11,57	3,224	
H	Hoë ses	394	8,95	4,168	0,751
	Middel ses	214	8,69	3,886	
I	Hoë ses	394	10,37	4,517	1,393
	Middel ses	214	9,84	4,393	
J	Hoë ses	394	8,42	3,299	1,117
	Middel ses	214	8,11	3,198	
O	Hoë ses	394	10,37	3,602	-1,851
	Middel ses	214	10,93	3,475	
Q ₂	Hoë ses	394	9,87	2,962	2,939*
	Middel ses	214	9,13	2,958	
Q ₃	Hoë ses	394	11,39	2,928	2,465*
	Middel ses	214	10,78	2,876	
Q ₄	Hoë ses	394	9,44	3,207	-1,160
	Middel ses	214	9,75	3,021	

HOË SOSIO-EKONOMIESE STATUS TEENOR LAE' SOSIO-EKONOMIESE STATUS

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Hoë ses	394	9,54	3,637	0,681
	Lae ses	697	9,39	3,404	
B	Hoë ses	394	7,99	1,402	8,844
	Lae ses	697	7,09	1,721	
C	Hoë ses	394	10,33	3,650	1,597
	Lae ses	697	9,98	3,369	
D	Hoë ses	394	9,81	3,816	0,00
	Lae ses	697	9,81	3,479	
E	Hoë ses	394	9,17	3,530	3,428*
	Lae ses	697	8,46	3,135	
F	Hoë ses	394	10,17	3,368	1,395
	Lae ses	697	9,88	3,252	
G	Hoë ses	394	12,00	3,315	1,382
	Lae ses	697	11,72	3,153	
H	Hoë ses	394	8,95	4,168	1,573
	Lae ses	697	8,55	3,952	
I	Hoë ses	394	10,37	4,517	1,397
	Lae ses	697	9,99	4,191	

TABEL 2.3 (vervolg)

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
J	Hoë ses	394	8,42	3,299	0,448
	Lae ses	697	8,33	3,114	
0	Hoë ses	394	10,37	3,602	-1,795
	Lae ses	697	10,76	3,351	
Q ₂	Hoë ses	394	9,87	2,962	0,557
	Lae ses	697	9,77	2,781	
Q ₃	Hoë ses	394	11,39	2,928	1,625
	Lae ses	697	10,10	2,770	
Q ₄	Hoë ses	394	9,44	3,207	-3,315*
	Lae ses	697	10,12	3,276	

*p = < 0,05

Uit tabel 2.3 blyk dat by vyf uit die 14 velde van die HSPV wel betekenisvolle verskille voorgekom het, en dat sosio-ekonomiese status as 'n steuringsveranderlike by die HSPV beskou kan word.

Hoë, middel- en lae sosio-ekonomiese status is verkry deur die beroep van die vader as kriterium te gebruik. Hierdie beroepe is in nege kategorieë volgens die Departement van Statistiek se indeling verdeel. Hierdie kategorieë is:

- 1) Professioneel, tegniese en verwante werker
- 2) Administratiewe, uitvoerende en besturende werker
- 3) Klerklike werker
- 4) Verkoopswerker
- 5) Boerdery, bosbou, vissery, jag
- 6) Myn, steengroefwerker
- 7) Vervoer-, en kommunikasiewerker
- 8) Vakman, produksiewerker en arbeider
- 9) Diens-, sport- en ontspanningswerker

Die eerste twee kategorieë is as die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe beskou, die middelste sosio-ekonomiese statusgroep het bestaan uit kinders wie se vaders beroepe uit kategorieë drie en vier beoefen, en die lae sosio-ekonomiese groep het diegene behels wie se vaders beroepe beoefen wat in die res van die kategorieë val (vgl. Strýdom, 1971). Hierdie verdeling, op grond van Strýdom (1971) se navorsing, is as die mees geskikte, en empiries verantwoorde verdeling beskou.

Soos uit tabel 2.3 blyk, speel sosio-ekonomiese status ook 'n rol by persoonlikheid en sal dit dus gekontroleer moet word.

'n Volgende steuringsveranderlike wat ondersoek is, is intelligensie. Alhoewel daar aanduidings uit die literatuur (vgl. byvoorbeeld Roos, 1974) is dat daar 'n verband tussen intelligensie en persoonlikheid is, is besluit om dit te kontroleer. Die resultate word in tabel 2.4 aangebied.

TABEL 2.4

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE IN HOË, MIDDEL- EN LAE IK-GROEPE BY 'N STEEKPROEF
STANDERD AGT-LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE

HOË IK TEENoor MIDDEL IK

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Hoë IK	416	9,65	3,709	1,533
	Middel IK	754	9,32	3,419	
B	Hoë IK	416	8,20	1,294	11,873*
	Middel IK	754	7,11	1,695	
C	Hoë IK	416	10,10	3,693	0,698
	Middel IK	754	9,95	3,416	
D	Hoë IK	416	9,48	3,808	-1,972*
	Middel IK	754	9,91	3,428	
E	Hoë IK	416	8,59	3,363	-1,680
	Middel IK	754	8,93	3,283	
F	Hoë IK	416	10,20	3,440	1,749
	Middel IK	754	9,84	3,326	
G	Hoë IK	416	12,08	3,315	2,341*
	Middel IK	754	11,62	3,158	
H	Hoë IK	416	9,05	4,297	2,018*
	Middel IK	754	8,55	3,911	
I	Hoë IK	416	10,41	4,486	1,879
	Middel IK	754	9,91	4,278	
J	Hoë IK	416	8,29	3,346	0,154
	Middel IK	754	8,26	3,091	
O	Hoë IK	416	10,52	3,481	-1,219
	Middel IK	754	10,78	3,493	
Q ₂	Hoë IK	416	9,75	2,964	0,853
	Middel IK	754	9,60	2,827	
Q ₃	Hoë IK	416	11,07	2,888	-0,459
	Middel IK	754	11,15	2,831	
Q ₄	Hoë IK	416	9,58	3,389	-1,955
	Middel IK	754	9,97	3,192	

TABEL 2.4 (vervolg)
HOË IK TEENOOR LAE IK

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{x}	S	t
A	Hoë IK	416	9,65	3,709	1,719
	Lae IK	93	8,94	3,025	
B	Hoë IK	416	8,20	1,294	13,796*
	Lae IK	93	6,03	1,662	
C	Hoë IK	416	10,10	3,693	-1,0624
	Lae IK	93	10,46	2,746	
D	Hoë IK	416	9,48	3,808	-1,644
	Lae IK	93	10,18	3,203	
E	Hoë IK	416	8,59	3,363	1,094
	Lae IK	93	8,17	3,245	
F	Hoë IK	416	10,20	3,440	1,789
	Lae IK	93	9,51	2,950	
G	Hoë IK	416	12,08	3,315	1,475
	Lae IK	93	11,52	3,255	
H	Hoë IK	416	9,05	4,297	2,476*
	Lae IK	93	7,86	3,618	
I	Hoë IK	416	10,41	4,486	0,723
	Lae IK	93	10,05	3,575	
J	Hoë IK	416	8,29	3,346	-2,253*
	Lae IK	93	9,14	2,979	
O	Hoë IK	416	10,52	3,481	-0,306
	Lae IK	93	10,64	3,117	
Q ₂	Hoë IK	416	9,75	2,964	-1,417
	Lae IK	93	10,23	2,871	
Q ₃	Hoë IK	416	11,07	2,888	-0,211
	Lae IK	93	11,14	2,909	
Q ₄	Hoë IK	416	9,58	3,389	-0,630
	Lae IK	93	10,20	2,924	

*p = < 0,05

Die verdeling IK Hoog, IK Middel en IK Laag is gedoen volgens die normale verspreidingskurwe, met staneges 1, 2 en 3 (laag), 4, 5 en 6 (middel) en 7, 8 en 9 (hoog). Dit korrespondeer met 'n IK-telling van 70-87 (laag), 88-111 (middel) en 112 en hoër (hoog).

Uit tabel 2.4 kan afgelei word dat verstandsvermoë, soos uitgedruk in die intelligensiekoëffisiënt, 'n rol speel by persoonlikheid omdat betekenisvolle verskille wel by vier uit die veertien velde van die HSPV voorgekom het.

'n Laaste steuringsveranderlike wat ondersoek is, is stedelikheid teenoor nie-stedelikheid. Stedelike respondente is in hierdie geval diegene wat gemeld het dat hulle in 'n stad of voorstad woon. Nie-stedelikheid is aangedui deur die antwoorde van leerlinge wat gemeld het dat hulle in 'n dorp, op 'n plot naby 'n stad of dorp, of op 'n plaas woon. Soos hierbo vermeld het Furu (1962) hierdie veranderlikes as woonplek gekontroleer. Die resultate van die verband tussen hierdie faktor en persoonlikheid, word vervolgens in tabel 2.5 gegee.

TABEL 2.5

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE WOONAGTIG IN STEDELIKE EN NIE-STEDELIKE GEBIEDE BY 'N STEEKPROEF STANDERD AGT-LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{X}	S	t
A	Stedelik	576	9,64	3,716	1,906
	Nie-stedelik	756	9,27	3,341	
B	Stedelik	576	7,55	1,566	2,990*
	Nie-stedelik	756	7,28	1,680	
C	Stedelik	576	9,97	3,502	-0,786
	Nie-stedelik	756	10,12	3,406	
D	Stedelik	576	9,76	3,561	-0,203
	Nie-stedelik	756	9,80	3,563	
E	Stedelik	576	9,31	3,284	5,001*
	Nie-stedelik	756	8,40	3,290	
F	Stedelik	576	10,15	3,403	2,970*
	Nie-stedelik	756	9,75	3,375	
G	Stedelik	576	11,48	3,267	-2,760*
	Nie-stedelik	756	11,97	3,162	
H	Stedelik	576	8,96	4,184	2,260*
	Nie-stedelik	756	8,46	3,850	
I	Stedelik	576	10,11	4,455	0,168
	Nie-stedelik	756	10,07	4,201	
J	Stedelik	576	8,07	3,147	-2,388*
	Nie-stedelik	756	8,49	3,200	
O	Stedelik	576	10,65	3,326	-0,262
	Nie-stedelik	756	10,70	3,547	
Q ₂	Stedelik	576	9,50	2,930	-1,960*
	Nie-stedelik	756	9,81	2,801	
Q ₃	Stedelik	576	10,98	2,893	-1,526
	Nie-stedelik	756	11,22	2,802	
Q ₄	Stedelik	576	9,93	3,158	0,558
	Nie-stedelik	756	9,83	3,302	

*p = < 0,05

By sewe van die veertien velde van die HSPV is betekenisvolle verskille bevind, en dit blyk dus ook uit tabel 2.5 dat stedelikheid/nie-stedelikheid as steuringsfaktor gekontroleer sal moet word.

Die steuringsveranderlikes wat dus 'n invloed op persoonlikheid het, en gekontroleer moes word, is taal, gesondheidstoestand, geslag, sosio-ekonomiese status, intelligensiekoëffisiënt en woonplek. Om te verhoed dat hierdie veranderlikes 'n rol speel wanneer die invloed van televisie op persoonlikheid nagegaan word, moes die televisiekykers en nie-televisiekykers ten opsigte van bogenoemde veranderlikes afgepaar word.

2.5.4 Die ondersoekgroepe

Aanvanklik is 4 463 standerd ses-leerlinge by die 1974-opname (voor die instelling van televisie) betrek. Hierdie steekproef is gestratifiseer ten opsigte van geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skole geleë is. Dieselfde leerlinge is in 1976, na televisie ingestel is, weer betrek. As gevolg van skoolverlating, afwesigheid en ander faktore het hierdie getal verminder na 3 199. Aangesien leerlinge in Natal nie die PHSF-vraelys in 1976 in geheel ingevul het nie, word hierdie leerlinge se gegewens nie in die ondersoek betrek nie. Hierna is 'n verdeling van die 1976-groep gemaak in televisiekykers en nie-televisiekykers. Hierdie verdeling is na aanleiding van die volgende kriteria gemaak:

i) Televisiekykers

Diegene wat gemeld het (volgens die Televisievraelys) dat hulle een of meer televisiestelle in die huis het; dat hulle gesin die stel meer as drie maande in die huis het; en dat hulle op sowel weksdae as naweke televisie kyk.

ii) Nie-televisiekykers

Diegene wat gemeld het (volgens die Televisievraelys) dat hulle geen televisiestelle in die huis het nie, en dat hulle op sowel weksdae as naweke nooit televisie kyk nie.

Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wat wel elders gekyk het (kuierykers) is nie by een van die groepe ingesluit nie. Die kombinasie van kriteria sou verseker dat daar net met televisiekykers teenoor nie-televisiekykers gewerk sou word..

Na dié verdeling het die oorspronklike getal opvolgleerlinge in 1976 van 3 199 na 1 905 verminder (1 453 televisiekykers, en 452 nie-televisiekykers). Aangesien

taal en gesondheid 'n invloed op die persoonlikheid van die kind het, is besluit om slegs Afrikaanssprekende leerlinge wat aangedui het dat hulle gesondheid die afgelope jaar goed was, in die ondersoek te betrek. Nadat die Afrikaanssprekendes, goeie gesondheidsbelewers geselekteer is, is die groepe vervolgens afgepaar volgens die steuringsveranderlikes, geslag, sosio-ekonomiese status, intelligensiekoëffisiënt en woonplek (vgl. paragraaf 2.5.3). Na afparing is daar in die geval van die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV) 196 pare (80 seunspare; 116 meisiespare) wat aan bogenoemde vereistes voldoen het, gevind, terwyl daar by die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudinge vraelys (PHSF) 190 (76 seuns; 114 meisies) bruikbare pare respondente verkry is.

2.6 INSAMELING VAN DIE GEGEWENS

Alhoewel daar in hierdie ondersoek slegs van twee van die veertien meetinstrumente wat in die projek: Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug betrokke is, gebruik gemaak word, word daar nogtans 'n oorsig van die praktiese en organisatoriese sy van die breër ondersoek gegee.

2.6.1 Voorondersoek

'n Voorondersoek om die hele toetsprogram (met al die meetinstrumente) uit te toets, is gedurende April 1974 in Brandfort in die OVS by 'n laer- en 'n hoërskool onderneem. Die doel met hierdie voorondersoek was om die toepassing van die veertien meetinstrumente en die handleiding in die praktyk uit te toets, om probleme wat mag ontstaan, te probeer uitskakel en om die gladder verloop van die toetsprogram te verseker. Die presiese bepaling van die tyd wat dit neem om die meetinstrumente te voltooi, kon ook onderneem word.

2.6.2 Reëlins met onderwysdepartemente en die Komitee van Onderwyshoofde

Die toetsprogram en al die meetinstrumente is aan die Komitee van Onderwyshoofde, asook die verskillende onderwysdepartemente voorgelê vir goedkeuring. Die hele program is met enkele wysigings goedgekeur. Hierna is die aantal leerlinge per standerd (standerds 3 tot 10) ingedeel volgens skool, geslag en medium van onder-rig, van die verskillende onderwysdepartemente aangevra, sodat die universum waaruit die steekproef getrek moes word, bepaal kon word. Administratiewe reëlins in verband met die opleiding van skoolsielkundiges wat die onderwyser-toetsafnemers in die skole moes oplei, is ook getref.

2.6.3 Bekendstelling van die projek met die doel om die samewerking van die ouers en onderwysers te verkry

Twee nuusbriewe, naamlik nr. 43 van Maart 1973, en nr. 55 van April 1974 van die

RGN, is landswyd versprei en ook aan die pers, SAUK, skole en ander onderwysinrigtings (plaaslik en oorsee) en individue versend. Hierdie nuusbriewe bevat 'n kort samevatting van die agtergrond van die projek.

Skole wat in die 1974-steekproef geval het, (dit wil sê alle opvolgskole) is deur die onderskeie onderwysdepartemente per nuusbrief in kennis gestel dat hulle aan die opname deelneem. Hierna is die skole en skoolsielkundiges per brief verder ingelig oor die toetsprogramme.

2.6.4 Wyse van toetsing

Met die oog op kostebesparing is die toetsprogram in twee toetsfases verdeel. Op hierdie manier kon die toetse en vraelyste wat gebruik sou word, met ongeveer die helfte verminder word, wat 'n aansienlike besparing in koste teweegbring het. Volgens die aanvanklike steekproef sou bykans 21 500 leerlinge in 1974 betrokke wees by die opname. Voorsiening is gemaak om ongeveer 11 180 leerlinge gelyktydig te toets. (Transvaal, wat apart getoets word, omvat 52 persent van die totale aantal leerlinge in provinsiale skole in die RSA.)

2.6.5 Opleiding van toetsafnemers

Vanweë die groot omvang van die projek was dit nie prakties moontlik om die toetse alleen deur opgeleide sielkundiges te laat toepas nie en moes daar van onderwysers gebruik gemaak word. Die opleiding van onderwysers wat as toetsafnemers opgetree het, is deur elke onderwysdepartement se Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste behartig. Hierdeur is verseker dat elke toetsafnemer ten volle op die hoogte met die toetsprogram was. Die organisasie en toestande sou dus in elke skool sodanig wees dat elke leerling wat by die toetsprogram betrokke was, die geleentheid sou hê om die toetse in ideale omstandighede, of so na as moontlik daaraan, af te lê. Die drie hoofaspekte wat ter sprake was, is

2.6.5.1 Lokaal en ameublement

Elke leerling moes 'n behoorlike sit- en skryfplek hê en die lokaal waar die toetsing sou plaasvind, en voorsiening moes gemaak word vir voldoende lig en lug en vryheid van steurnisse van buite of van binne die lokaal.

2.6.5.2 Toetsmateriaal

Elke leerling moes te alle tye korrekte toetsmateriaal voor hom hê, dit wil sê elke stuk materiaal moes op die regte tydstip uitgedeel en ingeneem word. Verder is voorsiening gemaak dat elke leerling 'n negesyfer-identiteitsnommer sou hê, wat op al die meetinstrumente en antwoordblaaie aangebring moes word. Hierdie

nommer verskaf identifiserende besonderhede ten opsigte van die jaar waarin die toetse afgeneem is, die provinsie, die skool, stedelik/nie-stedelik, standerd en leerlingnommer.

2.6.5.3 Toetsafnemers

Die toetsafnemers moes ervare persone wees of minstens deeglik opgelei wees. Die leerlinge moes behoorlik gemotiveer word en moes die korrekte aanwysings en opdragte ontvang.

Hierdie opleiding het geskied ooreenkomstig die omstandighede van elke provinsie met inagneming van die verspreiding van skole, die tyd beskikbaar vir opleiding en die aantal personeellede van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste.

In sommige provinsies is die opleiding behartig deur die byeenkoms van toetsafnemers by 'n sentrale plek sodat die opleiding in groepvorm geskied het. In ander gevalle het die personeel van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van skool tot skool gegaan en het die opleiding op 'n meer individuele basis geskied. Op hierdie wyse is verseker dat elke skool se toetsafnemers ten volle op die hoogte gebring is insake alle aspekte rakende die toetsprogram. Dit het die wetenskaplike en doeltreffende toepassing van die toetse in groot mate verseker.

2.6.6 Die handleiding

Die opleiding van die toetsafnemers is aan die hand van 'n handleiding, met voorbeelde van die meetinstrumente wat gebruik word, onderneem. Die handleiding bevat 'n voorwoord waarin die agtergrond van die ondersoek geskets word. Verder is die handleiding verdeel in vier hoofafdelings, naamlik

1. Die opleiding van die toetsafnemers
2. Reëlins wat vooraf getref moet word
3. Algemene besonderhede
4. Aanwysings vir die toepassing van elke toets of vraelys.

In die handleiding word elke moontlike aspek van die toetsprogram in detail behandel. So is onder andere die gebruik van masjinale antwoordblaaie volledig uiteengesit, aanwysings is gegee hoe om die identiteitsnommers te gebruik, en die trek van die steekproef in die skole self breedvoerig uiteengesit. Die toetsrooster vir laer- en hoërskole verskyn ook in die handleiding. Die toetsprogram strek oor drie dae in die hoërskool.

2.6.7 Vorbereiding en versending van toetsmateriaal

Na die ontvangs van die toetsmateriaal van die drukkers af, is dit gekontroleer vir moontlike druk- en bindfoute. Om te verseker dat die korrekte hoeveelheid toetsmateriaal aan elke skool versend word, is van 'n kontroleform gebruik gemaak. Die hoeveelheid toetsmateriaal wat elke skool sou kry (dit wil sê getal leerlinge wat getoets word plus 10 persent), is hierop ingevul en die verpakking daarvan per skool is vervolgens gedoen ooreenkomstig die getalle wat op die kontroleform verskyn het. Die verpakking het groot eise aan die beskikbare personeel gestel omdat daar ten spyte van die groot volume toetsmateriaal, ook rekening gehou moes word met die feit dat verskillende standerds verskillende toetsprogramme gevolg het. Daar moes ook rekening gehou word met die verskillende taalgroepe. Die toetsmateriaal is per spoor versend sodat dit die skole minstens 'n week voor die aanvang van die toetsprogram sou bereik. Hierdeur is verseker dat moontlike tekorte wat kon ontstaan, betyds aangevul kon word.

2.6.8. Toetsprosedure

Die handleiding wat aan elke toetsafnemer beskikbaar gestel is, het 'n volledige beskrywing gegee van die stappe wat gevolg moes word by die toepassing van elke toets of vraelys. Hierdeur is verseker dat die toetsituasie by al die skole so eenvormig moontlik was. Opsommenderwys het die toetsprosedure soos volg verloop:

1. Die leerlinge het die lokaal binnegekom en hulle plekke ingeneem.
2. Hierna het die skoolhoof 'n kort motiveringspraatjie (op die eerste dag van toetsing) gelewer waar onder andere op die uniekheid en belangrikheid van die navorsing gewys is.
3. Vervolgens is aan elke leerling 'n negesyferidentiteitsnommer toegeken, en die nommer aan sy bank vasgeheg.
4. Voordat die eerste vraelys uitgedeel is, is die finale algemene instruksies aan elke leerling voorgelees. Hierdie instruksies behels onder meer dat hulle elke dag op dieselfde plek moet sit, dat hulle nie op die toetsboeke mag krap, en plaaslike reëlings waar kinders tydens ruspouses mag speel.
5. Hierna is die eerste vraelys, die Biografiese vraelys uitgedeel, gekontroleer of elke leerling 'n sagte potlood, uitveër en 'n vraelys het, en begin. By die vraelyste (Biografiese vraelys, Tydbenuttingsvraelys) is elke vraag hardop aan die leerlinge voorgelees, waarna hulle die vraag beantwoord het. Hierdie prosedure het verhoed dat leerlinge vrae oorslaan en het die beantwoording van vrae in gevalle waar probleme ondervind is, vergemaklik.

6. By die toetse en vraelyste waar daar van antwoordblaaie gebruik gemaak is, is 'n volledige verduideliking van die wyse waarop hierdie antwoordblaaie ingevul moet word, aan die leerlinge gegee. Leerlinge moes self hul identiteitsnommer op die antwoordblad kodeer.
7. Bogenoemde prosedure is vir elke vraelys en toets gevolg.
8. Hoewel daar by die meeste meetinstrumente nie 'n tydbeperking gestel is nie, is stadige leerlinge aangemoedig om vinniger te werk.
9. By toetse waar 'n tydbeperking van krag was (Toetse 1 en 111 van die Skolas-tiese Bekwaamheidsbattery), is stophorlosies gebruik.

Bogenoemde prosedure is deurgaans by al die skole gevolg en het beteken dat die toetssituasie so eenvormig was as wat prakties moontlik is.

2.6.9 Omstandighede waaronder toetse toegepas is

Soos hierbo verduidelik is, is alles prakties moontlik gedoen om die omstandighede waaronder die leerlinge die vraelyste en toetse doen, so na as moontlik aan die ideale te kry.

Volgens kommentaar van skoolhoofde, asook verslae van skoolsielkundiges, is die aanduidings dat daar baie na aan hierdie ideaal gekom is. Die positiewe gesindheid van beide skoolsielkundiges en skoolhoofde word weerspieël in kommentaar soos die volgende: "Dit was ... 'n voorreg om aan 'n navorsingsprogram te kan deel hê omdat ons dit ook in breër sin as volksdiens sien" (Skoolhoof) "Dankie en sterkte vir die groot taak" (Skoolhoof) "Dit was 'n plesier om behulpsaam te wees met hierdie stukkie navorsing" (Senior skoolsielkundige) "Die same-werking van die hoofde van betrokke skole was hartlik en die leerkragte wat daadwerklik gemoeid was het hulself met onderskeiding van hul taak gekwyt en verdien hoë lof en waardering" (Skoolsielkundige).

As gevolg van organisatoriese reëlins ten opsigte van toetse en eksamens, het enkele skole die toetsprogram 'n week voor die vasgestelde datum, of 'n week na die vasgestelde datum laat plaasvind. Hierdie reëling is met goedkeuring van die RGN gemaak. Omstandighede wat die leerlinge nadelig kon beïnvloed het soos klimaatomstandighede, taalprobleme en vermoeidheid, het vir sover vasgestel kon word, nie voorgekom nie. Die program is in die kouer maande van die jaar van stapel gestuur, terwyl immigrantekinders wat taalprobleme kon ondervind, nie getoets is nie. Die toetsprogram is verder so opgestel dat vermoeidheid nie 'n rol behoort te speel nie. Oor die algemeen was afwesigheid van leerlinge nie so 'n probleem nie. Die afwesighede wat wel voorgekom het, kan as normaal beskou word.

2.6.10 Terugontvangs van die toetsmateriaal

Die toetsmateriaal is na afhandeling van die toetsprogram per passasierstrein aan die RGN teruggestuur. Oor die algemeen is die toetsmateriaal in 'n goeie toestand van skole ontvang, wat daarop dui dat skole moeite gedoen het om die materiaal ordelik en netjies te verpak. By die ontvangs van die toetsmateriaal is dit uitgepak en die hoeveelhede gekontroleer. Hierna is die ingevulde vraelyste, soort by soort numeries gerangskik volgens die identiteitsnommers. Die antwoordblaaie is op dieselfde wyse gesorteer.

2.6.11 Kontrolering en kodifisering

Om te verseker dat elke leerling se resultate met die hoogste mate van sekerheid as korrek beskou kan word, is die nasien en kodering van gegewens op noukeurige en sistematiese wyse onderneem. Die ingevulde vraelyste is deur klerke gekontroleer vir vrae wat nie ingevul is nie, asook vir teenstrydighede. Hierna is die boekies gekodifiseer, onder andere ten opsigte van die beroep van die vader, moeder en die kind se beroepskeuse. Vir hierdie doel is 'n handleiding saamgestel sodat die kontrole en kodering op eenvormige wyse kon geskied.

Meer as die helfte van die meetinstrumente, (waaronder die HSPV en die PHSF) is op antwoordblaaie beantwoord, sodat dit moontlik was om dit met 'n 1230 IBM-optiese leser na te sien. Om hierdie antwoordblaaie vir die optiese leser voor te berei, is die volgende prosedures gevolg:

1. Die identiteitsnommer op elke antwoordblad is gekontroleer ten opsigte van korrekte kodifisering.
2. Verder is elke antwoordblad gekontroleer vir volledigheid en die korrekte manier van beantwoording. Daar is veral gelet op dubbelresponsies op antwoordblaaie waar dit nie toegelaat is nie.
3. Foutiewe, onduidelik en slordig ingevulde antwoordblaaie is oorgeskrif sodat die minimum vertraging by die optiese leser self sou voorkom.

2.6.12 Pons en redigering van gegewens

Die volgende stap in die redigeringsproses is die oordra van die gegewens op magnetiese band. By sommige van die resultate is 'n tussenstap nodig, naamlik die oordra van die gegewens op ponskaarte. Dit het hoofsaaklik die nasien van die antwoordblaaie met die 1230 IBM-optiese leser behels. Die ponskaarte is dan die medium waardeur gegewens op die magnetiese band oorgedra word. Ander gegewens word per hand deur ponsmasjienoperatrises direk op magneetband "geskrif".

'n Hoë mate van korrektheid by beide metodes is verseker deur sistematiese redigering en verifiëring van die gegewens.

2.7 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk word die eksperimentele opset wat by die onderhawige navorsing gebruik is, geskets. As deel van die breë projek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die invloed van televisie op die skoolgaande jeug, is daar in hierdie studie gebruik gemaak van gegewens wat voor en na die instelling van televisie op 'n landswye basis ingesamel is.

Daar is kortliks aangetoon wat die agtergrond en oorsprong van die breë projek behels, asook wat die plek van hierdie spesifieke navorsing in die totale navorsing oor die invloed van televisie op die kind is. As deel van die moeilikste meetbare vlak van navorsing, soos deur Schramm (1964) geïdentifiseer, is aangetoon dat eiesoortige metodologiese probleme ondervind sou word.

Die meting van persoonlikheid is as probleemveld geïdentifiseer. Daar is aangetoon dat die objektiewe, kwantitatiewe metode, soos onder andere deur Cattell (1965) en Janis et al. (1969) beskryf is, 'n aanvaarbare benadering tot die studie van persoonlikheid is. Enkele redes waarom daar deurgaans van vraelyste gebruik gemaak is, is verskaf.

'n Kort bespreking van die verskillende meetinstrumente wat gebruik is, is verskaf. Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys, die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys, 'n Biografiese vraelys, 'n Televisievraelys en 'n vraelys aan die klasonderwyser van die kind is gebruik.

Die verskillende steekproewe wat betrek is, asook 'n volledige uiteensetting van die navorsingsontwerpe wat gebruik is, is gegee. Die vermindering van die getal respondente vanaf 'n aanvanklike 3 199 in 1976 tot 196 pare is 'n aanduiding van die groot verlies in respondente wat plaasgevind het as gevolg van die streng afparingsprosedures. Twee metodes van beduidenheidstoetsing by die vasstelling van die invloed van televisie is bespreek.

Laastens is die wyse waarop die gegewens ingesamel is, bespreek ten opsigte van die prakties-organisatoriese probleme wat ondervind is.

HOOFSTUK 3

RESULTATE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die ondersoek weergegee. Drie stappe is gevolg by die ontleding van die gegewens:

Stap 1:

Die 1976-groep leerlinge is (soos in Hoofstuk 2 bespreek), eerstens in televisiekykers en nie-televisiekykers verdeel. Hierdie twee groepe se gemiddelde tellings op die HSPV en die PHSF is deur middel van t-toetse vir beduidenheid van verskille met mekaar vergelyk.*

Stap 2: Metode I (vgl. Hoofstuk 2)

Die afgepaarde televisiekykers en nie-televisiekykers (1976) is vervolgens vergelyk vir beduidenheid van verskille ten opsigte van die gemiddelde tellings wat op die HSPV en PHSF behaal is. Hierna is dieselfde leerlinge se 1974-gegewens verkry en dus as potensiële televisiekykers en potensiële nie-televisiekykers vergelyk vir beduidenheid van verskille.

Stap 3: Metode II (vgl. Hoofstuk 2)

Laastens is die gegewens volgens Metode II verwerk ten einde die invloed van televisie ten opsigte van die veranderings wat plaasgevind het, te probeer isoleer.

3.2 VERGELYKING VAN DIE 1976-TELEVISIEKYKERS MET DIE NIE-TELEVISIEKYKERS VOOR AFPARING

Ten einde 'n beeld te verkry van die verskille tussen die kykers en die nie-kykers (voor afparing) is 'n vergelyking getref tussen hulle tellings op alle komponente/faktore van die meetinstrumente. Uit tabelle 3.1 en 3.2 is dit duidelik dat daar by beide die HSPV (Faktore A, E, F, G, H, J, Q₂ en Q₃) en die PHSF (Komponente 1, 2, 6, 8, 9 en 10) betekenisvolle verskille bevind is.

*'n Verskil wat betekenisvol is op die 5 persent peil is as 'n werklike verskil aanvaar.

TABEL 3.1

VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN HSPV-FAKTORE BY TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS
ONDER 'N GROEP STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1976

HSPV-FAKTOR	GROEP	N	\bar{x}	S	t
A	TV-kykers	1 453	10,098	3,632	4,641*
	Nie-TV-kykers	452	9,197	3,491	
B	TV-kykers	1 453	7,628	1,654	0,233
	Nie-TV-kykers	452	7,604	1,386	
C	TV-kykers	1 453	10,744	3,561	1,819
	Nie-TV-kykers	452	10,394	3,601	
D	TV-kykers	1 453	9,818	3,606	-1,802
	Nie-TV-kykers	452	10,166	3,601	
E	TV-kykers	1 453	9,319	3,321	8,810*
	Nie-TV-kykers	452	7,777	2,892	
F	TV-kykers	1 453	10,358	3,497	5,927*
	Nie-TV-kykers	452	9,259	3,268	
G	TV-kykers	1 453	11,657	3,362	-4,048*
	Nie-TV-kykers	452	12,378	3,096	
H	TV-kykers	1 453	8,927	4,259	3,408*
	Nie-TV-kykers	452	8,150	3,972	
I	TV-kykers	1 453	9,893	4,436	-1,773
	Nie-TV-kykers	452	10,310	4,269	
J	TV-kykers	1 453	8,164	3,262	-4,178*
	Nie-TV-kykers	452	8,896	3,180	
O	TV-kykers	1 453	10,474	3,597	0,841
	Nie-TV-kykers	452	10,314	3,312	
Q ₂	TV-kykers	1 453	9,360	3,128	-4,539*
	Nie-TV-kykers	452	10,139	3,211	
Q ₃	TV-kykers	1 453	10,761	3,076	-3,046*
	Nie-TV-kykers	452	11,270	3,207	
Q ₄	TV-kykers	1 453	9,829	3,323	-0,896
	Nie-TV-kykers	452	9,982	3,290	

*p < 0,05

TABEL 3.2

VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN PHSF-KOMPONENTE BY TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS ONDER 'N GROEP STANDERD AGT-LEERLINGE IN 1976

PHSF-KOMPONENT	GROEP	N	\bar{X}	S	t
1	TV-kykers	1 452	26,851	5,393	3,076*
	Nie-TV-kykers	450	25,960	5,251	
2	TV-kykers	1 452	22,210	5,417	3,491*
	Nie-TV-kykers	450	21,207	5,173	
3	TV-kykers	1 452	25,487	5,213	-1,657
	Nie-TV-kykers	450	25,940	4,910	
4	TV-kykers	1 452	24,158	5,926	0,063
	Nie-TV-kykers	450	24,138	5,861	
5	TV-kykers	1 452	30,709	6,611	1,489
	Nie-TV-kykers	450	30,173	6,547	
6	TV-kykers	1 285	27,793	7,330	-2,872*
	Nie-TV-kykers	413	28,998	7,548	
7	TV-kykers	1 285	29,917	7,669	1,100
	Nie-TV-kykers	413	29,443	7,167	
8	TV-kykers	1 452	24,729	7,011	4,624*
	Nie-TV-kykers	450	22,984	6,842	
9	TV-kykers	1 285	28,098	10,163	5,597*
	Nie-TV-kykers	413	24,852	10,427	
10	TV-kykers	1 285	28,902	6,325	-6,341*
	Nie-TV-kykers	413	31,131	5,854	
11	TV-kykers	1 285	25,791	5,824	-0,929
	Nie-TV-kykers	413	26,097	5,324	
12	TV-kykers	1 285	18,062	4 816	1,806
	Nie-TV-kykers	413	17,579	4,729	

*p < 0,05

3.3 VERGELYKING VAN DIE GEGEWENS VOLGENS METODE I (VERGELYK HOOFSTUK 2)

By hierdie stap is die 1976-gegewens as basis geneem, en dieselfde leerlinge se HSPV en PHSF-tellings van 1974 (toe hulle in standerd ses was) verkry. Die resultate van die t-toetse tussen die televisiekykers en nie-kykers word in tabelle 3.3 tot 3.8 weergegee. Die 1976-gegewens, asook die 1974-gegewens word verskaf.

In tabel 3.3 kan gesien word dat daar by faktore A en J van die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys in 1976 (na die instelling van televisie) betekenisvolle verskille tussen die televisiekykers en nie-televisiekykers bevind is, terwyl daar by dieselfde faktore by dieselfde kinders voor die instelling van televisie nie betekenisvolle

verskille voorgekom het nie. By faktore E, Q₂ en Q₃ het daar egter verskille voor en na die instelling van televisie voorgekom. Ten opsigte van die seuns (tabel 3.4) is daar ook by faktore A, J en F slegs in 1976 betekenisvolle verskille bevind. By die meisies (tabel 3.5) is daar by faktore J en Q₂ betekenisvolle verskille na die instelling van televisie (met die 1976-opname) bevind, maar nie in 1974 nie.

Wat die PHSF betref (kyk tabel 3.6) is daar by komponent 8 'n betekenisvolle verskil tussen die televisiekykers en die nie-televisiekykers na die instelling van televisie bevind. Ander verskille wat voorgekom het, is by komponente 3 en 12 (voor die instelling van televisie) asook by komponent 10 (1974 en 1976). Uit tabel 3.7 kan gesien word dat daar by die seuns slegs by komponent 10, maar dan ook beide voor en na die instelling van televisie, 'n betekenisvolle verskil voorgekom het. Wat die meisies betref, (vgl. tabel 3.8) is daar by komponent 9, na die instelling van televisie, 'n betekenisvolle verskil bevind tussen die televisiekykers en die nie-televisiekykers.

TABEL 3.3

VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN AFGEPAAARDE TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

HSPV-FAKTOR		1974				t	1976			
		N	\bar{X}	S			N	\bar{X}	S	t
A	TV-kykers	196	8,95	3,094	0,473	196	10,25	3,950	3,143*	
	Nie-TV-kykers	196	8,80	3,169		196	9,06	3,515		
B	TV-kykers	196	6,76	1,817	-1,392	196	7,67	1,540	-0,207	
	Nie-TV-kykers	196	7,01	1,729		196	7,70	1,311		
C	TV-kykers	196	10,24	2,912	-0,032	196	11,04	3,734	1,165	
	Nie-TV-kykers	196	10,25	3,282		196	10,61	3,555		
D	TV-kykers	196	10,48	3,303	-0,534	196	9,04	3,889	-1,813	
	Nie-TV-kykers	196	10,66	3,352		196	9,73	3,624		
E	TV-kykers	196	7,55	2,832	2,929*	196	8,40	3,388	3,142*	
	Nie-TV-kykers	196	6,73	2,696		196	7,39	2,944		
F	TV-kykers	196	9,52	3,093	1,365	196	9,93	3,659	1,757	
	Nie-TV-kykers	196	9,08	3,272		196	9,31	3,300		
G	TV-kykers	196	11,78	3,304	-1,708	196	12,27	3,428	-1,752	
	Nie-TV-kykers	196	12,33	3,052		196	12,85	3,103		
H	TV-kykers	196	8,52	3,719	1,582	196	8,81	4,531	1,264	
	Nie-TV-kykers	196	7,90	4,014		196	8,27	3,879		
I	TV-kykers	196	11,35	3,741	1,206	196	10,71	4,416	1,448	
	Nie-TV-kykers	196	10,88	3,950		196	10,07	4,131		

TABEL 3.3 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		1974				1976			
		N	\bar{X}	S	t	N	\bar{X}	S	t
J	TV-kykers	196	8,56	3,096	-0,558	196	7,57	3,428	-4,582*
	Nie-TV-kykers	196	8,74	3,270		196	9,18	3,511	
O	TV-kykers	196	10,08	3,307	-0,904	196	10,15	3,893	0,136
	Nie-TV-kykers	196	10,38	3,250		196	10,20	3,318	
Q ₂	TV-kykers	196	9,08	2,912	-2,294*	196	9,05	3,201	-3,933*
	Nie-TV-kykers	196	9,77	3,027		196	10,32	3,176	
Q ₃	TV-kykers	196	11,08	3,006	-2,128*	196	10,71	3,178	-2,691*
	Nie-TV-kykers	196	11,71	2,837		196	11,57	3,133	
Q ₄	TV-kykers	196	9,82	3,264	0,331	196	9,50	3,457	-0,579
	Nie-TV-kykers	196	9,71	3,306		196	9,70	3,362	

*p < 0,05

TABEL 3.4

VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN SEUNS AFGEGAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

HSPV-FAKTOR		1974				1976			
		N	\bar{X}	S	t	N	\bar{X}	S	t
A	TV-kykers	80	8,05	3,217	-0,686	80	9,70	4,057	2,835*
	Nie-TV-kykers	80	8,40	3,196		80	8,12	2,843	
B	TV-kykers	80	6,35	2,038	-2,291*	80	7,32	1,723	-1,831
	Nie-TV-kykers	80	7,05	1,795		80	7,78	1,420	
C	TV-kykers	80	11,00	2,820	-0,143	80	12,00	4,053	0,644
	Nie-TV-kykers	80	11,07	3,320		80	11,60	3,744	
D	TV-kykers	80	10,03	3,348	-1,531	80	8,50	3,742	-1,380
	Nie-TV-kykers	80	10,80	2,964		80	9,28	3,351	
E	TV-kykers	80	8,51	2,797	2,276*	80	9,93	3,370	3,577*
	Nie-TV-kykers	80	7,52	2,669		80	8,18	2,748	
F	TV-kykers	80	10,17	2,999	1,553	80	10,55	3,475	2,263*
	Nie-TV-kykers	80	9,41	3,149		80	9,83	3,006	
G	TV-kykers	80	11,58	3,375	-2,466	80	12,23	3,392	-1,846
	Nie-TV-kykers	80	12,83	2,985		80	13,17	2,995	
H	TV-kykers	80	9,76	3,399	1,794	80	10,07	4,086	1,151
	Nie-TV-kykers	80	8,70	4,004		80	9,83	3,422	
I	TV-kykers	80	8,56	2,936	-0,286	80	7,26	2,953	0,644
	Nie-TV-kykers	80	8,71	3,624		80	6,96	2,900	
J	TV-kykers	80	8,86	3,216	-0,386	80	8,06	3,582	-3,298*
	Nie-TV-kykers	80	9,06	3,295		80	9,92	3,506	

TABEL 3.4 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		1974				1976			
		N	\bar{X}	S	t	N	\bar{X}	S	t
0	TV-kykers	80	9,45	3,033	-0,975	80	8,77	3,486	-0,842
	Nie-TV-kykers	80	9,93	3,152		80	9,20	2,909	
Q ₂	TV-kykers	80	9,42	3,007	-2,399*	80	9,81	3,214	-3,614*
	Nie-TV-kykers	80	10,53	2,806		80	11,58	2,936	
Q ₃	TV-kykers	80	11,45	2,966	-0,843	80	11,26	2,974	-1,440
	Nie-TV-kykers	80	11,85	3,000		80	11,95	3,049	
Q ₄	TV-kykers	80	8,90	3,200	-1,089	80	8,82	3,510	0,272
	Nie-TV-kykers	80	9,46	3,263		80	8,67	3,420	

*p < 0,05

TABEL 3.5

VERGELYKING VAN DIE HSPV-RESULTATE VAN MEISIES AFGEPAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

HSPV-FAKTOR		1974				1976			
		N	\bar{X}	S	t	N	\bar{X}	S	t
A	TV-kykers	115	9,54	2,838	1,167	116	10,62	3,829	1,814
	Nie-TV-kykers	116	9,08	3,120		116	9,71	3,778	
B	TV-kykers	115	7,05	1,593	0,323	116	7,91	1,349	1,588
	Nie-TV-kykers	116	6,98	1,681		116	7,64	1,227	
C	TV-kykers	115	9,73	2,872	0,126	116	10,38	3,342	1,035
	Nie-TV-kykers	116	9,68	3,131		116	9,93	3,248	
D	TV-kykers	115	10,79	3,250	0,508	116	9,41	3,944	-1,238
	Nie-TV-kykers	116	10,56	3,592		116	10,04	3,770	
E	TV-kykers	115	6,87	2,671	1,961*	116	7,34	2,969	1,255
	Nie-TV-kykers	116	6,19	2,576		116	6,85	2,951	
F	TV-kykers	115	9,00	3,020	0,357	116	9,50	3,722	0,505
	Nie-TV-kykers	116	8,85	3,335		116	9,26	3,487	
G	TV-kykers	115	11,93	3,250	-0,144	116	12,29	3,452	-0,757
	Nie-TV-kykers	116	11,99	3,050		116	12,62	3,156	
H	TV-kykers	115	7,65	3,702	0,575	116	7,94	4,617	0,774
	Nie-TV-kykers	116	7,36	3,929		116	7,50	3,986	
I	TV-kykers	115	13,32	2,918	2,253*	116	13,09	3,613	1,783
	Nie-TV-kykers	116	12,37	3,438		116	12,22	3,785	
J	TV-kykers	115	8,33	2,995	-0,437	116	7,24	3,276	-3,259*
	Nie-TV-kykers	116	8,51	3,234		116	8,68	3,423	
0	TV-kykers	115	10,53	3,430	-0,361	116	11,11	3,872	0,458
	Nie-TV-kykers	116	10,69	3,281		116	10,89	3,405	

TABEL 3.5 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		1974				t	1976			
		N	\bar{x}	S			N	\bar{x}	S	t
Q ₂	TV-kykers	115	8,87	2,820	-0,977	116	8,53	3,086	-2,253*	
	Nie-TV-kykers	116	9,25	3,062		116	9,44	3,038		
Q ₃	TV-kykers	115	10,82	3,020	-2,108*	116	10,33	3,259	-2,314*	
	Nie-TV-kykers	116	11,62	2,715		116	11,31	3,163		
Q ₄	TV-kykers	115	10,48	3,158	1,400	116	9,97	3,341	-1,031	
	Nie-TV-kykers	116	9,88	3,324		116	10,41	3,130		

*p < 0,05

TABEL 3.6

VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN AFGEPAAARDE TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976)
DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

PHSF-KOMPO-NENT		1974				t	1976			
		N	\bar{x}	S			N	\bar{x}	S	t
1	TV-kykers	190	25,79	4,469	0,457	190	27,32	5,567	0,910	
	Nie-TV-kykers	190	25,58	4,470		190	26,81	5,323		
2	TV-kykers	190	22,18	4,516	0,680	190	22,17	5,503	1,499	
	Nie-TV-kykers	190	21,84	5,177		190	21,34	5,258		
3	TV-kykers	190	25,62	4,703	-2,404*	190	26,18	5,309	-0,996	
	Nie-TV-kykers	190	26,81	4,920		190	26,71	5,032		
4	TV-kykers	190	24,19	5,778	0,147	190	24,48	6,114	0,284	
	Nie-TV-kykers	190	24,10	6,094		190	24,31	5,499		
5	TV-kykers	190	30,33	5,451	1,368	190	32,48	5,900	1,387	
	Nie-TV-kykers	190	29,51	6,184		190	31,63	6,018		
6	TV-kykers	190	31,17	6,575	-1,018	190	29,35	7,320	-0,219	
	Nie-TV-kykers	190	31,87	6,787		190	29,52	7,769		
7	TV-kykers	190	27,50	6,146	-1,128	190	30,17	7,559	0,197	
	Nie-TV-kykers	190	28,23	6,431		190	30,02	7,208		
8	TV-kykers	190	23,52	6,338	-0,519	190	24,81	7,667	1,970*	
	Nie-TV-kykers	190	23,87	6,758		190	23,31	7,123		
9	TV-kykers	190	19,50	10,573	0,589	190	25,12	10,993	1,927	
	Nie-TV-kykers	190	18,85	10,865		190	22,98	10,598		
10	TV-kykers	190	31,06	5,316	-2,642*	190	30,44	5,696	-2,950*	
	Nie-TV-kykers	190	32,48	5,131		190	32,11	5,304		
11	TV-kykers	190	26,96	4,764	-1,323	190	27,12	5,311	1,111	
	Nie-TV-kykers	190	27,64	5,218		190	26,50	5,540		
12	TV-kykers	190	17,55	4,768	2,443*	190	17,41	4,406	1,052	
	Nie-TV-kykers	190	16,37	4,623		190	16,92	4,649		

*p < 0,05

TABEL 3.7

VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN SEUNS AFGEPAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TEN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

PHSF-FAKTOR		1974				t	1976			
		N	\bar{X}	S			N	\bar{X}	S	t
1	TV-kykers	76	26,64	4,681	-0,070	76	27,94	5,482	0,0	
	Nie-TV-kykers	76	26,69	4,098		76	27,94	5,132		
2	TV-kykers	76	23,53	3,942	0,120	76	23,43	4,932	0,588	
	Nie-TV-kykers	76	23,44	5,141		76	22,97	4,648		
3	TV-kykers	76	26,13	4,464	-1,290	76	27,32	5,555	-0,585	
	Nie-TV-kykers	76	27,07	4,463		76	27,81	4,656		
4	TV-kykers	76	24,56	5,946	0,129	76	25,35	6,782	-0,220	
	Nie-TV-kykers	76	24,44	5,473		76	25,56	4,711		
5	TV-kykers	76	31,00	5,234	1,369	76	33,19	5,758	1,026	
	Nie-TV-kykers	76	29,86	4,964		76	32,22	5,819		
6	TV-kykers	76	30,97	6,265	-0,824	76	29,82	6,830	-0,060	
	Nie-TV-kykers	76	31,84	6,655		76	29,98	7,415		
7	TV-kykers	76	27,05	6,139	-1,202	76	30,44	7,431	0,441	
	Nie-TV-kykers	76	28,27	6,290		76	29,93	6,699		
8	TV-kykers	76	24,17	6,045	-0,133	76	24,39	7,683	1,326	
	Nie-TV-kykers	76	24,30	5,949		76	22,81	6,884		
9	TV-kykers	76	20,44	11,329	-0,502	76	25,59	11,967	0,329	
	Nie-TV-kykers	76	21,36	11,127		76	24,97	11,073		
10	TV-kykers	76	29,51	5,406	-2,986*	76	28,96	5,782	-2,646*	
	Nie-TV-kykers	76	22,17	5,505		76	31,26	4,819		
11	TV-kykers	76	27,01	4,555	-0,578	76	26,80	5,712	0,872	
	Nie-TV-kykers	76	27,51	5,955		76	26,01	5,381		
12	TV-kykers	76	17,55	4,423	1,644	76	17,24	4,684	1,035	
	Nie-TV-kykers	76	16,38	4,292		76	16,44	4,786		

*p < 0,05

TABEL 3.8

VERGELYKING VAN DIE PHSF-RESULTATE VAN MEISIES AFGEGAAR IN TELEVISIEKYKERS EN NIE-TELEVISIEKYKERS TËN OPSIGTE VAN OPNAMES GEMAAK VOOR (1974) EN NA (1976) DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

PHSF-FAKTOR		1974				1976			
		N	\bar{X}	S	t	N	\bar{X}	S	t
1	TV-kykers	113	25,26	4,228	0,700	114	26,90	5,583	1,159
	Nie-TV-kykers	114	24,85	4,554		114	26,06	5,313	
2	TV-kykers	113	21,23	4,626	0,707	114	21,33	5,700	1,454
	Nie-TV-kykers	114	20,78	4,920		114	20,26	5,361	
3	TV-kykers	113	25,27	4,845	-2,030*	114	25,43	4,997	-0,787
	Nie-TV-kykers	114	26,63	5,195		114	25,97	5,313	
4	TV-kykers	113	24,01	5,625	0,186	114	23,90	5,549	0,569
	Nie-TV-kykers	114	23,86	6,464		114	23,47	5,818	
5	TV-kykers	113	30,04	5,336	0,926	114	32,01	5,946	0,959
	Nie-TV-kykers	114	29,28	6,868		114	31,24	6,117	
6	TV-kykers	113	31,45	6,624	-0,489	114	29,04	7,614	-0,222
	Nie-TV-kykers	114	31,89	6,873		114	29,27	7,986	
7	TV-kykers	113	27,77	6,147	-0,521	114	30,00	7,638	-0,069
	Nie-TV-kykers	114	28,21	6,523		114	30,07	7,528	
8	TV-kykers	113	23,04	6,496	-0,600	114	25,08	7,644	1,452
	Nie-TV-kykers	114	23,59	7,233		114	23,64	7,260	
9	TV-kykers	113	18,73	9,916	1,154	114	24,81	10,280	2,329*
	Nie-TV-kykers	114	17,17	10,352		114	21,66	10,054	
10	TV-kykers	113	32,15	4,992	-0,823	114	31,43	5,416	-1,703
	Nie-TV-kykers	114	32,69	4,854		114	32,67	5,532	
11	TV-kykers	113	27,00	4,947	-1,136	114	27,33	5,013	0,706
	Nie-TV-kykers	114	27,72	4,661		114	26,83	5,619	
12	TV-kykers	113	17,54	5,006	1,799	114	17,20	4,197	-0,052
	Nie-TV-kykers	114	16,36	4,831		114	17,23	4,527	

*p < 0,05

3.4 VERGELYKING VAN DIE GEGEWENS VOLGENS METODE II (vgl. Hoofstuk 2)

In die lig van Campbell en Stanley (1963) se beswaar teen die prosedure wat in Metode I gevolg is (vgl. Hoofstuk 2), is die gegewens ook op 'n alternatiewe Metode (Metode II) verwerk. Volgens hierdie metode word die verskille tussen die televisiekykers en nie-televisiekykers ondersoek aan die hand van die verandering wat daar in die tellings op die meetinstrumente vanaf 1974 en 1976 plaasgevind het. Indien die twee stelle veranderinge betekenisvol verskil, word dit aangetoon. Soos by die voorafgaande tabelle, word die gegewens ten opsigte van 'n meetinstrument eers vir die totale afgepaarde groepe gegee, en daarna vir die seuns en meisies apart aangebied (kyk tabelle 3.9 tot 3.14).

Soos blyk uit tabel 3.9, is daar by faktore A en J van die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys betekenisvolle verskille by die totale groep bevind. Wat die seuns betref (vgl. tabel 3.10) is daar by dieselfde faktore betekenisvolle verskille bevind, terwyl daar by die meisies by faktore J en Q₂ betekenisvolle verskille bevind is.

Ten opsigte van die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys is daar by die totale groep betekenisvolle verskille by komponente 8 en 11 bevind, (vgl. tabel 3.12) terwyl daar by die seuns alleen (tabel 3.13) geen betekenisvolle verskille voorgekom het nie. Die meisies (tabel 3.14) het daarenteen op komponente 8, 11 en 12 betekenisvolle verskille getoon.

TABEL 3.9

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLING VIR DIE TOTALE GROEP

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
A	TV-kykers	196	101,29	3,792	0,0750	2,808*
	Nie-TV-kykers	196	100,26	3,739		
B	TV-kykers	196	100,90	1,805	0,0970	1,293
	Nie-TV-kykers	196	100,69	1,561		
C	TV-kykers	196	100,80	3,636	0,0370	1,196
	Nie-TV-kykers	196	100,36	3,766		
D	TV-kykers	196	98,55	3,849	0,0170	-1,342
	Nie-TV-kykers	196	99,07	3,867		
E	TV-kykers	196	100,85	3,393	0,0610	0,581
	Nie-TV-kykers	196	100,66	3,267		
F	TV-kykers	196	100,41	3,699	0,0350	0,490
	Nie-TV-kykers	196	100,23	3,686		

TABEL 3.9 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
G	TV-kykers	196	100,49	3,628	0,0090	-0,054
	Nie-TV-kykers	196	100,51	3,682		
H	TV-kykers	196	100,29	4,287	0,0250	-0,164
	Nie-TV-kykers	196	100,36	4,252		
I	TV-kykers	196	99,35	3,407	0,0220	0,465
	Nie-TV-kykers	196	99,19	3,464		
J	TV-kykers	196	99,01	3,828	0,0790	-3,969*
	Nie-TV-kykers	196	100,44	3,583		
O	TV-kykers	196	100,07	3,879	0,0870	0,670
	Nie-TV-kykers	196	99,82	3,830		
Q ₂	TV-kykers	196	99,96	3,445	0,0410	-1,768
	Nie-TV-kykers	196	100,54	3,163		
Q ₃	TV-kykers	196	99,62	3,411	0,0140	-0,643
	Nie-TV-kykers	196	99,85	3,735		
Q ₄	TV-kykers	196	99,67	3,462	0,0220	-0,890
	Nie-TV-kykers	196	99,99	3,714		

*p < 0,05

TABEL 3.10

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 (VOOR DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) NA 1976 (NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLINGS (SEUNS)

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
A	TV-kykers	80	101,65	3,585	0,0126	3,455*
	Nie-TV-kykers	80	99,68	3,628		
B	TV-kykers	80	100,97	2,001	0,0014	0,659
	Nie-TV-kykers	80	100,78	1,603		
C	TV-kykers	80	101,00	3,471	0,0037	0,850
	Nie-TV-kykers	80	100,55	3,194		
D	TV-kykers	80	98,46	3,507	0,0098	0,018
	Nie-TV-kykers	80	98,45	3,339		
E	TV-kykers	80	101,42	3,464	0,0177	1,488
	Nie-TV-kykers	80	100,62	3,355		
F	TV-kykers	80	100,37	4,096	0,0024	0,645
	Nie-TV-kykers	80	99,98	3,484		

TABEL 3.10 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
G	TV-kykers	80	100,65	3,403	0,0090	0,589
	Nie-TV-kykers	80	100,31	3,874		
H	TV-kykers	80	100,31	3,929	0,0120	-0,630
	Nie-TV-kykers	80	100,72	4,293		
I	TV-kykers	80	98,70	3,419	0,0139	1,017
	Nie-TV-kykers	80	98,16	3,300		
J	TV-kykers	80	99,20	4,118	0,0076	-2,699*
	Nie-TV-kykers	80	100,86	3,626		
O	TV-kykers	80	99,32	3,464	0,0168	0,037
	Nie-TV-kykers	80	99,30	3,356		
Q ₂	TV-kykers	80	100,38	3,519	0,0168	-1,297
	Nie-TV-kykers	80	101,07	3,217		
Q ₃	TV-kykers	80	99,81	3,066	0,0016	-0,628
	Nie-TV-kykers	80	100,15	3,712		
Q ₄	TV-kykers	80	99,92	3,354	0,0252	1,284
	Nie-TV-kykers	80	99,21	3,680		

*p < 0,05

TABEL 3.11

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 (VOOR DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) NA 1976 (NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE) TEN OPSIGTE VAN HSPV-TELLINGS (MEISIES)

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
A	TV-kykers	116	101,05	3,911	0,0029	0,792
	Nie-TV-kykers	116	100,65	3,762		
B	TV-kykers	116	100,86	1,656	0,0197	1,153
	Nie-TV-kykers	116	100,62	1,530		
C	TV-kykers	116	100,66	3,740	0,0033	0,831
	Nie-TV-kykers	116	100,23	4,109		
D	TV-kykers	116	98,62	4,068	0,0025	1,628
	Nie-TV-kykers	116	99,50	4,139		
E	TV-kykers	116	100,45	3,286	0,0023	-0,561
	Nie-TV-kykers	116	100,69	3,205		
F	TV-kykers	116	100,44	3,397	0,0046	0,084
	Nie-TV-kykers	116	100,40	3,810		

TABEL 3.11 (vervolg)

HSPV-FAKTOR		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
G	TV-kykers	116	100,37	3,771	0,0043	-0,582
	Nie-TV-kykers	116	100,65	3,536		
H	TV-kykers	116	100,27	4,516	0,0033	0,278
	Nie-TV-kykers	116	100,11	4,206		
I	TV-kykers	116	99,81	3,324	0,0013	-0,203
	Nie-TV-kykers	116	99,90	3,394		
J	TV-kykers	116	98,87	3,609	0,0076	-2,752*
	Nie-TV-kykers	116	100,16	3,526		
O	TV-kykers	116	100,58	4,063	0,0024	0,745
	Nie-TV-kykers	116	100,18	4,086		
Q ₂	TV-kykers	116	99,68	3,362	0,0078	-1,182
	Nie-TV-kykers	116	100,18	3,073		
Q ₃	TV-kykers	116	99,50	3,623	0,0032	-0,310
	Nie-TV-kykers	116	99,65	3,737		
Q ₄	TV-kykers	116	99,50	3,525	0,0112	-2,170*
	Nie-TV-kykers	116	100,52	3,643		

*p < 0,05

TABEL 3.12

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS VIR DIE TOTALE GROEP

PHSF-KOMPO-NENT		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
1	TV-kykers	190	101,52	5,757	0,0145	0,544
	Nie-TV-kykers	190	101,22	5,018		
2	TV-kykers	190	99,98	5,157	0,0069	0,864
	Nie-TV-kykers	190	99,50	5,660		
3	TV-kykers	190	100,56	5,051	0,0025	-1,341
	Nie-TV-kykers	190	99,90	4,517		
4	TV-kykers	190	100,28	5,683	0,0087	0,122
	Nie-TV-kykers	190	100,21	5,529		
5	TV-kykers	190	102,15	5,554	0,0020	0,051
	Nie-TV-kykers	190	102,12	5,872		
6	TV-kykers	190	98,17	6,570	0,0029	0,746
	Nie-TV-kykers	190	97,64	7,242		
7	TV-kykers	190	102,67	6,866	0,0044	1,327
	Nie-TV-kykers	190	101,78	6,188		

TABEL 3.12 (vervolg)

PHSF KOMPO- NENT		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
8	TV-kykers	190	101,28	7,451	0,0032	2,529*
	Nie-TV-kykers	190	99,43	6,777		
9	TV-kykers	190	105,62	10,327	0,0108	1,481
	Nie-TV-kykers	190	104,13	9,317		
10	TV-kykers	190	99,37	5,779	0,0026	-0,416
	Nie-TV-kykers	190	99,62	5,926		
11	TV-kykers	190	100,15	5,257	0,0087	2,416*
	Nie-TV-kykers	190	98,86	5,171		
12	TV-kykers	190	99,85	4,932	0,0007	-1,393
	Nie-TV-kykers	190	100,54	4,701		

*p < 0,05

TABEL 3.13

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS (SEUNS)

PHSF- KOMPO- NENT		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	S	r	t
1	TV-kykers	76	101,30	5,267	0,0072	0,0
	Nie-TV-kykers	76	101,30	4,470		
2	TV-kykers	76	99,89	4,847	0,0184	0,381
	Nie-TV-kykers	76	99,56	5,814		
3	TV-kykers	76	101,19	4,979	0,0017	0,497
	Nie-TV-kykers	76	100,80	4,643		
4	TV-kykers	76	100,78	5,764	0,0071	-0,351
	Nie-TV-kykers	76	101,10	5,421		
5	TV-kykers	76	102,19	6,040	0,0132	-0,239
	Nie-TV-kykers	76	102,42	5,825		
6	TV-kykers	76	98,84	6,604	0,0104	0,686
	Nie-TV-kykers	76	98,09	6,852		
7	TV-kykers	76	103,39	6,339	0,0036	1,781
	Nie-TV-kykers	76	101,67	5,478		
8	TV-kykers	76	100,22	7,299	0,0149	1,601
	Nie-TV-kykers	76	98,43	6,474		
9	TV-kykers	76	105,14	9,822	0,0047	0,985
	Nie-TV-kykers	76	103,55	9,985		
10	TV-kykers	76	99,44	5,812	0,0024	0,322
	Nie-TV-kykers	76	99,15	5,219		

TABEL 3.13 (vervolg)

PHSF-KOMPO-NENT		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	s	r	t
11	TV-kykers	76	99,78	5,642	0,0182	1,417
	Nie-TV-kykers	76	98,52	5,347		
12	TV-kykers	76	100,17	5,172	0,0036	0,035
	Nie-TV-kykers	76	100,14	5,333		

TABEL 3.14

VERSKILLE TUSSEN DIE TELEVISIEKYKERS (EKSPERIMENTELE GROEP) EN NIE-TELEVISIEKYKERS (KONTROLEGROEP) VOLGENS VERANDERING VANAF 1974 NA 1976 TEN OPSIGTE VAN PHSF-TELLINGS (MEISIES)

PHSF-KOMPO-NENT		N	$\bar{X}(1976) - \bar{X}(1974) \times 100$	s	r	t
1	TV-kykers	114	101,67	6,058	0,0180	0,664
	Nie-TV-kykers	114	101,17	5,351		
2	TV-kykers	114	100,04	5,354	0,0004	0,812
	Nie-TV-kykers	114	99,45	5,565		
3	TV-kykers	114	100,14	5,054	0,0085	1,364
	Nie-TV-kykers	114	99,29	4,329		
4	TV-kykers	114	99,95	5,603	0,0116	0,462
	Nie-TV-kykers	114	99,61	5,519		
5	TV-kykers	114	102,12	5,205	0,0137	0,272
	Nie-TV-kykers	114	101,92	5,894		
6	TV-kykers	114	97,73	6,510	0,0011	0,408
	Nie-TV-kykers	114	97,35	7,475		
7	TV-kykers	114	102,19	7,155	0,0046	0,361
	Nie-TV-kykers	114	101,86	6,619		
8	TV-kykers	114	101,99	7,468	0,0062	1,994*
	Nie-TV-kykers	114	100,09	6,891		
9	TV-kykers	114	105,93	10,640	0,0148	1,092
	Nie-TV-kykers	114	104,52	8,823		
10	TV-kykers	114	99,33	5,756	0,0054	-0,747
	Nie-TV-kykers	114	99,93	6,335		
11	TV-kykers	114	100,40	4,969	0,0016	1,985*
	Nie-TV-kykers	114	99,08	5,038		
12	TV-kykers	114	99,64	4,754	0,0040	-1,963*
	Nie-TV-kykers	114	100,81	4,207		

*p < 0,05

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN DIE RESULTATE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word enkele van die metodologiese probleme in perspektief geplaas voordat die resultate, soos weerspieël deur die meetinstrumente, bespreek word. Daar word eerstens verwys na die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys, waarna die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys bespreek word. Na detailbespreking word 'n totaalbeeld verskaf, en enkele teoretiese voortvloeiings uit die navorsing toegelig.

4.2 METODOLOGIE

Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, word daar in hierdie ondersoek van twee metodes gebruik gemaak om die invloed van televisie te probeer isoleer. Metode I is gebaseer op die premisse dat die gemiddelde roupunttellings van die afgepaarde potensiële televisiekykers voor die koms van televisie nie betekenisvol verskil het van die potensiële nie-televisiekykers se gemiddelde roupunttellings nie, maar wel daarna betekenisvol verskil het (indien televisie 'n invloed gehad het). Metode II dui die mate van verandering aan wat die eksperimentele groep (die televisiekykers) vanaf voor tot na die instelling van televisie ondergaan het, teenoor die mate van verandering wat die kontrolegroep (die nie-televisiekykers) vanaf voor tot na die instelling van televisie ondergaan het. Beide hierdie metodes is in groot mate afhanklik van afparing om die televisiekykers en die nie-televisiekykers vergelykbaar te maak ten opsigte van steuringsveranderlikes. Tabel 4.1 gee 'n oorsig van die betekenisvolle verskille wat verkry is tussen die 1976 televisiekykers en nie-televisiekykers ten opsigte van die HSPV en die PHSF voor en na afparing. Afparing het dus 'n invloed gehad deurdat dit by sowel die HSPV as die PHSF die aantal faktore waarby die kykers en nie-kykers verskil het, merkbaar verminder het.

'n Metodologiese probleem wat by Metode I ontstaan, en wat reeds in hoofstuk 2 aangedui is, is dat die verskil tussen die potensiële televisiekykers en die potensiële nie-televisiekykers voor die koms van televisie net onderkant die betekenisvolheidspeil mag val, en na die koms van televisie net daarbo, en dat dit die indruk van betekenisvolle verandering mag skep, terwyl daar in werklikheid slegs 'n klein toevallige verandering plaasgevind het. Faktor F van die HSPV by die seuns (tabel 3.4) gee 'n aanduiding van so 'n geval: die t -waarde voor die koms van televisie is 1,553 en daarna 2,263 (die betekenispeil-grens is 1,96). Sodanige "verskille" sal dus baie versigtig geïnterpreteer moet word.

TABEL 4.1

BETEKENISVOLLE VERSKILLE TUSSEN DIE 1976-TELEVISIIEKKERS EN NIE-TELEVISIIEKKERS TEN OP-
SIGTE VAN DIE HSPV EN DIE PHSF VOOR EN NA AFPARING

HSPV-FAKTOR	TABEL				PHSF-FAKTOR	TABEL			
	3.1	3.3	3.4	3.5		3.2	3.6	3.7	3.8
A	*	*	*		1	*			
B					2	*			
C					3				
D					4				
E	*	*	*		5				
F	*		*		6	*			
G	*				7				
H	*				8	*	*		
I				*	9	*		*	
J	*	*	*		10	*	*	*	
O					11				
Q ₂	*	*	*	*	12				
Q ₃	*	*		*					
Q ₄									
	Voor afparing: Standerd agt-leerlinge	Na afparing (Totale groep)	Na afparing (seuns)	Na afparing (meisies)		Voor afparing: Standerd agt-leerlinge	Na afparing (Totale groep)	Na afparing (seuns)	Na afparing (meisies)

4.3 RESULTATE

In die probleemstelling is gemeld dat slegs 'n algemene werkshipotese gestel word, naamlik dat televisie 'n invloed op sekere persoonlikheidsveranderlikes soos gemeet deur die HSPV en die PHSF by 'n groep standerd agt-leerlinge het. Volgens tabelle 3.3 tot 3.14 is hierdie hipotese bevestig en kan dit gestel word dat daar aanduidings bestaan dat televisie wel 'n invloed op kort termyn op sekere persoonlikheidsveranderlikes, soos gemeet deur die HSPV en die PHSF, gehad het. By vyf uit die veertien faktore van die HSPV, en vier uit die elf aanpassingsvelde van die PHSF is daar statisties betekenisvolle verskille tussen die kykers en nie-kykers verkry. Hierdie veranderlikes, en die invloed wat televisie moontlik daarop gehad het, word vervolgens bespreek.

4.3.1 Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV)

Volgens tabelle 3.3, 3.4 en 3.5 (Metode I), en tabelle 3.9, 3.10 en 3.11 (Metode II) is daar by die volgende faktore van die HSPV betekenisvolle verskille op die 5-persentpeil van betekenisvolheid bevind:

- | | |
|--|---|
| . Faktor A (Teruggetrokke - Hartlik) | . Totale groep, seuns, Metodes I en II |
| . Faktor F (Sober - Entoesiasies) | . Seuns, Metode I |
| . Faktor J (Lewenslustig.- Versigtig Individualisties) | . Totale groep, Seuns/Meisies Metodes I en II |
| . Faktor Q ₂ (Sosiaal groep afhanklik - Selfgenoegsaam) | . Meisies, Metode I |
| . Faktor Q ₄ (Ontspanne - Gespanne) | . Meisies, Metode II |
- a. Faktor A - Teruggetrokkenheid (Sizothymia) teenoor Hartlikheid (Affectothymia)

Uit tabelle 3.3 en 3.9 kan gesien word dat diegene wat in 1976 televisie gekyk het, 'n betekenisvolle groter neiging na 'n hoër telling getoon het as diegene wat nie televisie gekyk het nie. Volgens tabel 3.3 het die televisiegroep in 1976, toe hulle in standerd ses was, 'n gemiddelde roupunt van 8,95 behaal, terwyl die nie-televisiegroep 'n gemiddelde roupunt van 8,8 behaal het (verskil nie betekenisvol). Na die koms van televisie (in standerd agt) het die twee groepe leerlinge onderskeidelik gemiddelde roupunte van 10,25 vir die televisiegroep, en 9,06 vir die nie-televisiegroep behaal (verskil wel betekenisvol).

Dit beteken dat diegene wat aan televisie blootgestel was, betekenisvol meer

na die hartlike kant van hierdie bipoelêre skaal van die HSPV geneig het as die nie-kykers. Die positiewe (Affectothymia) kant van die skaal word deur die volgende terme beskryf: goedgeaard, sorgeloos, bereid tot samewerking, hou van deelname, gee aandag aan mense, saghartig, kasueel, vertrouend, aanpasbaar, werk saam, warmhartig en lag geredelik (Madge en Du Toit, 1974, p. 9). Daar is dus 'n algemene neiging tot emosionele warmte en spontaniteit, teenoor die Sizothymia-kant van die skaal, wat neig na 'n emosionele platheid: "... a dimension ranging from warm and responsive emotion (showing ample affect) to an emotional flatness" (Cattell, 1973, p. 58). Die groter neiging na A + (positiewe kant) deur die televisiegroep kan ook geïnterpreteer word as 'n neiging tot beter sosiale aanpassing: "Die A + persone vorm makliker aktiewe groepe. Hulle is meer impulsief rojaal in persoonlike verhoudings, word minder deur kritiek ontstel en is beter in staat om mense se name te onthou" (Madge en Du Toit, 1974, p. 9). Die hoë gemiddelde tellings wat albei groepe, dit wil sê die televisie- en die nie-televisiegroepe na die instelling van televisie behaal het, klop met Cattell se beskrywing van die algemene neiging van hierdie faktor, wat "decreases until about age 10; then there is a steady and relative rapid increase to age 30, where it levels off" (1973, p. 158). Deur adolessensie is daar dus 'n algemene neiging tot A +. Volgens die resultate wil dit voorkom of televisie hierdie neiging versnel. Die vermoede ontstaan dat televisie moontlik 'n sosialiseringseffek op die groep leerlinge kon gehad het. Hierdie vermoede bestaan ook in die literatuur: "Communications media are potential agencies of socialization because they too, like family, school and peers, direct information towards the child and present him with examples of behaviour" (Brown, 1976, p. 20).

'n Interessante verskynsel wat by hierdie faktor na vore tree, is die bevinding dat daar by die seuns betekenisvolle verskille voorkom, maar nie by die meisies nie (vgl. tabelle 3.4 en 3.5 ten opsigte van Metode I; en tabelle 3.10 en 3.11 ten opsigte van Metode II). Wat hierdie faktor betref, kan afgelei word dat seuns blykbaar meer vatbaar vir die invloed van televisie was as meisies. Hierdie verskil mag 'n funksie van die meisies se emosionele rypheid en ontwikkeling wees.

Bostaande interpretasie moet egter gelees word in die lig daarvan dat daar slegs van die rigting van verandering wat moontlik deur televisie teweeggebring is, gepraat kan word. Die verskuiwings in die gemiddelde roupunttellings is uiteraard baie klein, en sou volgens die normskale baie min afwyk van 'n stanege van 5, wat 'n normale telling aandui. Dit doen egter nie afbreuk aan die betekenis van die veranderings nie.

b. Faktor F - Soberheid (Desurgency) teenoor Entoesiasme (Surgency)

Soos in paragraaf 2 gestel, moet die bipolêre skaal by hierdie faktor baie versigtig geïnterpreteer word, omdat daar slegs deur middel van Metode I 'n betekenisvolle verskil in die gemiddelde tellings voorkom. Dit blyk volgens tabel 3.4 dat daar 'n neiging bestaan by seuns wat televisie kyk, om meer na die entoesiasme kant van die skaal te beweeg as die nie-kykers. Geen verdere interpretasies word gemaak nie.

c. Faktor J - Lewenslustig (Zeppia) teenoor Versigtig Individualisties (Coasthenia)

Ten opsigte van faktor J is volgens beide metodes betekenisvolle verskille verkry, by die totale groep, die seuns en meisies. By die totale groep het die televisiekykergroep 'n daling in gemiddelde roupunte (vgl. tabel 3.3) getoon (8,56 in 1974 teenoor 7,57 in 1976; $t = 5,107$; $p < 0,05$), terwyl diegene wat nie televisie gekyk het nie, 'n styging in gemiddelde roupunte getoon het (8,74 in 1974 teenoor 9,18 in 1976; $t = -2,1$; $p < 0,05$). Hierdie interessante neiging kom ook voor by sowel die seuns as die meisies. Die seuns wat televisie gekyk het, se gemiddelde roupunt het van 8,86 in 1974 tot 8,06 in 1976 gedaal ($t = 2,484$; $p < 0,05$), teenoor hulle nie-televisie afgepaarde maats wie se gemiddelde roupunt van 9,06 in 1974 tot 9,92 in 1976 gestyg het ($t = 2,62$; $p < 0,05$) (vgl. tabel 3.4). Die meisies wat televisie gekyk het se gemiddelde roupunt het van 8,33 in 1974 tot 7,24 in 1976 gedaal, ($t = 4,701$; $p < 0,05$) terwyl hulle maats wat nie televisie gekyk het nie, 'n effense styging in roupunte van 8,51 in 1974 tot 8,68 in 1976 getoon het (nie betekenisvol: $t = -0,694$; $p > 0,05$) (tabel 3.5). Televisie het dus 'n moontlike remmende invloed op die gemiddelde roupunt-tellings van die televisiekykers gehad.

Die normale neiging (soos weerspieël deur die nie-televisiekykers) mag dus wees om na die versigtig individualistiese kant van die bipolêre skaal te beweeg, soos die adolessent ouer word. Dit beteken dat hy meer nadenkend, innerlik beheersd, behoedsaam, in homself gekeer, nousiende en bemoeisiek, neurasthenies vermoeid word, en neig om ongevoelig te evalueer. Daar is dus by sommige van die kontrole-standerd agt-leerlinge 'n neiging om meer teruggetrokke te word. Hierdie neiging word blykbaar deur televisie omgesit in 'n neiging om meer lewenslustig te wees, om te hou van groepsaktiwiteite, om te hou van aandag, om hulself te versink in groepsondernemings, om lewenskragtig te wees en om algemene standaarde te aanvaar (vgl. Madge en Du Toit, 1974, p. 1). Verdere kenmerke wat die televisiekykers in meerdere mate openbaar, is geloof in eie krag, snel van begrip, toon inisiatief, beïnvloed ander en word as leier aanvaar, hardwerkend en is verstandelik wakker (Madge en

Du Toit, 1975, p. 33). Die teenpool van hierdie kenmerke is die psigiese lui persoon: "From clinical descriptions of high J (coasthenic) children the factor seems to enter all three asthenia syndromes (hence coasthenia) - psychasthenia, neurasthenia and obsessional schizoid asthenia" (Cattell, 1973, p. 178). Soos by faktor A, moet dit ook hier duidelik gestel word dat daar nie sprake van abnormaliteite of abnormale veranderings is nie, maar dat daar van die rigting van die veranderings gepraat word.

Dit blyk dus uit bogenoemde dat televisie om die een of ander rede die leerlinge (seuns sowel as meisies afsonderlik) laat neig het tot groter lewenslustigheid en beter samewerking met hulle groep. Die beskrywing van Zestful Cooperativeness wat afgekort is tot Zeppia, gee 'n goeie beskrywing daarvan. Dit stem in groot mate ooreen met die beskrywing wat by Faktor A waargeneem is. Trouens J - en A + vorm deel van die tweede orde faktor exvia of ekstra-versie.

d. Faktor Q₂ - Sosiaal groepafhanklik teenoor selfgenoegsaam

By hierdie faktor is daar volgens Metode I by die meisies 'n betekenisvolle verskil na die instelling van televisie bevind wat moontlik daarop dui dat die televisiekykers meer as die nie-kykers neig om sosiaal groepafhanklik, 'n aanhanger en 'n goeie volgeling te wees (vgl. tabel 3.5). By sowel die seuns as die totale groep was daar reeds in 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie betekenisvolle verskille, en kan daar dus wat Metode I betref, by die laasgenoemde groepe, geen afleidings gemaak word nie. Volgens Metode II is daar nie by een van die groepe statisties-betekenisvolle verskille verkry nie. So byvoorbeeld is die t-waarde ten opsigte van die verskil by die totale groep 1,768 (vgl. tabel 3.9). Met ander woorde die veranderings by die kykers en die nie-kykers is nie verskillend nie.

e. Faktor Q₄ - Ontspanne (Lae ergiese spanning) teenoor Gespanne (Hoë ergiese spanning)

Uit tabel 3.11 kan gesien word dat by faktor Q₄ 'n betekenisvolle verskil volgens Metode II voorkom. Hierdie verskil geld egter slegs vir die meisies. Alhoewel daar dus volgens Metode I nie betekenisvolle verskille voorkom nie, toon inspeksie van tabel 3.5 tog dat diegene wat in 1976 televisie gekyk het 'n betekenisvolle laer gemiddelde roupunt in 1976 as in 1974 behaal het (9,97 in 1976 teenoor 10,48 in 1974; $t = 2,324$; $p < 0,05$). Daarteenoor het die groep wat nie televisie gekyk het nie, 'n effens hoër gemiddelde roupunt in 1976 as in 1974 behaal (9,88 in 1974 teenoor 10,41 in 1976; $t = 2,435$; $p < 0,05$). Blykbaar het televisie die normale tendens dus omgekeer.

'n Laer rouppunt beteken laer ergiese spanning, waar die individu as rustig, ongefrustreerd, traag en kalm beskryf kan word. Die ander kant van die bipolarêre skaal, gespannendheid, beteken 'n hoë ergiese spanning, waar die individu aangedrewe, gefrustreerd, oorspanne en prikkelbaar is (Madge en Du Toit, 1974, p. 19). Waar televisie by die meisies in die groep 'n laer gemiddelde rouppunttelling teweeggebring het, is dit betekenisvol dat Wright, en O'Halloran gevind het dat ... "faktor + Q₄ leerlinge wat swak presteer in die skool onderskei van dië (met dieselfde intelligensie) wat goed presteer" (soos in Madge en Du Toit, 1975, p. 47).

f. Opsomming

Uit die voorgaande paragrawe is dit duidelik dat televisie blykbaar die leerlinge beïnvloed het om meer hartlik, bereid tot samewerking, maar aanpasbaar en lewenskragtig te wees as diegene wat nie televisie gekyk het nie. Hulle het meer van groepaktiwiteite gehou en het algemene standaarde in groter mate aanvaar. By sowel die seuns as die meisies is daar 'n neiging om meer groepafhanklik te wees, en daar is by die meisies 'n tendens opgemerk om minder spanning te beleef. Dit wil voorkom of televisie 'n sosialisering-funksie vervul by die standerd agt-leerling, wat homself midde-in adolessensie met al sy probleme bevind.

4.3.2 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF)

Volgens tabelle 3.6, 3.7, 3.8 (Metode I), en tabelle 3.12, 3.13 en 3.14 (Metode II) is daar by die volgende komponente van die PHSF betekenisvolle verskille op die 5-persentpeil van betekenisvolheid bevind:

- | | |
|------------------------------------|--|
| . Komponent 8 Sosialiteit - G | . Totale groep, Metode I en II, Meisies, Metode II |
| . Komponent 9 Sosialiteit - S | . Meisies, Metode I |
| . Komponent 11 Formele Verhoudinge | . Totale groep, Meisies, Metode II |
| . Komponent 12 Gewenstheidskaal | . Meisies, Metode II |

Dit beteken dat wat die Persoonlike Verhoudinge aspek van die toets, naamlik die komponente wat die intra-persoonlike verhoudinge meet, en wat volgens die Handleiding (Fouché en Grobbelaar, 1971, p. 6) ... "van primêre belang in aanpassing is", by die respondente skynbaar nie deur televisie geraak is nie. Dieselfde opmerking geld vir die Huislike Verhoudinge aspek van die toets. Die sosiale en formele verhoudinge van die televisiekykers, soos deur hierdie vraelys gemeet, is egter blykbaar deur televisie verander.

a. Sosiale Verhoudinge

"Dit is daardie verhoudinge waardeur 'n persoon op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel" (Fouché en Grobbelaar, 1971, p. 6).

1. Komponent 8: Sosialiteit - G

By hierdie komponent het die leerlinge wat (totale groep, kyk tabel 3.6) televisie gekyk het, 'n effens hoër gemiddelde roupunt in 1976 (na die instelling van televisie) as in 1974 (voor die instelling van televisie) behaal: (23,52 in 1974, en 24,81 in 1976; $t = 3,943$; $p < 0,05$). Daarenteen is daar nie betekenisvolle verskille by die gemiddelde roupunt-tellings van die groep leerlinge wat nie televisie gekyk het nie (23,87 in 1974 teenoor 23,31 in 1976; $t = 1,794$; $p > 0,05$) bevind. Dit beteken dat die televisiekykers meer geneig het in die rigting waarin hulle 'n behoefte het en spontaan wil deelneem aan sosiale groepsverkeer. Ook die meisies het (by Metode II) 'n betekenisvolle verskil ten opsigte van hierdie faktor getoon: Die televisiegroep se roupunte: (23,04 in 1974 en 25,08 in 1976; $t = 5,082$; $p < 0,05$). Die nie-televisiegroep se roupunte: (23,59 in 1974 en 23,64 in 1976; $t = 0,126$; $p > 0,05$) (vgl. tabel 3.8). Die algemene breë neiging tot sosialiteit, wat by die HSPV bevind is, word dus wat hierdie komponent betref, by hierdie leerlinge voortgesit. Die seuns het egter by sowel Metodes I en II geen betekenisvolle verskille in hulle gemiddelde roupunte getoon nie (tabelle 3.7 en 3.13).

2. Komponent 9: Sosialiteit - S

Volgens tabel 3.8 het slegs die meisies (by Metode I) op hierdie komponent betekenisvolle verskille in gemiddelde tellings getoon. Dit sou beteken dat televisie die behoefte van meisies om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer moontlik versterk het (Fouché en Grobbelaar, 1971, p. 6). Ongelukkig word hierdie invloed nie deur Metode II bevestig of weerlê nie, aangesien die betrokke t-waarde (1,092) nie betekenisvol is nie. Ook wat hierdie komponent betref, word die tendens tot sosialisering, soos hierbo bevind, by meisies (Metode I) bevestig. Van Zyl (1978) het ook 'n ondersoek gedoen na die invloed van televisie op die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudinge van standerd agt-leerlinge. Hierdie ondersoek dui ook daarop dat televisie 'n invloed gehad het op die sosiale verhoudinge van leerlinge, en wel by komponente 9 (Sosialiteit S) en 10 (Morele Inslag). By sy ondersoekgroep is egter sowel Afrikaans- as Engelssprekende leerlinge ingesluit.

b. Komponent 11: Formele Verhoudinge (F)

By hierdie komponent is slegs by Metode II betekenisvolle verskille aangetoon. By Metode II is die betekenisvolheid van verskil tussen die nie-televisiekykers en televisiekykers bereken volgens die verandering in die gemiddelde rouppunte van 1974 na 1976. Verskille het by die totale groep en die meisies voorgekom, en nie by die seuns nie (vgl. tabelle 3.12, 3.13 en 3.14). Die verandering kan egter nie baie duidelik uit die gemiddelde rouppunte in tabelle 3.6 en 3.8 waargeneem word nie omdat die verskille in sommige gevalle nie betekenisvol is nie. Die televisiegroep (totale groep) het byvoorbeeld 'n nie-betekenisvolle verskil in gemiddelde rouppunte van 26,96 in 1974 en 27,12 in 1976 ($t = -0,559$; $p > 0,05$) getoon, waar daar by die nie-televisiegroep 'n betekenisvolle daling van 27,64 in 1974 na 26,50 ($t = 3,752$; $p < 0,05$) in 1976 voorgekom het. Dieselfde verskynsel kan by die meisies (tabel 3.8) waargeneem word. Diegene wat televisie gekyk het, toon nie-betekenisvolle verskille in gemiddelde rouppunte van 27,0 in 1974 tot 27,33 in 1976 ($t = -0,923$; $p > 0,05$) nie. Die nie-televisiekykers het daarteenoor 'n betekenisvolle neiging na 'n laer rouppunt getoon: van 27,72 in 1974 tot 26,83 in 1976 ($t = 2,357$; $p < 0,05$).

Dit beteken dus dat die normale neiging (soos afgelei by die nie-televisiekykers) om vanaf standerd ses (1974) tot standerd agt (1976) 'n laer gemiddelde punt by hierdie komponent, en dus 'n effens swakker aanpassing ten opsigte van hul formele verhoudinge, te vertoon, deur televisie by die eksperimentele groepe gestuit is.

c. Komponent 12: Gewensteidskaal

Hierdie skaal gee 'n aanduiding van die eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is. Die enigste betekenisvolle verskil is volgens Metode II by die meisies bevind (tabel 3.14). Indien na die gemiddelde rouppunte soos op tabel 3.8 aangedui, gelet word, sal gesien word dat die meisies wat nie televisie gekyk het nie, se gemiddelde rouppunt van 16,36 in 1974 tot 17,23 in 1976 gestyg het ($t = -2,633$; $-p < 0,05$), terwyl die televisiekykers se rouppunte nie betekenisvol verskil het nie (17,54 in 1974 tot 17,20 in 1976; $t = 1,022$; $p > 0,05$). Oor die algemeen kan egter gemeld word dat die vraelys met 'n bevredigende mate van eerlikheid beantwoord is (vgl. tabelle 3.6, 3.7 en 3.8).

d. Opsomming

Dit is opvallend dat die resultate van die PHSF dieselfde algemene tendens tot beter sosialisering as die HSPV aandui. Die komponente wat deur televi-

sie beïnvloed is, het almal iets te doen met interpersoonlike verhoudinge: die Sosiale Verhoudinge, waarin Sosialiteit - G (totale groep en meisies) en Sosialiteit - S (meisies) geraak is, en die Formele Verhoudinge (totale groep en meisies). Dit is verder interessant dat die televisiekykers in die betrokke komponente en by die betrokke gevalle hoër tellings as die nie-televisiekykers behaal het, wat daarop dui dat televisiekyk op een of ander wyse tot beter aanpassing gelei het. Ten einde hierdie interessante resultate in perspektief te plaas, word daar vervolgens in die totaalbeeld enkele moontlike verklarings aangebied.

4.4 TOTAALBEELD

Soos hierbo vermeld is dit duidelik dat daar aanduidings is dat televisie 'n invloed op sekere persoonlikheidsstrukture, soos gemeet deur die HSPV en die PHSF op die groep standerd agt-leerlinge gehad het. Alhoewel daar nie ten opsigte van die breë bevolking veralgemeen kan word nie weens steekproefbeperinge, asook die afparing van die groepe leerlinge, is die implikasies van hierdie navorsing tog belangrik, omdat sover bekend, daar geen empiriese bewyse in die literatuur bestaan dat die persoonlikheid van 'n adolessent deur 'n massamedium soos televisie beïnvloed kan word nie. Die rigting van hierdie invloed kan dan ook redelik sterk geassosieer word met beter sosialisering. Die volgende beeld van die Afrikaanssprekende standerd agt-leerlinge wat in 1976 na televisie gekyk het, kom na vore wanneer hulle met leerlinge vergelyk word wat nie televisie gekyk het nie.

In vergelyking met die nie-televisiekykers het die televisiekykers na die instelling van televisie meer geneig om hartlik in hulle interpersoonlike verhoudinge te wees; meer te hou van sosiale deelname, 'n "warm" soort persoon te wees wat meer hou van groepaktiwiteite, en wat meer lewenskragtig is. Verder is hulle meer suksesvol in hul formele verhoudinge en het hulle 'n groter behoefte aan sosiale groepverkeer.

Dit lyk dus of daar 'n neiging tot emosionele "losmaking" by die televisiekykers voorgekom het, wat moontlik kan lei tot ryker emosionele belewenisse as hulle maats wat nie televisie gekyk het nie.

Soos in hoofstuk 1 vermeld, kan 'n buitengewone of epogeniese gebeurtenis wel 'n verandering in persoonlikheidsstrekke teweegbring, hoewel dit nog nie betroubaar gedokumenteer is nie (Cattell, 1973, p. 149).

Indien die instelling van televisie as 'n epogeniese gebeurtenis beskou word, lewer die resultate van die onderhawige studie 'n betekenisvolle bydrae, omdat duidelike aanduidings van persoonlikheidsveranderinge wat plaasgevind het, verkry is.

Die vraag ontstaan nou: waarom televisie hierdie veranderinge teweegbring het? In hierdie verband wys McQuail (1976) daarop dat "... In the long run, it is more useful to know why effects occur than to know what effects occurred ..." (soos in Brown, 1976, p. 346).

Soos hierbo gemeld dui die gegewens daarop dat televisie op een of ander wyse 'n sosialiseringseffek op Afrikaanssprekende leerlinge het. Die televisiekykers was na blootstelling sosiaal beter aangepas as die nie-televisiekykers. In hierdie verband meld Von Feilitzen (1976) dat navorsing oor die sosiale funksie van televisie tot dusver baie afgeskeep is: "We should look in the other direction and focus on what has so far attracted relatively little attention in research and debate, namely the many-faceted social functions which television has for children" (In Brown, 1976, p. 103).

Wanneer "funksie" by die invloed van televisie vermeld word, word daar direk verwys na die sogenaamde "functions and gratifications approach", wat in hoofstuk 1 behandel is. Daar word uitgegaan van die veronderstelling dat televisiekyk die een of ander behoefte bevredig. Soos in die literatuuroorsig vermeld, is dit baie moeilik om die behoeftes van die kind te meet, omdat daar nie 'n geskikte gestandaardiseerde toets of skaal bestaan nie. Vir die verklaring van die resultate van hierdie ondersoek, is dit nogtans nuttig om weer na die behoeftebenadering te kyk.

Daar is verskillende stelling behoeftes wat in die literatuur geïdentifiseer word: (Die "behoeftes" word ook liewer funksies as behoeftes (needs) genoem). Schramm, Lyle en Parker (1961) onderskei byvoorbeeld fantasie-ontvlugting, inligting, en sosiale bruikbaarheid. Brown (1976) verwys na Blumler et al. (1970) en McQuail et al. (1972) wat die volgende indeling van funksies gee:

"1. Diversion

- a. Escape from the constraints of routine
- b. Escape from the burdens of problems
- c. Emotional release

2. Personal Relationships

- a. Companionship
- b. Social utility

3. Personal Identity

- a. Personal reference
- b. Reality exploration

c. Value reinforcement" (Brown, 1976, In Brown, 1976, p. 120).

Von Feilitzen (1976) onderskei weer die volgende funksies: Inligtings- of kognitiewe funksies; Sosiale funksies; Non-Sosiale of Ontvlugtingsfunksies; en wyse van konsumpsie en Middelvlakfunksies (Mode of Consumption or Medium Level Functions). Volgens Von Feilitzen (1976) val die Sosiale Funksies, wat moontlik ooreenkomste toon met die bevindinge van hierdie ondersoek, uiteen in twee kategorieë: "First it seems as if television viewing can mean a social relationship per se (cf., for example, the findings that television permits identification, contact with television personalities, distraction from loneliness, and security). Secondly, children consider television as a source of information on the social environment, or of information that they can use in their social environment (cf. that television means topics of conversation and social commitment, that viewing signifies status and performance)" (soos in Brown, 1976, p. 103).

Veral hierdie laaste opmerking van Von Feilitzen mag hierdie ondersoek se resultate gedeeltelik verklaar. Televisie was in 1976 nog 'n nuwigheid in die huis, en die programme het die televisiekykers geleentheid gegee om sosiaal te verkeer; daar was iets om oor te praat met hulle maats en portuurgroep. As in gedagte gehou word dat die standerd agt-leerling, (ongeveer 16 jaar oud) in middeladolesensie is, en dat sosiale vaardighede 'n belangrike rol in hulle lewens speel, dat die sosiale rolle wat op televisie vertoon word, ook geleentheid tot identifikasie bied, wat 'n uitlewings of katarsiseffek, asook 'n nabootseffek mag hê; dit beteken dat televisie 'n versterkende effek op sosialiseringprosesse wat reeds aan die gang is, mag hê (McQuail, 1976).

Daar is natuurlik ook ander benaderings tot die verklaring van die invloed van televisie op kinders, en nie net die funksionele benadering nie.

So onderskei McQuail 'n verdere drie benaderings om die vraag waarom die invloed plaasgevind het, te probeer verklaar:

a. Kommunikasie as inligtingsverwerking

Volgens hierdie benadering word die invloed as 'n rasionele, gerigte interaksie tussen ontvanger en sender beskou.

b. Kommunikasie as kondisionering

Hierdie benadering fokus op die sender of die boodskap en beskou die invloedproses as een van die respons of reaksie op die boodskap.

c. Die verhoudingsmodel van kommunikasie-invloed

By hierdie benadering word aanvaar dat kommunikatiewe kontak ondergeskik is aan die sosiale verhouding tussen die sender en die ontvanger en tot die algemene karakter van die oriëntasie van die een na die ander lei. Die kwaliteit van die verhouding bepaal volgens hierdie benadering die invloed van die medium (vgl. McQuail, soos in Brown, 1976, p. 349). Dit is egter baie moeilik om alle invloed met 'n enkele konstruk of teorie te verklaar, en moontlik sou dit meer sinvol wees om eers op die spesifieke soort invloed te let, voordat dit in terme van die "waarom"-vraag verklaar word: Blote verskuiwings in tydbenutting, soos byvoorbeeld die verskuiwing van aandetetyd sou nie op dieselfde wyse as houdings- en persoonlikheidsveranderinge verklaar kan word nie.

Met bogenoemde voorbehoude in gedagte, word die volgende drie benaderings as moontlike verklarings van die invloed van televisie op persoonlikheidsdimensies, soos in hierdie ondersoek bevind, voorgestel:

1. Die Katarsis-terapeutiese verklaring

Die uitgangspunt van hierdie verklaring berus op die premisse dat die leerlinge wat televisie gekyk het, met sekere karakters in sekere televisieprogramme kon identifiseer, en daardeur 'n emosionele ontladingseffek ondergaan het. Met dieselfde argumente wat Feshbach en Singer (1971) aangevoer het, dat die geweldinhoud 'n katarsiseffek op hulle proefpersone gehad het, sou dit moontlik wees om die neiging na emosionele "losmaking" van die televisiekykers in hierdie ondersoek te verklaar. Veral by die HSPV waar daar 'n neiging na Lewenslustigheid en Hartlikheid (Faktore A en J) was. Die neiging na laer ergiese spanning by die meisies (Faktor Q₄) versterk hierdie vermoede. Die identifikasie met die verskillende helde in televisieprogramme dra by tot 'n veranderde siening van die self, en mag soos Noble (1975) beweër, meehelp tot die oplossing van 'n identiteitskrisis waardeur die leerlinge beweeg. Die herkenning van sosiaal-emosionele probleme in sekere televisieverhale word dan vir die adollesent terapeuties in die sin dat hy sekere aspekte van sy eie probleme daarin herken, en dit deurleef, maar ook omdat hy dit dan as 'n aanknopingspunt tot gesprekvoering met sy vriende/ouers mag gebruik.

2. Die Sosiale modelleringsverklaring

Die aanleer en beheersing van sosiale gebruike en tegnieke is vir die adollesent 'n weselike probleem. Tesame met bogenoemde identiteitskrisis, veroorsaak die onsekerheid van sosiale situasies en sosiale verhoudinge, (veral

heteroseksueel) dat uitbeeldings van sodanige situasies op televisie vir baie adolessente 'n model mag wees waarvolgens hulle hul eie gedrag op kan baseer: "It might be observed that there are plenty of instances in which the clothes and mannerisms of an admired media personality are adopted ... " (Howitt en Cumberbatch, 1976, in Brown, 1976, p. 171).

Sodanige nabootsing van sosiale gebruike mag daartoe gelei het dat die leerlinge wat ondersoek is, gemakliker met hulle maats gemeng en gesosialiseer het, soos die resultate van die HSPV aandui. Dit mag selfs ook gelei het tot die beter sosiale aanpassing waarop die hoër PHSF-tellings dui.

3. Die Sosialekohesieverklaring


By hierdie verklaring word van die aanname uitgegaan dat groter sosiale kontak tussen adolessente lei tot beter sosialisering, 'n neiging na ekstroverte interpersoonlike verhoudinge en 'n beter algemene aanpassing.

In stede van om aan te neem dat adolessente minder sosiaal word as gevolg van televisiekyk, dui die resultate van hierdie ondersoek daarop dat die proefpersone meer sosiaal geword het, moontlik omdat soos Von Feilitzen dit stel, ... "Television means topics of conversation and social commitment, that viewing signifies status and performance" (soos in Brown, 1976, p. 103). Hierdie gesamentlike onderwerpe waarvoor gesels kon word, kan as neweproduk die veranderings in die tellings op die meetinstrumente teweegbring het. Van eenrigtingkommunikasie, vanaf die televisiestel na die kyker, het dus tweerigtingkommunikasie ontstaan (tussen die kykers onderling). Dit, op sy beurt het weer 'n gespreksband teweegbring wat tot hegte sosiale kohesie gelei het. Wanneer die sosiale band tussen seëlversamelaars, duiweboere, rugbyspelers, ensovoorts in gedagte gehou word, is dit tog moontlik dat 'n gesamentlike onderwerp soos die vorige aand se televisieprogramme, 'n beter sosiale band tussen die televisiekykers kon teweegbring het. Die nuttheid van televisie in 1976 kon hierdie tendens versterk het.

Die sosialekohesieverklaring mag ook in die gemeenskap in die breë, by volwassenes sinvol wees, en daar kan gespekuleer word dat televisie mag lei tot groter mate van sosiale kohesie in die gemeenskap.

Skematies kan hierdie verklaring soos volg uiteengesit word:

FIGUUR 4.2



'n Verdere verklaring wat ten slotte in verband met die bevindinge van hierdie ondersoek gebring kan word, is dié van Noble (1975). Hierdie outeur maak van McLuhan (1964) se begrip "global village" gebruik en meen dat daar deur middel van televisie sekere elemente van die kleindorpse gemeenskap (village community) weer in die geïndustrialiseerde gemeenskap teruggebring word. "... the thesis presented here is that television, by exposing disparate individuals to the same familiar content, which is remarkably repetitive, does in part restore a village type of community" (p. 11).

Volgens Noble (1975) het die kleindorpse gemeenskap groot voordele vir die ontwikkelende kind ingehou, veral in terme van 'n wye spektrum van ervarings en belewinge. Daarenteen is daar aan die moderne industriële gemeenskap ten opsigte van sosiale organisasie, en ook ten opsigte van die gevolge vir die individu, 'n hele reeks nadele verbonde. In 'n vergelyking tussen die kleindorpse gemeenskap van twee eeue gelede, en die geïndustrialiseerde gemeenskap van vandag, noem Noble onder andere die volgende verskille:

<u>Kleindorp</u>	<u>Industriële stad</u>
- min spesialisasie	- baie spesialisasie
- elke man kunstenaar of vakman	- vak- en kunsvaardighede die voorreg van 'n paar mense
- feitlik geen privaatheid moontlik	- privaatheid hoog
- die totale sosiale organisasie sigbaar en kan geleer word	- die totale sosiale organisasie kan nie gesien of gou geleer word nie
- deel van 'n sigbare gemeenskap, interafhanklikheid duidelik waarneembaar	- interafhanklikheid nie duidelik waarneembaar nie
- kinders leer deur waar te neem en te doen. Ontwikkelingstadia afgebaken deur ritueel. Goed gedefinieerde wedersydse verhoudings	- die skool leer die kind vaardighede afgebaken deur abstrakte stadia, beloon deur opvoedkundige prestasies: Kinders leer grotendeels onderdanige rolle, en moet daarna skielik volwasse wees
- selfkonsep is vas en stabiel in verhouding tot dieselfde groep in dieselfde plek	- selfkonsep is nie vas en stabiel nie, omdat die kind lid is van verskeie groepe in verskillende plekke
- optimale gebruik van hulpbronne, wat die self insluit	- ver van optimale gebruik van hulpbronne - ook die self

(Vgl. Noble, 1975, p. 10 en 18)

Soos Von Feilitzen, meen Noble dat televisie 'n sosialiseringsfunksie het, en daardeur die voordele van die kleindorpse gemeenskap aan die kind oordra: "Just as the child in the village becomes familiar with the whole range of relationships

likely to be encountered in the outside world because they are represented in the extended kin, so too the child viewer becomes familiar with the range of relationships in the wider society by means of interaction with screen characters he has seen regularly, many of whom in these days of mobility are not likely to be represented in his extended kin grouping" (1975, p. 47).

Hierdie interaksie tussen die kind en die televisiegroep word parasosiale interaksie genoem omdat daar by baie televisieprogramme gesimuleerde persoonlike interaksie gebeeldsaai word, wat die illusie van persoonlike kontak daarstel. Die televisiepersoonlikhede en -karakters wat gereeld op televisie verskyn, omvat iets van 'n skerm-gemeenskap, wat in interaksie met die kykers staan "... much in the same way that in the village the individual interacted ... with the extended kin group" (Noble, 1975, p. 37).

Noble se verklarings vir die gewildheid van televisie as medium by kinders, mag selfs spekulatief op volwassenes toegepas word, veral in die lig van gewildheid van programme soos "Rich Man Poor Man" en "The Villagers" in die RSA! Alhoewel die gegewens en resultate van hierdie ondersoek nie sodanig veralgemeen kan word nie, is daar tog sekere elemente daarin wat Noble se argumente versterk.

Die idee van persoonlike interaksie tussen kyker en televisieprogram word reeds in 1956 deur Horton en Wohl daargestel (vgl. Noble, 1975, p. 36), maar elemente van sodanige interaksie is reeds in die veertigerjare deur die Herzog-studies van gewilde radioprogramme bevind (Herzog, 1942).

Tog is dit eers in die sewentigerjare dat televisie weer as sosialiseringsmedium "ontdek" is, veral deur Noble (1975) en Brown (1976) se publikasies.

Dit is dus betekenisvol dat hierdie ondersoek moontlik sommige van die vermoedens van bogenoemde ondersoekers bevestig.

4.5 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die ondersoek bespreek. Eerstens is enkele opmerkings oor die metodologiese probleme wat ondervind is, gemaak, en gewys op die rol wat afdaring by die uiteindelijke resultate gespeel het.

Die resultate is volgens die gegewens van die respondente op die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV) waar vyf faktore deur televisie beïnvloed is, en op die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF), waar vier komponente deur televisie beïnvloed is, bespreek. By die HSPV is bevind dat televisie blykbaar die leerlinge beïnvloed het om meer hartlik, bereid tot samewerking, maar aanpasbaar en lewenskragtig te wees. Verder het hulle meer

van groepaktiwiteite gehou, en was geneig om meer groepafhanklik te wees. Hierdie sosialiserende, emosioneel "losmakende" invloed van televisie het ook uit die resultate van die PHSF geblyk. Die komponente wat deur televisie beïnvloed is, het almal iets te doen met interpersoonlike verhoudinge, en die aanduidings is dat televisiekyk tot beter aanpassing gelei het. In vergelyking met die nie-televisiekyker het die televisiekyker na die instelling van televisie geneig om meer hartlik in sy interpersoonlike verhoudinge te wees, en 'n "warm" soort persoon te wees.

Ten einde die vraag waarom hierdie veranderinge by die groep standerd agt-leerlinge plaasgevind het, te probeer beantwoord, is enkele navorsers se bevindinge en teorieë aan die hand van die literatuur bespreek. Die behoeftestrukturele benadering; soos onder andere deur Von Feilitzen (1976) uiteengesit, waar televisie 'n sosialiseringsfunksie toegesê is, is bespreek. Ander moontlike benaderings is ook genoem.

Drie moontlike verklarings vir die resultate van hierdie studie is aangebied, naamlik die katarsis-terapeutiese verklaring, wat dui op spanningsverligting, die sosiale modelleringsverklaring, gegrond op die sosiale leerproses, en die sosialekohesieverklaring wat die resultate van hierdie ondersoek as 'n neweproduk van 'n unieke kommunikasieproses sien.

Laastens is die sosialiseringsteorie van Noble (1975) bespreek, wat meen dat televisie elemente van 'n kleindorpse gemeenskap in die geïndustrialiseerde samelewing inbring, en daardeur 'n positiewe uitwerking op kinders het. Die moontlike toepassing van hierdie interessante teorie op die resultate wat in hierdie ondersoek bevind is, is bespreek.

HOOFSTUK 5

IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

Die implikasies van die bevindinge van hierdie ondersoek word beperk deur die metodologiese opset daarvan. Omdat daar van afgepaarde groepe gebruik gemaak is, kan daar nie ten opsigte van die algemene bevolking veralgemeen word nie. Verder is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat die persoonlikheidsveranderinge slegs by Afrikaanssprekende stander agt-leerlinge bevind is, en dat dit moontlik is dat leerlinge in ander fases van ontwikkeling nie dieselfde persoonlikheidsveranderinge as gevolg van die blootstelling aan televisie mag toon nie. Dit mag ook wees dat Engelssprekende leerlinge nie op dieselfde wyse geraak word as die Afrikaanstaliges nie.

Bogenoemde voorbehoude doen egter nie afbreuk aan die betekenis van die bevindinge nie. Dit dui eerder daarop dat verdere navorsing om hierdie bevinding te verifieer, gedoen behoort te word.

Voordat aanbevelings wat uit hierdie studie voortvloei, gedoen word, sal die implikasies van die ondersoek onder die volgende hoofde kortliks bespreek word:

- Implikasies ten opsigte van televisienavorsing
- Implikasies vir die televisieregisseur en programbeplanner
- Algemene breë sosiale implikasies
- Implikasies vir persoonlikheidsteorie.

5.2 IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN TELEVISIENAVORSING

Soos in die vorige hoofstuk vermeld, dui die bevindinge van hierdie studie grotendeels in die rigting van die jongste sienings oor die funksie van televisie as massakommunikasiemedium. Daar word in die werke van Noble (1975) en Brown (1976) veral klem gelê op die sosialiseringfunksie van die medium en die dieperliggende redes waarom mense televisie kyk. Dit wil voorkom of die resultate van hierdie ondersoek empiriese aanduidings verskaf dat daar, deur die adolescent altans, gebruik gemaak word van televisie as 'n sosialiseringagent. Soos Schramm dit reeds in 1964 gestel het, was dit, en is dit nog steeds baie moeilik om duidelike antwoorde oor die invloed van televisie op die moeiliker meetbare aspekte van die kind, soos onder andere persoonlikheid, te vind.

Hierdie studie impliseer egter dat verdere navorsing oor die invloed van televisie met 'n redelike mate van sekerheid onderneem kan word om ook die middel- en lang-

termynneffek van televisie in terme van sosialisering te probeer bepaal.

In die breë sou die sielkundige invloed van massakommunikasiemedie soos die radio en die persweese ook bestudeer moet word om te probeer bepaal wat die funksie van elk van hierdie media in die lewe van die moderne mens is. Die kettingreaksie-verplasingeffek wat Brown, Cramond en Wilde (1974) voorstel, (vgl. Hoofstuk 1) mag deur sodanige ondersoek empiries bewys word.

Vir televisienavorsing in Suid-Afrika, waar die geleentheid benut is om oorsese metodologiese probleme te oorkom of minstens te verminder, sou dit belangrik wees om die dieperliggende of moeilik meetbare aspekte van die kind se persoonlikheid verder te ondersoek. Daar moet egter gemeld word dat alle metodologiese probleme (veral wat betref kontrolegroepe) nie uit die weg geruim is nie. Dit sal steeds moeiliker en moeiliker word om leerlinge te vind wat nie aan televisie blootgestel is nie, sodat die baie "suiwer" nie-televisiekykers wat in hierdie ondersoek gebruik is, vervang sal moet word deur leerlinge wat min televisie kyk, wanneer hulle met leerlinge wat baie televisie kyk, vergelyk gaan word. Aspekte wat ondersoek behoort te word, is die invloed van televisie op die belangstellingspatroon van leerlinge, op hulle behoeftestruktuur, en ook op hulle houdings en waardes.

5.3 IMPLIKASIES VIR DIE TELEVISIEREGISSEUR EN PROGRAMBEPLANNER

Vir die programbeplanner en regisseur sou die resultate van hierdie ondersoek, alhoewel dit slegs op 'n klein groepe standerd agt-leerlinge van toepassing is, tog 'n aanduiding gee van die belangrikheid en verantwoordelikheid van sy rol in die kommunikasieproses. As sender en formuleerder van die boodskap besluit hy wat die inhoud daarvan gaan wees. Noble (1975) se idee van die kleindorpse gemeenskap en die gepaardgaande voordele wat dit vir die kind mag hê, mag vir die regisseur 'n aanduiding gee van die soort programme wat aangebied kan word.

Indirek word die regisseur ook deur die bevindinge van hierdie ondersoek as opvoeder aangewys, wat 'n duidelik meetbare positiewe invloed op die kind kan hê.

5.4 ALGEMENE BREË SOSIALE IMPLIKASIES

Dit is uiteraard nie moontlik om direkte breë algemene sosiale implikasies slegs op grond van die bevindinge van hierdie ondersoek te doen nie. Nogtans kan aanduidings gegee word van die moontlike uitwerking wat televisie op die algemene breë samelewing mag hê. Die sosialekohesieverklaring (vgl. Hoofstuk 4) waar die sosialiseringseffek van televisie verklaar is in terme van 'n eenrigtingkommunikasie wat lei tot tweerigtingkommunikasie tussen mense, gee 'n aanduiding van sodanige moontlike invloed. Mense beweeg sosiaal nader aan mekaar omdat televisieprogramme 'n gesamentlike belangstellingsonderwerp daarstel waaroor gesels kan word.

Ook hier bied Noble (1975) se idee dat televisie elemente van die kleindorpse gemeenskap terugbring, 'n prikkelende en interessante siening van televisie se invloed op die breë samelewing. Daar mag selfs 'n breë positiewe geestesgesondheidsinvloed op die gemeenskap vanuit televisie uitgaan.

5.5 IMPLIKASIES VIR PERSOONLIKHEIDSTEORIE

Soos in hoofstuk 1 gestel, word in hierdie studie van Cattell se siening van persoonlikheid uitgegaan, naamlik: "Personality is that which permits a prediction of what a person will do in a given situation" (soos in Hall en Lindsey, 1970, p. 386).

Verder is dit duidelik gestel dat Cattell voorsiening maak vir veranderings in die omgewing wat moontlik 'n invloed op die persoonlikheidsstruktuur of struktuur van trekke mag hê, wat hy epogeniese gebeurtenisse noem.

Die uniekheid van die bevindinge van hierdie studie is dat, vir sover vasgestel kan word, dit die eerste keer is dat televisie moontlik as epogeniese faktor of gebeurtenis geïdentifiseer kon word. Soos in die vorige hoofstukke vermeld, is vyf van die faktore van die HSPV deur televisie geraak, naamlik Faktore A en J by die totale groep, seuns en meisies; Faktore Q₂ en Q₄ by die meisies, en Faktor F by die seuns. Dit is uit 'n teoretiese oogpunt veral interessant dat Faktor A: Teruggetrokke - Hartlik (Sizothymia - Affectothymia) geraak is, omdat buitelandse navorsing getoon het dat hierdie faktor 'n relatief hoë oorerwingskomponent besit (om en by 0,50) (vgl. Cattell, 1973, p. 158). Cattell stel dit dan ook so: "No statistically significant results have demonstrated that this factor is influenced by changes in one's life" (1973, p. 159).

Hieruit kan dus afgelei word dat dit wil voorkom of televisie wel Faktor A by Afrikaanssprekende standerd agt-leerlinge beïnvloed het. Die verandering wat wel plaasgevind het, dui daarop dat televisie 'n belangrike rol vervul in die natuurlike ontwikkeling van hierdie faktor, omdat dit die toename (dit wil sê hoër tellings) wat normaalweg voorkom, blykbaar versnel het (vgl. Cattell, 1973, p. 158).

Wat Faktor J: Lewenslustig - Versigtig Individualisties (Zeppia - Coasthenia) betref, is daar min aanduidings in die literatuur ten opsigte van die oorerwingskomponent van hierdie faktor, maar kan gemeld word dat hierdie faktor blykbaar 'n belangrike rol ten opsigte van sosialisering by die adolessent speel (vgl. Madge en Du Toit, 1975, p. 32; en Cattell, 1973, p. 178).

Omdat die ander faktore: F, Q₂ en Q₄ net by subgroepe en Faktore F en Q₂ net by Metode I betekenisvolle verskille getoon het, sou dit riskant wees om verdere spekulasies te waag. Betekenisvol is egter die bevinding dat faktore soos faktor C:

Deur gevoelens Beïnvloed - Emosioneel Stabiel (Egoswak - Egosterk); Faktor G: Opportuun - Pligsgetrou (Lae Superegosterkte - Hoë Superegosterkte) en Faktor Q₃: Onbeheersd - Beheersd (Lae Selfsentiment - integrasie - Sterk Selfsentiment) blykbaar nie deur televisie op die korttermyn geraak is nie. Dit dui daarop dat aspekte soos selfvertroue, die gewete, en die aanvaarding van etiese standaarde soos gemeet deur die HSPV nie deur televisie beïnvloed is nie.

Veranderings in die persoonlikheidsstruktuur is reeds duidelik in die literatuur aangetoon (vgl. onder andere Cattell en Dreger, 1977, p. 424). In hoofstuk 1 is hierdie veranderings ingedeel in veranderings wat teweeggebring is deur faktore binne die individu, (interne faktore) en faktore buite die individu (eksterne faktore). Een van die mees algemeen aanvaarde eksterne faktore vir die verandering in persoonlikheid is psigoterapie. Hierdie studie toon aan dat wat betref veranderings in die omgewing, televisie ook 'n faktor is wat sekere persoonlikheidsveranderings by adolessente teweeg mag bring.

5.6 AANBEVELINGS

Die resultate van hierdie ondersoek het betrekking op die korttermyn effek van televisie op enkele persoonlikheidsdimensies by 'n groep kinders. Die kumulatiewe en langtermyn effek van televisie is die belangrikste vraag wat steeds onbeantwoord bly. Dit is dus noodsaaklik dat verdere navorsing volgehou word om sodanige moontlike invloed te probeer vasstel.

Verifiëring van die resultate van hierdie ondersoek is 'n verdere belangrike stap in die wetenskaplike proses om die invloed van televisie op die persoonlikheid te probeer bepaal. Dit is veral belangrik dat ander taal- en ouderdomsgroepe ook ondersoek word sodat 'n moontlike patroon van beïnvloeding ontdek mag word.

5.7 SLOT

In hierdie hoofstuk is enkele implikasies en aanbevelings wat uit die studie voortvloei, bespreek. Met bogenoemde bevindinge, is die versoeking groot om sensasionele implikasies in die resultate te lees. Dit is doelbewus vermy, deels omdat die studie metodologiese beperkinge het, en deels omdat die resultate geverifieer moet word. Daar word egter gehoop dat dit 'n bydrae tot die ingewikkelde studieveld van die invloed van televisie op die kind lewer.

BIBLIOGRAFIE

- ALBERT, R.S. The role of the mass media and the effect of aggressive film content upon children's aggressive responses and identification choices. Genetic Psychology Monographs 55, 1957: 221-285.
- ALBERTS, N.F. Voorligtingsielkunde. Pretoria, J.C. van Schaik, 1974.
- ANASTASI, ANNE. Psychological Testing. (Second Edition). New York, Macmillan, 1961.
- ARNDT, W.B. Theories of Personality. New York, Collier-Macmillan, 1974.
- BANDURA, A. and HUSTON, A.C. Identification as a process of incidental learning. Journal of Abnormal and Social Psychology 63(2), 1961: 311-318.
- BANDURA, A., ROSS, D. and ROSS, S. Transmission of aggression through imitation of aggressive models. Journal of Abnormal and Social Psychology 63(3), 1961: 575-582.
- BANDURA, A., ROSS, D. and ROSS, S. Imitation of film-mediated aggressive models. Journal of Abnormal and Social Psychology 66(1), 1963: 3-11.
- BANDURA, A. and MISCHEL, W. Modification of self-imposed delay of reward through exposure to live and symbolic models. Journal of Personality and Social Psychology 2, 1965: 698-705.
- BATTIN, T.G. The use of the diary and survey method involving the questionnaire technique to determine the impact of television on school children in regard to viewing habits and formal and informal education. Ongepubliseerde Ph.D. verhandeling, Ann Arbor. Michigan University, 1952.
- BECKER, S. and WOLFE, G.J. Can adults predict children's interest in a televised programme? In: SCHRAMM, W. ed. The impact of educational television. Urbana, Ill., University of Illinois Press, 1960: 195-213.
- BELSON, W.A. The effects of television upon family life. Discovery. Vol. 21(10), 1960: 5p. (Research Techniques Division of London School of Economics and Political Science, Reprint, No. 127).
- BERKOWITZ, L. Violence in the mass media. In: PARIS-STANFORD STUDIES IN COMMUNICATION. Stanford, Calif., Institute for Communication Research, 1962: 16
- BERKOWITZ, L. and RAWLINGS, E. Effects of film violence on inhibitions against subsequent aggression. Journal of Abnormal and Social Psychology 66(3), 1963: 405-412.
- BEYERS, E. Kommunikasiesielkunde. SIRSA Sielkundebibliotekreeks nr. 12, Pretoria, J.L. van Schaik, 1969.
- BLIGNAUT, F.W. Kommunikasie: Sielkundige aspekte en oorwegings. In: SIMPOSIUM OOR KOMMUNIKASIE. Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Afdeling Opvoeding Buite Skoolverband, Pretoria, 1967.
- BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The uses of mass communications. Sage Annual Reviews of Communication Research, Vol. III, Beverley Hills, Sage Publications, 1974.
- BRAUN, G.M. The influence of television on children's personality. (Polh) ROCZNIKI FILOZOFICZNE 19(4), 1971: 195-205.
- BROWN, R. ed. Children and television. London, Collier-Macmillan, 1976.
- BROWN, J.R., CRAMOND, J.K. and WILDE, R.J. Displacement effects of television and the child's functional orientation to media. In: BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The Uses of Mass Communications. Beverley Hills, Sage, 1974.

- CAMPBELL, D.T. and STANLEY, J.C. Experimental and Quasi-experimental Designs for Research. Chicago, Rand McNally, 1963.
- CATTELL, R.B. Personality by mood and Questionnaire. New York, Jossey-Bass, 1973.
- CATTELL, R.B. Personality, a Systematic Theoretical and Factual Study. New York, McGraw-Hill, 1950.
- CATTELL, R.B. The scientific analysis of personality. Penguin Books. Bungay, Suffolk, The Chaucer Press Ltd., 1965.
- CATTELL, R.B. and DREGER, R.M. Handbook of Modern Personality Theory. New York, John Wiley and Sons, 1977.
- CLARK, W.J. Of children and television. Cincinnati, Ohio, Xavier University, 1951.
- CONRADIE, D.P. Basiese Navorsingsontwerpe vir die Sosiale Wetenskappe. (Mimeogr.) (s.j.)
- CUNNINGHAM and WALSH. Videotown, 1949-1957. New York, Cunningham and Walsh Publishers, 1958, p. 21. In: LIEBERT, R.M., NEALE, J.M. and DAVIDSON, E.S. The Early Window: Effects of Television on Children and Youth. New York, Pergamon, 1973.
- DU TOIT, J.M. Statistiese Metodes. (Derde druk). Stellenbosch, Kosmo, 1975.
- ERIKSON, E.H. Identity: Youth and crisis. New York, Norton, 1968.
- EYSENCK, H.J., et al. Encyclopedia of Psychology. London, Search Press, 1972.
- FAGER, J. and SMITH, R. New views on television. National Parent Teacher No 46, 1951: 39-40.
- FESHBACH, S. and SINGER, R.D. Television and aggression. San Francisco, Jossey-Bass, 1971.
- FINE, B.J. and MACCOBY, N. Television and family life; a survey of two New England Communities. Boston, Boston University School of Public Relations and Communications, 1952: 37.
- FOURIE, H.P. RoIprentkommunikasie. SIRSA Sielkundebiblioteekreeks nr. 8, Pretoria, J.L. van Schaik, 1968.
- FREEDMAN, L.Z. Daydream in a vacuum tube. In: SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. Television in the lives of our children. Stanford, Stanford University Press, 1961.
- FOUCHÉ, F.A. en GROBBELAAR, P.E. Handleiding vir die PHSF-Verhoudingevraelys. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.
- FROMM, E. The sane society. New York, Rinehart, 1955.
- FURU, T. Television and children's life: a before-after study. Tokyo, Japan Broadcasting Corporation, Radio and Television Culture Research Institute, 1962.
- FURU, T. The function of television for children and adolescents. Tokyo, Sophia University Press, 1971.
- GINZBERG, E., GINSBURG, S.W., AXELRAD, S. and HERMA, J.C. Occupational choice: An approach to a general theory. New York, Columbo University Press, 1951.
- GRATIOT-ALPHANDÉRY, HÈLÈNE. L'enfant et la télévision (The child and television). L'école des parents No. 4, 1956: 14-27.
- GRATIOT-ALPHANDÉRY, HÈLÈNE and ROUSSELET, J. La Télévision et la famille (Television and the family). L'école des parents No. 3, 1961: 24-37.

- GREENBERG, B.S. Gratifications of Television Viewing and their Correlates for British Children. In: BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The Uses of Mass Communications: Current Perspectives on Gratifications Research. Beverley Hills, Sage, 1974.
- GREENSTEIN, J. Effects of television upon elementary school grades. Journal of Educational Research 48, 1954: 161-176.
- HAKUHODO ADVERTISING COMPANY. Research Division. Television-effect on children. Tokyo, 1956.
- HALL, C.S. and LINDSEY, G. Theories of Personality. New York, John Wiley, 1970.
- HALPERN, W.I. Turned-on toddlers. Journal of Communication 25(4), Autumn 1975: 66-70.
- HARPER, D., MUNRO, J. and HIMMELWEIT, H.T. Social and personality factors associated with children's tastes in television viewing. London, Social Psychology Department, London School of Economics, 1966.
- HARRISON, R. and EKMAN, P. Television's last frontier: South Africa. Journal of Communication. Winter 1976: 102-109.
- HERZOG, H. Professor Quiz: a gratification study. In: LAZARSFELD, P.F. and STANTON, F.N. eds. Radio Research 1941. New York, Duell, Sloan and Pearce, 1942.
- HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. Television and the child; an empirical study of the effects of television on the young. In collaboration with D. Blumenthal and others. London, Oxford University Press, 1958.
- HORNEY, KAREN. Self-analysis. New York, Norton, 1942.
- HURLOCK, E.B. Personality development. New York, McGraw-Hill, 1974.
- INSTITUUT VOOR MASSACOMMUNICATIE VAN DE NIJMEEGSE UNIVERSITEIT, Televisie en kinderen. Amsterdam, Instituut Film en Jeugd, Stichting voor Film en Televisie in verband met de Jeugd, 1966.
- JANIS, I.L., MAHL, G.F., KAGAN, J. and HOLT, R.R. Personality: Dynamics, Development and Assessment. New York, Harcourt, Brace and World, 1969.
- KLINE, F.G., MILLER, P.V. and MORRISON, A.J. Adolescents and family planning information: an exploration of audience needs and media effects. In: BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The Uses of Mass Communications: Current Perspectives on Gratifications Research. Beverley Hills, Sage, 1974.
- LAZARSFELD, P.F. Why is so little known about the effects of television on children and what can be done? Testimony before the Kefauver Committee on Juvenile Delinquency. Public Opinion Quarterly Vol. 19(3), 1955: 243-251.
- LAZARSFELD, P.F. and STANTON, F.N. eds. Communications Research 1948-1949. New York, Harper, 1949.
- LAZARSFELD, P.F. and STANTON, F.N. Radio Research 1942-1943. Toronto, Collins, 1944.
- LAZARSFELD, P.F. and STANTON, F.N. Radio Research. New York, Duell, Sloan and Pearce, 1942.
- LEWIS, P. Television and teenagers. Educational Screen No 28, 1949: 159-161.
- LIEBERT, R.M., NEALE, J.M. and DAVIDSON, E.S. The early window: effects of television on children and youth. New York, Pergamon Press Inc., 1973.
- LYLE, J. Television in daily life: Patterns of use overview. In: RUBINSTEIN, E.A., COMSTOCK, G.A. and MURRAY, J.P. eds. Television and Social Behavior Vol. IV; Television in Day-to-Day life: Patterns of Use. U.S. Department of Health Education, and Welfare Health Services and Mental Health Administration, 1972.

- MAAS, F. Die Persoonlikheidsteorie van Cattell. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975.
- MACCOBY, E. Television, it's impact on schoolchildren. Public Opinion Quarterly 15, 1951: 421-444.
- MACCOBY, E. Why do children watch television? Public Opinion Quarterly 18(3), 1954: 239-242.
- MADGE, ELIZABETH, M. en DU TOIT, L.B.H. Handleiding vir die JR-SR Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (Hersiëne uitgawe). Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974.
- MADGE, ELIZABETH, M. en DU TOIT, L.B.H. 'n Samevatting van die bestaande kennis in verband met die primêre persoonlikheidsfaktore wat deur die persoonlikheidsvraelys vir kinders (PVK), die Hoërskool-persoonlikheidsvraelys (HSPV) en die Sestien-persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) gemeet word. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975.
- MADGE, ELIZABETH, M. 'n Onderzoek na die konstantheid van tweede-orde persoonlikheidsfaktore in verskillende kulture. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1972.
- MALETZKE, G. Fernsehen im Leben der Jugend (Television in the life of youth). Hamburg, Hans Bredow Institute, 1959.
- MARKOWSKI, D. La télévision dans la campagne silésienne (Television in the Silesian countryside). Wies Ws polzesna 5, 1960: 151-155.
- MASLOW, A.H. Motivation and personality. New York, Harper, 1954.
- McDOUGALL, W. Introduction to social psychology. London, Methuen, 1908.
- McGUIRE, W.J. Psychological motives and communication gratification. In: BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The uses of mass communications: Current perspectives on gratifications research. Beverley Hills, Sage, 1974.
- McLEOD, J.M. and BECKER, L.B. Testing the validity of gratification measures through political effects analysis. In: BLUMLER, J.G. and KATZ, E. eds. The uses of mass communications: current perspectives on gratifications research. Beverley Hills, Sage, 1974.
- MEHLING, R. Television's value to the American family member. Journal of Broadcasting IV(4), 1960: 307-313.
- McQUAIL, D. Alternative models of television influence. In: BROWN, R. ed. Children and television. London, Collier-Macmillan, 1976.
- MORISSETT, L.N. The need for research priorities. In: TELEVISION AND CHILDREN: PRIORITIES FOR RESEARCH. Report of a conference at Reston. Virginia, November 5-7, 1975.
- NOBLE, G. Children in front of the small screen. London, Constable, 1975.
- PANSKI, J. Les enfants devant les téléviseurs - essai de reconnaissance (Children in front of the television set - a tentative exploration). Polityka 4, 1960: 5.
- PARKER, EVERETT. Parents, children and television. New York, National Council of Churches, 1954.
- RHOODIE, N.J. Die sosiologie van kommunikasie. In: SIMPOSIUM OOR KOMMUNIKASIE. Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Afdeling Opvoeding Buite Skoolverband, 1967.
- RILEY, J.W., CANTWELL, F.V. and RUTTIGER, K.F. Some observations on the school effects of television. Public Opinion Quarterly 13(2), 1949: 223-234.

- ROBINSON, J.P. Television and leisure time: yesterday, today, and (maybe) tomorrow. Public Opinion Quarterly 33(2), September 1969: 211.
- ROOS, W.L. Projek talentopname: Navorsingsbevindinge - 1973 (verslagnr. MT 20). Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974.
- SARASON, I. Personality: An objective approach. New York, John Wiley, 1966.
- SCHRAMM, W. The effects of television on children and adolescents. An annotated bibliography with an introductory overview of research results. The International Association for Mass Communication Research, Amsterdam, Unesco, Paris, 1964.
- SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. Television in the lives of our children. Stanford, Stanford University Press, 1961.
- SCHRAMM, W. The process and effects of mass communication (sesde druk). Urbana, University of Illinois Press, 1965.
- SILVEY, R. Viewers, viewing and leisure. British Broadcasting Corporation Quarterly 7, 1952: 31-40.
- SNYMAN, N. Die verband tussen persoonlikheidsbehoefte en die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia (verslagnr. KOMM 8). Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1976.
- STRYDOM, H.G. Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.
- STÜCKRATH, F. Das fernsehen als factor der kindheit. Film, Bild, Ton. 1961.
- SUCHMANN, E. An invitation to music. In: LAZARSELD, P.F. and STANTON, F.N. eds. Radio Research. New York, Duell, Sloan and Pearce, 1942.
- SULLIVAN, H.S. Tensions interpersonal and international: a psychiatrist's view. In: CONTRIL, H. ed. Tensions that cause war. Urbana, University of Illinois Press, 1950: 79-138.
- SUPER, D.E. Self-concept in vocational development. In: SUPER, D.E., et al. Career development self-concept theory. New York, C.E.E.B. Research Monograph 4, 1963.
- TRAXLER, A.E. and NORTH, R.D. Techniques of guidance (third edition). New York, Harper and Row, 1966.
- UKAWA, K. Effects of television on leisure time activities and school records of children. Study Report of Humanities Department of Kagawa University 1, 1960: 13.
- VAN ZYL, P.C. Die korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van standerd agt-seuns en -meisies. (Navorsingsbevindingnr. KOMM-N-18). Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1978.
- VON FEILITZEN, CECILIA. The functions served by the media. In: BROWN, R. ed. Children and television. London, Collier-Macmillan, 1976.
- WERNER, ANITA. Children and the television in Norway. Gazette 17(3), 1971: 133-151.
- WITTY, P. Televiewing by children and youth. Elementary English 38, 1961: 2.
- WOLFE, K.M. and FISKE, M. Why children read comics. In: LAZARSELD, P.F. and STANTON, P.N. eds. Communications research. New York, Harper, 1949.

RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JANUARIE 1978
HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JANUARY 1978

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteekdienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS/HISTORY

Genealogiepublikasies/Genealogy publications

HILLER, V.W. The descendants of Richard and Mariá Peacock 1820 Settlers. Genealogy publication No. 2. 1974. R3,15

VAN DYK, J.H. Geslagsregister van die broers Joost en Burgert van Dyk. Genealogie= publikasie nr. 3. 1975. R6,55

CHURCHOUSE, G. The reverend Francis McClelland, Colonial Chaplain to Port Elizabeth 1825 - 1853. A family history. Genealogy publication No. 4. 1976. R6,65

DE VILLIERS, C.G.S. Geslagsregister van die familie Swart in Suid-Afrika. Genealogie= publikasie nr. 5. 1977. R14,35

LOMBARD, R.T.J. Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika. Genealogie= publikasie nr. 6. 1977. R4,50

LOMBARD, R.T.J. Handbook for Genealogical research in South Africa. Genealogy publication No. 6. 1977. R4,50

KOTZÉ, H.P. Geslagsregister van Theunis Johannes Kotzee en Maria Gloudina Louw. Genealogiepublikasie nr. 7. 1978. R7,20

VAN DER BIJL, JOHANNES. Die familie Roux. Genealogiepublikasie nr. 8. 1978. R11,15

VILJOEN, H.C. Die Viljoen-familieregister. Genealogiepublikasie nr. 9. 1978. R13,85

SELLICK, N.P. John Parkin of Baakens River farm and his family 1820 - 1970. Genealogy publication No. 10. 1978. R5,90

RAUBENHEIMER, D. Familie Raubenheimer. Genealogiepublikasie nr. 11. 1978. R7,30

Bronnepublikasies/Source publications

OBERHOLSTER, A.G. (red.), Dagboek van H.C. Bredell 1900 - 1904. Bronnepublikasie nr. 1. 1972. R3,20

BRITS, J.P. (ed.), Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900 - 1902. Source publication No. 2. 1974. R5,30

FERREIRA, O.J.O. (red.), Geschiedenis, Werken en Streven van S.P.E. Trichard, Luitenant Kolonel der Vroegere Staats-Artillerie ZAR door hemzelve beschreven. Bronnepublikasie nr. 3. 1975. R7,60

ELOFF, C.C. (red.), Oorlogsdagboek van H.S. Oosterhagen Januarie - Junie 1902. Bronne= publikasie nr. 4. 1976. R3,35

VAN RENSBURG, T. (red.), Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899 - 1902. Bronnepublikasie nr. 5. 1978. R8,00

FERREIRA, O.J.O. (red.), Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899 - 1902. Bronnepublikasie nr. 6. 1978. R8,00

OBERHOLSTER, A.G. (red.), Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899 - 1902. Bronne= publikasie nr. 7. 1978. R10,00

INLIGTING/INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. 1978. R6,75

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Journal for research in the human sciences. 1978. R6,75

HUMANITAS - Vol. 4 No. 3 Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. 1978. R5,15
HUMANITAS - Vol. 4 No. 3 Journal for research in the human sciences. 1978. R5,15
HUMANITAS - Vol. 4 No. 4 Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. 1978. R5,50
HUMANITAS - Vol. 4 No. 4 Journal for research in the human sciences. 1978. R5,50
JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.

ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis.

IN-31 COETZEE, C.J.S. en GEGGUS, CAROLINE. Opleiding en beroepsgeleentheid vir skoolverlaters voor standerd tien. RGN-Voorligtingsreeks VR-3. 1978. R1,65

IN-31 COETZEE, C.J.S. en GEGGUS, CAROLINE. Training and career opportunities for school-leavers before Standard ten. HSRC Guidance Series GS-3. 1978. R1,65

IN-32 COETZEE, C.J.S. The education of Whites in the Republic of South Africa. 1978. R1,60

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-14 DU PREEZ, P.H. 'n Ondersoek na tydbenuttings- en agtergrondfaktore wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standerd agt-leerlinge: 'n Voor-televisie-opname. 1978. R2,30

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-71 URTEL, HELGA. Potensiaal vir natuurwetenskaplike opleiding by standerd tien-meisies en faktore wat hul beroepskeuses beïnvloed. 1978. R1,95

MM-72 SMIT, P.C. Occupational Information. HSRC Guidance Series GS-6. 1978. R1,00

MM-72 SMIT, P.C. Beroepsinligting. RGN-Voorligtingsreeks VR-6. 1978. R1,00

MM-73 VERMAAK, J.A. en TERBLANCHE, S.S. Die vraag na en aanbod van Mannekrag in die RSA in 1981: Deel II. Raming van die grootte van die ekonomies bedrywige bevolking in die RSA volgens ouderdom, geslag en volksgroep en 'n vergelyking tussen die vraag na en aanbod van die arbeidsmag op 'n onderwyspeilgrondslag in 1981. 1978. R2,80

TALENTOPNAME/TALENT SURVEY

MT-41 SCHOEMAN, W.J. Die voorspelling van skolastiese sukses. 1978. R4,40

MT-42 BESTER, C.L. Persoonlikheidsvergelykende studie van voorstanders en teenstanders van lyfstraf. 1978. R1,30

MT-43 VAN DER MERWE, N.J. Kleuterskoolonderwys, skolastiese vordering en persoonlikheid. 1978. R2,20

MT-45 ROOS, W.L. Projek Talentopname: Bevindinge van navorsing wat gedurende 1977 afgehandel is. 1978. R0,60

MT-45 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Findings of research completed during 1977. 1978. R0,60

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.

RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Verskyn twee keer per jaar.

RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-indeks van Navorsingsbulletins. Volume 7, 1977. 1978

Kwic Index of Research Bulletins. Volume 7, 1977. 1978

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-32 HATTINGH, D.L. Plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel. 1978. R2,70

O-32 HATTINGH, D.L. The place of the parent community in the education system. 1978. R2,70

- 0-65 SPIES, P.G. VAN Z. Professional control over the teaching profession in the RSA. 1978. R0,95
- 0-68 FOURIE, W.N. Reading assistance: Various methods of approach. 1978. R1,60
- 0-69 HAASBROEK, J.B. Leerteorieë. Deel 7: Leerteorieë vanaf die klassieke filosofie tot die veldteorie van Kurt Lewin. 1978. R5,20
- 0-71 VAN DEN BERG, D.J. Navorsingstendense met betrekking tot die onderrig van Wiskunde in enkele Westerse lande. 1977. R1,00
- 0-75 VAN DEN BERG, D.J. A pedagogical study of the Black man's mathematical ability. 1978. R1,70
- 0-76 LIEBENBERG, C.R. Die implementering van televisie by onderwysersopleiding in die RSA. 1978. R2,05
- 0-76 LIEBENBERG, C.R. The implementation of television in teacher training in the RSA. 1978. R2,10
- 0-79 CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in Frankryk. 1978. R1,40
- 0-86 NEL, A. Leerteorieë. Deel 3. Antropologies-psigologies meer verantwoorde leerteorieë van die twintigste eeu. 1978. R2,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

- P-18 KRITZINGER, L.J.R. Report on the scholastic achievement test for English second language Standard I. 1978. R4,75
- P-20 MARITZ, J.D.G. Tegniëse verslag oor die gestandaardiseerde skolastiese prestasietoetse in Afrikaans tweede taal vir standerds 5,6 en 7. 1978. R3,95
- P-21 OWEN, K. Opstelling en standaardisering van die Senior Akademies Tegniëse Aanlegtoets (SATA) vir Kleurlinge. 1978. R7,45
- P-22 CHAMBERLAIN, J.C. The standardization of the general tests of language and arithmetic for students (GTLAS). 1978. R9,90
- P-23 ERASMUS, P.F. and MINNAAR, G.G. The discriminative ability of the TAT-Z with regard to hospitalised and non-hospitalised groups of Black men. 1978. R2,85
- P-24 LAUBSCHER, D.B. en WOLFAARDT, J.B. Opstelling en standaardisering van die Hoërskoolbelangstellingsvraelys vir Kleurlingskoliere. 1978. R6,70

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE/SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY

- S-51 VAN DER BURGH, C. Smoking and drinking patterns of Whites: 1975. 1978. R1,30
- S-53 GROENEWALD, H.J. Fertility and family planning in Atteridgeville: Data for 1969, 1974 and 1975. 1978. R1,15
- S-54 LÖTTER, J.M. Certain aspects of human fertility in rural Bophuthatswana. 1978. R0,95
- S-57 GROENEWALD, H.J. Fertility and family planning in Chatsworth - Data for 1969, 1974, 1975 and 1977. 1978. R1,65
- S-58 KIES, C.W. Leefbaarheidsaspekte van vier dorpe in KwaZulu. 1978. R2,80

STATISTIEK/STATISTICS

- WS-22 VAN RENSBURG, L.S.J. Onderwystendense: Statistiek sedert 1910. A3 Indiër= studente aan universiteite. 1978. R2,80

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

- TLK/L-8 HAUPTFLEISCH, T. Language loyalty in South Africa. Volume 2: Using and improving usage in the second language - some opinions of White adults in urban areas. 1978. R3,65
- JOUBERT, ESTER. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde. Nuwe reeks, deel 6, 1975. 1978. R3,75

RGN
BIBLIOTEK

HSRC
LIBRARY

THERON, JEANNE. Bronnegids vir Kuns en Argitektuur. 1978. R11,95

SANDROCK, UNITIA. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde.
Nuwe reeks, deel 5, 1974. 1978. R3,30

Algemene verkoopsbelasting is nie ingesluit nie.
General saletax is not included.

Doc no 55991
Copy no 56005